

voet hoog is, en daardie groot, sterk koedoe met sy pragtige gedraaide horings!”

„En daar is weer ’n dier, wat uitgesterwe is,” sê meneer Potgieter, en hy wys na die groot renoster, waar ’n bordjie by staan met die naam „Wit Renoster” daarop. „Hulle is in die laaste jare heeltemal uitgeroei. Nie so lank gelede nie was daar nog so baie in ons land, dat ’n jagter op één skiettog taggentig van hulle doodgemaak het.”

„Maar hoekom noem hulle hom dan *wit* renoster?” vra Japie. „Daar is nie ’n wit plekkie aan hom te sien nie.”

„Ja, dit weet ek ook nie,” sê sy vader. „Hy is net so donker op sy vel soos sy stamgenoot, wat *swart* renoster genoem word. Hulle het gewoonlik naby ’n rivier gebly, en daar in die modder gevroetel. Miskien het die vroeër jagters hom vir die eerste keer gesien, toe daar vaal modder op sy vel vasgedroog was, wat hom ’n ligte kleur gegee het.”

„Watter verskil is daar dan eintlik tussen wit en swart renosters?” wil Willem graag weet.

„O, dit kan ek jou sê,” antwoord sy vader. „Die wit renoster is baie groter as sy swart neef; sy voorste neushoring is ook baie langer, en word somtyds meer as vyf voet lank. Kafferkapteins hou alte baie van knopkieries, wat van so ’n horing gemaak is. Die swart renoster leef van blare en bossies; sy bolip het ’n spits punt vooraan, waarmee hy maklik sy kos kan vat en afruk. Die wit renoster, wat vernaamlik van gras leef, het nie so ’n grypwerktuig nodig nie. Aan sy bolip sit dus ook nie so ’n punt nie.”



Nes van die Helpmekaar Wewervoëls.

„O, kom tog gou hier!” roep Lettie meteens. Sy het vooruit geloop na die kamer, waar die opgestopte voëls is. „Kom kyk hierdie verskriklike groot nes. Dit lyk amper soos ’n kafferse strooihuis.”

„Ja, dit is die werk van die Helpmekaar Wewervoël,” vertel haar vader. „Ek weet nie, of hulle dit net uit geselligheid doen om hul nes so saam te bou nie; ek dink hulle doen dit ook om hulself beter te kan beskerm teen allerhande soorte van vyande. Soos jy op die portret sien, wat hier by die nes staan, is dit maar net ’n stuk van die nes. Die oorspronklike kolonie was baie groter. Dit gebeur somtyds, dat ander voëls, wat te lui is om self ’n nes te bou, somar by die

wewervoëls wil kom inwoon; dan vind daar kwaai vegpartye plaas met die indringers. Een van die astrantste van hul onwelkom gaste is 'n klein bont pappegaaaitjie. Hy sit maar altyd en loer, tot hy 'n kans kry om hom daar in te dring, as die wewervoëls nie tuis is nie. Kom die wettige eenaars terug, dan vind hulle dat hul lekker, warm woning deur 'n vreemdeling ingeneem is, wat ook nie weer maklik die lekker plekkie wil opgee nie.

Die langbeenvoël daar anderkant moet julle ook goed bekyk. Hier in Suid-Afrika word hy „skoorsteenveër” genoem, maar sy geleerde naam is Ibis, en omdat die Egiptenare so mal was om hom te aanbid, word hy ook die „Heilige Ibis” genoem.”

„Hy sien daar allesbehalwe heilig uit,” sê Annie.

„Nee, en hy is ook glad nie so vroom nie. As die ibisse kleintjies het, dan moet die groot voëls altyd by die nes bly, om hulle op te pas, anders kom daar netnou een van die „heilige broeders” om hulle op te eet. Maar kom, dit word laat en ons moet nog buite in die tuin ook gaan kyk.”

Net toe hulle by die Museum se deur uitgaan, kom Jan en Fanie daar aangestap. „Wel, hoe het dit afgeloop?” vra Willem, wat sy ongeduld nie meer kon bedwing nie.

„Dis alles reg,” antwoord Jan, ewe vrolik. „Ons moes darem taamlik baie rondloop,” val Fanie hom in die rede, „eers na die kantoor van die stoombootmaatskappy, toe na die spoorwegkantoor, daarna weer terug na die stoombootkantoor, — maar nou is

alles agtermekaar. Ons kan Maandag ons kaartjies kry vir die reis met die Balmoral Castle."

„Nou ja, ek wens julle geluk," sê meneer Potgieter. „Kom, ons gaan nou verlaas nog 'n keer saam eet. Japie het seker al tienmaal gekla, dat hy so honger het."

„Het julle al die walvisse gesien?" vra Fanie. „Nee? Dan moet ek julle eers daarheen bring. Kyk, daar in die gebou hieragter is hulle geraamtes."

Daar was nie minder as drie skelette van die ou seereuse nie, en een van hulle is goed 72 voet lank.

„Daar word elke jaar baie walvisse gevang aan ons suidkus," sê Fanie. „So 'n diertjie lewer gewoonlik balein en walvis-olie op ter waarde van £500 tot £700. Somtyds kom hulle in Junie- en Juliemaand in Tafelbaai en Valsbaai om te kalwe."

„Om te kalwe!" roep die kinders uit. „Nee, Fanie, nou het jy jou darem verspreek."

„Glad nie," en Fanie begin te lag, „'n klein walvissie word 'n kalf genoem. Julle het tog seker in die skool geleer, dat 'n walvis 'n soogdier is, en dus nie eiers lê soos ander visse nie, maar lewendige kleintjies kry.

Maar kom, nou moet ons regtig eers gaan eet, want dit lyk vir my Japie kan dit nou nie meer hou nie."


30. Die Mailboot. I.

Japie het sy bes gedoen aan tafel, en die ander kinders het hulle ook verlustig aan die gebakte vis en ertappels.

„As ons nou eers 'n rytuig kry, om julle goed na die stasie toe te neem, dan sal ons vandag nog net mooi kans hê om die mailboot na Engeland te sien vertrek,” sê Fanie.

Hulle het besluit om dit te doen, en teen drie-uur het die geselskap die Dokweg afgestap om 'n kwartier later by die plek te kom, waar die mailboot vas lê.

Die kinders kon nie help om almal uit te roep nie:



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.

Die mailboot in die hawe.

„Watter reusagtige skip!” toe hulle dit vir die eerste maal sien.

„Daar kan seker 200 mense op gaan,” sê Lettie. Maar haar vader het hulle vertel, dat so ’n skip somtyds duisend passasiers opneem.

Groot stoommasjiene, wat krane genoem word, was hard besig om koffers, kiste met vrugte, bale wol en honderd ander dinge onder in die ruim van die skip te laai. Dit was ’n aardigheid om te sien, hoe handig die werksmense die dinge met toue of met sterk kettings vasmaak, en hulle dan aan die afhangende kabel vashaak. Dan trek die masjien die vrag op; die groot ysterarm of kraan, waar die kabel aan hang, swaai om tot bokant die skip, en daar daal die vrag goed vinnig af tot onder in die ruim.

„Maar hoekom noem hulle die skip dan ’n meelboot?” vra Japie, „daar kom tog nie net meel in nie.”

„Nee,” sê Jan, „die woord ‚mail’ is ’n Engelse woord, wat ‚pos’ beteken. Miskien sal ons netnou sien, hoe hulle die sakke met briewe aan boord bring. Somtyds word daar honderde sakke vol briewe en koerante, wat na Europa moet gaan, op so’n posboot gelaai.”

„En wie betaal daarvoor?” vra Lettie.

„Die regering,” antwoord haar vader. „Elke jaar betaal die regering ’n groot som geld aan die stoombootmaatskappy om die pos te vervoer. Maar dan moet die maatskappy hom ook onder kontrak verbind om die reis binne ’n bepaalde tyd te voltooi. Teenswoordig duur die reis van Kaapstad na Southampton met so ’n posboot maar 17 of 18 dae. Dit is ’n hele entjie gouer as in Van Riebeeck se tyd. Toe het dit

hulle nie minder as 104 dae gevat nie, en dan het hulle dit nog 'n voorspoedige reis genoem."

„Ek sal 'n bietjie gaan vra, of ons die boot mag bekyk," sê Fanie, en hy loop gou oor die loopplank, wat 'n brug vorm van die wal af na die dek, en gaan praat met 'n man in uniform, wat op die dek heen en weer stap.

„Kom maar op," roep hy vir hulle.

Die offisier wink vir 'n jong bediende met 'n wit haadjie, wat by die verskansing staan, en sê vir hom om die besoekers rond te lei.

„Kom maar saam, Meneer," sê hy vir meneer Potgieter, „ek sal maar begin met julle na die eerste klas toe te neem; dit is natuurlik die mooiste. Die jongmense sal seker die meeste daarvan hou. Hier is die roókkamer."

„O, watter 'n gesellige groot kamer," sê Mevrouw, „en watter heerlike, sagte stoele! Ai, man, as jy nou sulkes in jou werkkamer kon hê!"

„Nee, dit sou nie deug vir 'n skoolmeester nie," lag Meneer, „want dan sit ek heeldag in die lekker stoele, en sal daar niks van my werk kom nie. Sulke stoele is maar beter vir mense, wat op 'n vakansiereis uit is."

Mooi klein tafeltjies, met asbakkies daarop, staan orals rond in die kamer, en teen die muur hang pragtige skilderye van seegesigte en landskappe.

„Nou gaan ons bietjie sien, hoe die eetkamer lyk," sê die gids, en hy gaan hulle voor, 'n breë trap af, wat met 'n sagte tapyt bedek is, en wat hulle in die eetsalon bring.

„'n Mens kan amper nie glo, dat jy hier op 'n skip is nie,” sê Annie. „Hoe ruim is dit hier! Die lang rye gedekte tafels laat 'n mens somar lus kry om daarby te gaan sit en eet. En kyk 'n bietjie al die potte met blomme en die pragtige plante. Dit lyk hier net soos in 'n groot hotel. Ek voel somar jaloers op jou, Willie, dat jy 'n seereis gaan maak.”

„Ja,” sê meneer Potgieter, „'n seereis is teenswoordig seker baie plesieriger as vroeër. Toe het iemand eendag gesê, dat 'n skip erger is as 'n gevangenis. As hy hierdie skip kon sien, sou hy sy opinie seker verander.”

„Die tafels staan nou net gedek vir die middagete,” sê die bediende. „Kyk, hier is die spyskaart al.”

Ewe nuuskierig kyk Jan die kaartjie deur en lees hardop: „Sop, gebakte salm, gebraaide patryse, vark-karmenaadjie, frikkedel, groenboontjies, blomkool,” en so voorts tot hy by die end kom, — aarbeipoeding, vrugte, koffie of tee, — seker twintig verskillende dinge.

„Maar man,” sê hy, „'n mens kan dit mos nooit alles opeet nie! En waar kry julle al die kos vandaan? O, wag, nou weet ek! As 'n skip eers op die see is, dan is al die soorte lekker kos op 'n end, nè? Dan het julle seker maar net soutvleis en ingelegde groente. Dit is nou julle afskeidsmaal hierdie.”

„Nee, dit het jy heeltemal mis,” sê die bediende laggend, „ons tafels is maar elke dag so goed voorsien. As ons netnou weer op die dek kom, dan moet jy maar kyk, hoeveel kos daar opgelaaai word. Die vis, vleis, hoenders, groente en ander goed, wat kan bederwe, kom in die yskamers, en bly daar die hele

reis net so vars en smaaklik as 'n mens kan verlang. In ons bakkerij word elke dag twee keer vars brood gebak, en ons het selfs koeie aan boord, om elke dag vars melk te verskaf!"

Jan het niks gesê nie, en die ander kinders was ook 'n bietjie stil. Jan het glo probeer om uit te reken, hoeveel daar van alles nodig was om elke dag vir duisend mense genoeg kos en drinkgoed te verskaf.

Jaap het onder die wyl op een van die stoele gaan sit.

„Kyk, hoe snaaks,” sê hy, „die stoele is almal vas aan die vloer. Dit is ook almal draaistoele,” en hy draai meteens met sy stoel en al in die rondte.

„Ja, dit moet so wees,” sê hul gids. „As die stoele nie vasgeskroef was nie, sou hulle by stormweer almal omslaan, en die mense op die grond laat rol. Partykeer is dit nodig om opstaande rande rondom die tafels te hê, sodat die borde en skottels nie kan afgly nie. Kom, laat ons nou verder gaan.”

Hy het sy gaste na die musieksalon toe geneem, waar 'n pragtige vleuelpiano en 'n groot orrel staan. „Sondags word hier kerk gehou,” sê hy. „Daar is byna altyd 'n predikant aan boord, anders moet die kaptein die diens hou. Hier word ook somtyds konserte en danspartye gegee. Dit is jammer, dat julle die kamer nie in die aand kan sien nie, dan word dit met elektrisiteit verlig, en lyk dit nog mooier. Wil julle die kajuite ook sien?”

„Kajuite?” vra Annie. „Wat is dit?”

„Dit is die slaapkamertjies vir die passasiers,” sê Moeder.

„Kyk, hier is een,” sê die bediende, en hy maak een van die deure in die lang gang oop. „Pas op vir die drumpel.” Maar sy waarskuwing het te laat gekom. In die haastigheid het Jaap vooruit geloop en oor die opstaande drumpel gestruik, en daar lê hy op die vloer so lank as wat hy is! Maar gelukkig het hy nie seergekry nie.

„Vir wat moet hulle ook sulke hoë drumpels maak?” vra hy net kwaad.

„Al die deure is hier so gemaak,” vertel die bediende, „sodat hulle waterdig kan afgesluit wôrd. Buitendien is die skip so gemaak, dat dit in verskillende afdelings kan verdeel word, en elke deel met spesiale deure waterdig kan afgesluit word. As daar êrens 'n lekplek kom, dan word die deure net gesluit, sodat die water nie deur die hele skip kan versprei nie. Hoe lyk hierdie slaapkamertjie vir julle?”

„O, watter gesellige hokkie!” sê Lettie, „baie mooier as my slaapkamertjie by die huis. En sulke mooi witgeskilderde ledikante ook! Maar waar is die wastafel?”

„Hier is dit,” sê die bediende. Teen die muur staan 'n mooi kas met 'n spieël bo-op. Die man druk net op 'n koperknop, en daar vou die boonste gedeelte van die kas na vorentoe oop, en is dit meteens verander in 'n wastafel. Twee spierwit waskomme sit vas op die oopslaande blad, en daarbokant is blink waterkrane met seepbakkies langsaan. Sodra 'n mens op die kraan druk, stroom die water in die waskom. „Daar is ook geen moeilikheid om die water weer uit te gooi nie,” sê die gids. „So gou soos 'n mens die blad oplaag om dit weer te sluit, loop die water vanself uit.”

„Hoe prakties is alles tog hier ingerig,” sê Moeder, „so 'n wastafel neem amper geen plek in nie.”

„Dit is een van die mooiste kajuite,” sê die man wat hulle rondlei, „daar is ander, wat baie eenvoudiger is. In sommige van die eerste klas kajuite en in almal van die tweede en derde klas is twee bedde, een bokant die ander. Maar die kan ons netnou gaan kyk. Hier is ons nou by die barbierswinkel.”

„Wat, 'n barbierswinkel ook?” roep Jan.

„Ja, seker, jonheer,” sê die barbier self, wat 'n boek sit en lees. „Kan ek maar vir jou skeer? Ek is nie vandag so danig besig nie.”

„Dit sal tog nie nodig wees nie,” spot Lettie. „As ons sangles het, sê meester altyd, dat Jan se baard nog in sy keel sit.”

„Maar dan kan ek miskien iets anders vir julle doen,” sê die barbier. „Dit is meteens 'n winkel ook hierdie. Ek het allerhande dinge, wat die mense op reis nodig kry, en mooi goedjies vir presentjies ook. Wat dink Mevrouw van hierdie kant-tafelkleedjies, wat op Madeira gemaak is? En hier is borsspeldjies met 'n portret van die boot daarop, en skilderytjies ook.”

Meneer Potgieter het vir sy vrou so 'n tafelkleedjie gekoop vir 'n aandenking aan die boot, en 'n borspeldjie vir elkeen van die meisies; terwyl Fanie, wat lyk of hy taamlik volop van geld kan wees, vir elkeen van die seuns 'n prentposkaart van die boot present gegee het.

„Die drukkery is net hier regoor,” sê die bediende. „Die spyskaarte en die konsertprogramme word elke

dag daar gedruk. Ons het 'n hele orkes aan boord. Elke dag word hier musiek gemaak."

Die kinders wou hulle verkyk aan alles, en het heeltemal begin te vergeet, dat hulle aan boord van 'n skip is. „Dit lyk soos 'n hele stad, wat op die water drywe!" sê Lettie. En so was dit ook werklik!

31. Die Mailboot. II.


Daarvandaan het hulle na die tweede klas gegaan. Daár was die eetkamer en rookkamers ook gesellig ingerig, hoewel nie so weelderig as in die eerste klas nie.

„Watter klas gaan julle reis?" vra Annie vir die seuns, „seker eerste, nè?"

„Moenie glo nie. Tweede is goed genoeg vir ons. In die deftige salons van die eerste klas sal ons glad nie tuis voel nie, en te bang wees om op 'n stoel te gaan sit."

„Dan kan julle nou meteens kom kyk, hoe 'n kajuit julle sal kry," sê die bediende, terwyl hy een van die deure oopsluit. Die kajuit was nie so groot, of so mooi gemeubileer soos die ander nie, maar het daar darem netjies en skoon uitgesien. Weerskante was twee kooie met gordyntjies voor, een bokant die ander. „Ek gaan slaap in die boonste een," roep Willem uit, „dan kry ek tog lekker vars lug deur die ronde venstertjie."

„Weet jy wat hulle so 'n venstertjie noem?” vra Fanie. „'n Patryspoort! — Sien julle hierdie dik skroewe? Die venstertjie kan daarmee so vas toege-skroef word, dat daar by stormweer nie 'n druppel water kan deurkom nie.”



Met verlof van die U. C. Stoomboot My.
Die mailboot se eetkamer.

„Storm! — daar het ek nie om gedink nie,” sê Jan. „Nee, dan gaan lê ek maar liewers in die onderste kooi. Ek sou te bang wees, om daar van bo af te rol, as die skip begin slinger.”

„Ag, so erg sál dit nie wees nie,” troos Fanie. „Jy

kan sien, elke bed het 'n hoë kant voor, wat 'n mens keer. Dit is ook so smal, dat daar nie veel kans is om heen en weer te rol nie."

„Kan ek maar daar opklim, om te probeer?" vra Willem vir die bediende.

Hy knik sy kop. In 'n kits het Willem sy voet op die rand van die onderste kooi, met die plan om in die boonste een te spring. Doef! stamp hy sy kop teen die solder. „Eina!" roep hy, terwyl hy sy kop vrywe, en die ander uitbars van die lag. „Liewe tyd! maar julle solderplanke is regtig hard!"

Die tweede keer het dit beter gegaan, toe was hy versigtiger. „Goeienag," sê Willem toe hy in die bed lê, en die gordyntjies toetrek. Maar julle moes hom sien uitspring, toe hy merk, dat die ander wil loop!

Hulle het na die derde klas ook gaan kyk, waar alles natuurlik baie eenvoudiger was. Mevrou Potgieter wou nog graag die groot kombuis en die wasgoedkamers gaan bekyk; toe gaan hulle weer terug na die dek, waar dit intussen baie woeliger geword het. Passasiers hardloop heen en weer met hul bagasie; daar was ook 'n menigte vrinde en bekendes, wat gekom het om afskeid te neem van die wat sou saamgaan, terwyl die werksmense op die skip besig was om kiste en koffers op te laai, so vinnig as wat hulle maar kon.

„Sal ons nie die masjienkamer ook kan sien nie?" vra Willem. Mevrou kyk na hul geleider. „Ek sou julle dit nie aanraai nie," sê hy, „die dames vereers nie. Die boot sal netnou vertrek, en hulle is daar al hard aan die stook. Dit is vreeslik warm daar

onder, en ek vrees, dat die masjiniste nie graag nou daar mense sal wil hê nie. Hulle is nou baie besig met al die masjiene."

„Is daar dan nie maar net één masjien nie?"

„Nee, buiten die twee reusagtige masjiene, wat die boot se skroewe moet laat draai, is daar nog die masjien vir die elektriese lig, 'n masjien om drinkwater te stook uit seewater, die masjien, wat die roer laat werk, die ysmasjien, en nog ander wat kleiner is."

„Kom, ons loop," sê Jan. Hy het sy sussie dit nog nie vergewe, dat sy met sy baard gespot het nie. „Julle meisies het daar tog geen verstand van nie. Julle weet maar net van naaimasjiene, en dit het hulle nie daar onder nie."

Met 'n leer het hulle opgeklim na die bootdek, waar goed 'n dosyn reddingsbote te sien was. „In geval van nood," sê meneer Potgieter, „kan die bote in 'n paar minute se tyd na buite toe geswaai, en in die see afgelaat word."


„Boe-oe-oe!" brul die stoomfluit meteens, so hard en so venynig, dat die mense almal skrik, en toe hul vingers in die ore druk. Weer 'n keer „boe-oe-oe!" en toe nog 'n keer.

„Dit is die sienjaal, dat almal, wat nie van plan is om saam te reis nie, nou moet afklim van die skip," sê die bediende. „As ons met die trap afgaan, kan julle so met die verbygaan nog die brug sien, waar die kaptein op staan, en waar die kompas is."

Daarna het hy hulle weer na die loopplank toe gebring, en terwyl hulle hom bedank en meneer

Potgieter hom 'n geldstuk in die hand stop as beloning vir sy moeite, het hulle die skip verlaat.

Baie mense het saam met hulle van die skip afgesklim, en op die landingsplek bly staan om hul vrinde,



Met verlof van die U. C. Stoomboot My.

Die mailboot vertrek.

wat oor die verskansing leun, toe te wuif of nog van ver af 'n vaarwel toe te roep. Die groot stawels koffers, kiste en handsakke het almal verdwyn in die skip se groot ruim, maar tog loop daar nog kruiers oor die loopplank, met pakke goed.

Daar kom meteens 'n rooigeskilderde poswa vinnig

aangeja. Die briewesakke word haastig afgelaai, en gou aan boord gedra deur 'n klompie flukse werkmense; die stoomfluit laat weer sy gebrul hoor; die kables, wat die skip nog aan die wal vasbind, word losgemaak; die skroewe begin te draai, en klits die water agter die stoomboot, dat dit so opborrel; en die reuseskip laat vat so saggies, dat 'n mens dit amper nie kan merk nie. Die musiek begin te speel, die mense op die land skree almal hard hoerê! Die stoomfluit blaas nog 'n keer, en toe was die skip eindelik op reis na Europa.

„Dit lyk of die mense almal ewe vrolik is,” sê Jan, toe die skip 'n entjie van die land af was, en al begin klein lyk.

„Dit mag so gelyk het,” sê meneer Potgieter, „want vrolikheid is mbs altyd luidrugtiger as droefheid. Maar ek dink, as jy mooi opgelet het, dan sou jy darem ook party mense gesien het, wat nie saam hoerê geskree het nie.”

„Ek het 'n vroutjie gesien met 'n kindjie aan haar hand,” sê sy vrou, „en sy het aaneen staan en huil. Die sakdoek, wat sy vir 'n man op die wal mee gewuif het, was nat van die trane. Ag, wie weet watter treurige reis die arme ou mensie onderneem het! Miskien gaan sy om 'n vader of moeder te sien, wat doodsiek is. Miskien is sy self siek, sodat sy na Europa toe moet gaan vir haar gesondheid. Wie weet, of sy ooit weer haar man sal sien!”

„Ja,” sê meneer Potgieter, „in daardie opsig is so 'n boot ook soos 'n drywende stad. Arm en ryk is albei daar verteenwoordig; baie leef daar plesierig

en vrolik, ander ly in stilte verdriet; sommige van hulle sien die toekoms met blydschap tegemoet, vir ander wag niks as sorg en droefheid nie."

Onder die gesels het hulle -die dokke verlaat, en weer na die stad teruggestap. 'n Halfuur later was hulle by die stasie, en het die groot seuns van die ander afskeid geneem. „Julle moet tog gou skrywe!" roep mevrou Potgieter nog, toe sy al in die trein sit.

„Ja, daar kan Ma op reken," sê Jan en Willem. Daar blaas die fluitjie; nog 'n haastige handdruk, en die trein begin te loop.

„Tot weersiens oor veertien dae in Transvaal!" klink dit van albei kante, en daar rol die trein die stasie uit.

32. Vergewe en vergeet.

„Dat gij niet vergeet de dingen
die uw ogen gezien hebben."
Deut. 4 : 9.

Daar het 'n doringboompie
vlak by die pad gestaan,
waar swaargelaaide waens
met lang spanne osse gaan. .

En eendag kom daarlanges
'n ossewa verby,
wat met 'n skok en skudding
dwars-oor die boompie ry.

„Jy het mos, doringstruikie,
my anderdag gekrap;

en daarom het my wiele
jou kroontjie plat getrap.”

Die ossewa verdwyn weer
agter 'n heuweltop,
en langsaam buig die boompie
sy stammetjie weer op.

Sy skoonheid was verlore;
sy bassies was geskeur;
op een plek was die stammetjie
so amper middeldeur.

Maar tog het daardie boompie
weer stadig reggekom,
want oor sy wonde druppel
die salf van eie gom.

Ook het die loop van jare,
die *wonde* weggewis —
net een plek bly 'n *teken*,
wat onuitwisbaar is.

Die *wonde* word gesond weer
as jare kom en gaan,
maar daardie *merk* word groter
en groei maar aldeur aan.

TOTIUS. — *By die Monument.*
Het Westen Drukkerij, Potchefstroom.

33. Vuurhoutjies.

„Lettie, gaan haal tog gou vir my 'n dosie vuurhoutjies uit die kas,” sê haar vader. Hy staan met die gestopte pyp in sy mond en 'n leë vuurhoutdosie in die hand. Dit was darem nie heeltemal leeg nie. Daar was nog twee halfgebrande vuurhoutjies in. Vader het mos die gewoonte, as hy in die huis sy pyp opsteek, om nie die gebrande vuurhoutjies op die vloer neer te gooi nie, maar om dit weer in die dosie te steek.

Daar kom Lettie terug om te sê, dat daar nie meer vuurhoutjies is nie.

„Nie meer vuurhoutjies nie?” vra Ma, „dit kannie wees nie. Laaste week het ek nog twee pakkies laat kom. Is dit alles op?”

En Ma staan op om self te gaan soek, maar haar moeite was verniet. „Die vuurhoutjies raak hier darem te gou op,” sê sy.

Pa kon niks anders doen nie, as kombuis-toe te gaan en probeer om sy pyp met 'n kooltjie vuur op te steek. Kort daarna kom Pa terug, maar sy pyp brand nog nie. „Dit is nou 'n mooi spul!” roep hy uit, „die kaffer het die vuur ook laat doodgaan. Toe, kinders, julle sal maar moet soek om te sien, of julle nie êrens vir my vuurhoutjies kan uitsnuffel nie.”

Ons het in al die hoekies en gaatjies gesoek, maar kon geen vuurhoutjie kry nie. Dit was 'n lastige affêre. Ons plaas is 'n hele ent van die dorp af, en ons naaste bure woon 'n halfuur te perd ver, waar die plaasskool is. Dit was al sononder, en daar sit

ons sonder vuur in die huis. Ons het daaroor gelag, maar Ma het die saak ernstig opgeneem.

„Ons kan tog nie die hele aand in die donker sit nie,” sê Ma, met 'n sug.

„Ja, en waar kry ons kookwater vir die koffie?” vra Lettie daarby. Dit lyk, of sy die toekoms maar donker insien. „Môre-oggend geen koffie in die bed nie! En geen mieliepap vir brekfis nie!”

Vader loer so skuins na sy pyp. Hy het nie kans gesien, om so lank sonder sy ou trooster klaar te kom nie.

„As ons nou maar 'n brandglas gehad het,” sê Jan, „dan was ons gered.”

„Om te wens sal ons niks verder bring nie,” sê Pa. „'n Brandglas sal jou nou buitendien niks help nie, die son is al amper onder. Gaan saal maar dadelik vir ou Bles op, en ry gou na oom Frans toe om te vra, of hulle nie vir ons 'n dosie vuurhoutjies kan leen nie.”

„Watter gesukkel is dit nou, en dit net vir 'n paar vuurhoutjies,” sê Lettie. „Hoe het die mense dan klaargekom voor hulle vuurhoutjies uitgevind het?”

„Terwyl ons nou niks kan uitvoer, vóór ons lig het nie, sal ek julle maar daarvan vertel,” sê Vader. „Trek julle stoele maar nader.

Vuur speel 'n groot rol in die wêreld. Ons kan amper nie dink, hoe ons sonder vuur sal kan lewe nie. Ons het dit nodig, om ons warm te maak en ons kos te kook. Sonder vuur kan 'n smid sy yster nie smee nie, en 'n steenbakker geen bakstene maak nie. Kortom, die vuur bewys ons maar orals goeie dienste

Die oudste nasies, wat ons van weet, het al vuur geken. Waar hulle dit vandaan gekry het, kan ek julle nie sê nie. Miskien het die weerlig 'n boom of die gras aan die brand geslaan. Maar dit weet ek, dat hulle die vuur beter opgepas het as ons booi vanmiddag. By baie nasies was dit die priesters se plig om te sorg, dat die vuur in hul tempels nooit doodgaan nie. Dikwels het hulle ook die vuur vereer, asof dit iets heiligs was.


Later het die mense planne uitgevind om self vuur te maak. Waarskynlik het hulle dit op dieselfde manier bewerk, soos sommige wilde nasies dit nou nog doen. Hulle het 'n holtetjie gemaak in 'n droë stuk sagte hout. Dan vat hulle 'n stokkie van 'n ander harder soort hout, en sit die punt regop in die holte. Die onderste stuk hout word met die voete vasgehou, en die stokkie baie vinnig tussen die twee hande in die hol gaatjie rondgedraai, sodat die punt daarin boor. Daardeur word die hout hoe langer hoe warmer, en eindelik so warm, dat dit begin te rook en te smeul. Dan sit hulle droë strooi, of iets anders wat maklik brand, daarop, en blaas totdat dit aan die brand slaan."

„Daardie plan wil ek ook gaan probeer,” sê Lukas.

„Ek vrees jy sal dit gou opgee,” antwoord Vader. „Dit is 'n vermoeiende werk, en dit duur somtyds baie lank, voor jy op dié manier vuur aan die brand kry. Daarom het die mense ook so goed opgepas, dat hul vuur nie doodraak nie.

Later het hulle die vuurslag uitgevind. Ek kan my nog goed herinner, dat my vader altyd so 'n ding

by hom gedra het. In die laaste oorlog het ons mense ook dikwels daarmee vuurgemaak. 'n Mens het drie dinge daarvoor nodig: 'n vuurklip, 'n stuk staal en 'n tonteldoos. Julle het seker al gesien, hoe die vonke spat as 'n perd met sy hoefyster op 'n harde klip trap. Dieselfde ding gebeur as 'n mens hard met die staal op die vuurklip slaan. Die tonteldoos is 'n yster- of koperbussie, wat gevul is met halfverbrande linne,



Tonteldoos, vuurslag, vuurklip.

vesels, of iets van dié aard. As die vonke van die vuurklip daarop val, dan begin dit te smeul. As 'n mens dan droë gras, of fyn houtjies daarby hou, en hard blaas, dan kan jy die vonk aanwakker tot 'n vlammetjie.

In elke huis het die mense toe 'n bakkie met swawelstokkies gehou, — dun houtjies wat aan albei kante in gesmelte swawel gedoop was. Solank soos daar dan nog maar 'n kooltjie vuur in die huis was, kon 'n mens maar net so 'n swawelstokkie daar

teenaan hou, dan raak dit dadelik aan die brand. So was dit nie nodig om altyd eers vuur te slaan, as 'n mens sy pyp of 'n kers wou opsteek nie."

„Dit was nogal nie so 'n slegte plan nie," sê Lettie.

„Nee, glad nie. Die mense het hulle jarelank goed daarmee behelp."

„Omtrent taggentig jaar gelede het iemand 'n soort stof ontdek, wat dadelik aan die brand slaan, as jy dit net vinnig oor 'n ruwe oppervlakte vrywe. Hy het die stof met swawel gemeng, en die een ent van dun houtjies daarin gedoop. Toe was dit maar net nodig om die houtjies vinnig tussen twee stukkies sandpapier deur te trek, om dit aan die brand te kry. Die eerste vuurhoutjies was egter nogal gevaarlik. Die koppe het dikwels afgespring en brand veroorsaak. Buitendien was hulle baie duur. 'n Dosie met vyftig daarin het omtrent 'n halfkroon gekos! Daarom het die mense probeer om iets te vind, wat nie so gevaarlik is nie. En toe het hulle gemeen, dat fosfor aan die doel sal beantwoord.

Dis nou so ongeveer 250 jaar gelede, dat fosfor ontdek is. Dit word van droë bene gemaak, is witgeel van kleur, baie giftig, en raak so lig aan die brand, dat 'n mens dit altyd onder water moet bewaar. Hulle kon dit dus nie so gebruik nie, maar na baie proefnemings het iemand daarin geslaag om dit so met ander stowwe te vermeng, dat hulle vuurhoutjies daarvan kon maak. Die vuurhoutjies kon 'n mens op enigiets krap, om dit aan die brand te laat slaan; hulle was ook nie so duur nie. Die fosfor-vuurhoutjies

het darem ook hul nadele gehad. Daar was vereers 'n baie onaangename reuk, as hulle begin te brând, maar dit was nie die ergste nie. Mense, wat in die vuurhoutjiesfabrieke moes werk, en so die giftige dampe moes inasem, het daardeur 'n vreeslike soort siekte gekry, en byna almal daaraan gesterwe.

So het die mense maar aangehou om te soek na beter planne, en eindelik het dit hulle geluk om die wit fosfor te verander in 'n ander stof wat 'rooi fosfor' genoem word, en wat nie giftig is nie. Dit slaan ook net aan die brand, as dit gekrap word oor 'n oppervlak, wat sekere ander soort stowwe bevat. Die rooi fosfor word nou gebruik om die sogenaamde veiligheids-vuurhoutjies of Sweedse lusifers te maak, wat teenswoordig orals verkoop word. Die fosfor sit ook nie eintlik in die vuurhoutjies se koppe nie, maar in die bruin lagie, wat langs die kant van die dosie is."

„Dan maak die mense teenswoordig eintlik darem maar op dieselfde manier vuur, soos wat die wilde nasies dit vroeër gedoen het, — deur wrywing," — sê Lukas.

„Ja, dit is so, maar dit gaan darem nou baie gouer en makliker."

„Ek kan darem nie begryp, hoe hulle die vuurhoutjies so goedkoop kan maak nie," sê Lettie. „Ek is seker dat dit 'n werksman 'n hele dag moet neem, om die houtjies almal so mooi gelyk en ewe dik te sny. Dan moet hy nog die koppe daaraan maak, die dosies plak, en wat nie meer nie."

„Ja, as dit alles met die hand moes gedoen word," sê Pa, „dan sou vuurhoutjies natuurlik baie duurder

wees. Maar die werk word byna alles deur masjienerie verrig. Stamme van dennebome word in die fabriek in blokke gesaag elk van een voet lank. Dan kom die blokke op 'n draaibank en 'n skerp skaaf skil krulle daarvan af, wat net die dikte van 'n vuurhoutjie het. 'n Ander masjien, met 'n ry skerp messe langs mekaar, sny vierkantige stokkies van die krulle, almal twaalf duim lank. Weer 'n ander masjien sny hulle net die regte lengte. Dan gaan die houtjies na die droogkamer toe. Daarna word hulle in parafienwas gedompel, en 'n ander masjien lê hulle netjies langs mekaar tussen plankies, sodat die houtjies se punte almal ewe ver uitsteek. Dieselfde masjien laat dan so 'n hele pakkie houtjies afsak in 'n bak, waarin die gesmelte stof vir die koppe is, net diep genoeg om 'n druppeltjie daarvan aan elkeen te laat vaskleef.

In tussentyd word die dosies ook almal masjinaal vervaardig en beplak. Selfs die inpak word teenswoordig alles deur masjienerie verrig. Op dié manier kan miljoene vuurhoutjies op 'n dag gemaak word, terwyl die arbeidsloon per pak maar baie min uitkom."

„Ek sou tog graag so 'n fabriek wil sien,” sê Lukas.

„Ja, dit glo ek. Sulke ingewikkelde masjienerie bewys nou regtig, hoe slim die mense is om iets uit te vind. Maar..... is dit nie 'n perd, wat ek hoor aankom nie?"

Pa was reg. 'n Oomblik later kom Jan in.

„Gered!" roep hy uit, „nou hoef ons tog nie langer in die donker te sit nie en kan Pa sy pyp opsteek.

Hier is twee dosies vuurhoutjies, en oom Frans sê, ons hoef nie die moeite te doen om dit terug te stuur nie."

„Hm," brom Lukas, „hy sou nie so praat, as hy nou nog 'n halfkroon vir 'n dosie moes betaal nie!"

34. 'n Gevaarlike misverstand.

Die bankier Sutherland het eendag vir keiserin Catharina II van Rusland 'n pragtige hond present gegee. Omdat die gewer met haar op 'n baie vriendskaplike voet gestaan het, gee sy toe die hond ook die naam Sutherland, en daardeur het 'n misverstand ontstaan, wat die bankier amper sy lewe gekos het.

Een môre, net toe dit begin lig word, kom Sutherland se kneg ewe verskrik sy baas se slaapkamer ingestorm. „Meneer!" roep hy uit, „die hele huis is omsingel deur soldate, en meneer Relieff, die hoof van polisie, wil Meneer dadelik sien."

„Wat sou hy van my wil hê?" roep die bankier uit, terwyl hy haastig opspring, en somar sy kamerjas oor sy nagklere aantrek. „Sê meneer Relieff kan maar inkom."

'n Oomblikkie later kom die bediende terug met die kommissaris van polisie, wat so ernstig kyk, dat die bankier dadelik besef, dat hy slegte tyding bring. Maar hy het probeer om hom bedaard te hou, die man van die wet met sy gewone glimlag begroet, en hom 'n stoel gegee om op te sit. Maar hy bly staan,

en sê met 'n somber stem: „Meneer Sutherland, ek hoop jy sal my glo, as ek jou verseker, dat ek waarlik medelye met jou het. Haar Majesteit het my opgedra om iets te doen wat my regtig teen die bors stuit. Maar jy het jou dit seker deur die een of ander misdaad op die hals gehaal.”

„'n Misdaad!” roep die bankier uit, „nee, Meneer, ek kan sweer, dat ek niks verkeerds teen ons geëerbiedigde keiserin gedoen het nie.”

„Dit lyk of die keiserin darem 'n ander opienie daaromtrent moet hê,” sê meneer Relieff, „anders sou sy tog nie so 'n streng vonnis teen jou uitgespreek het, soos ek nou tot my groot spyt verplig is om uit te voer nie.”

„Maar vertel my dan tog wat die vonnis is!”

„O, Meneer, ek wens van ganser harte, dat iemand anders dit lievers vir jou moet vertel.”

„Het die keiserin my miskien die toegang tot haar paleis verbied?”

„Baie erger as dit!”

„Moet ek uit die land verban word?”

„Nee, ook nie. Dis nog erger!”

„Meneer, u laat my bewee van angs. Het u dan miskien bevel gekry om my na Siberië te stuur?”

„'n Banneling in Siberië het ongetwyfeld 'n treurige lewe, Meneer, maar... dit geluk hom darem tog nog somtyds om te ontsnap.”

„Moet ek dan tronk-toe gaan?”

„Dit sou ook nie so erg wees nie. 'n Mens kom darem tog ook weer uit die tronk.”

„Maar, Meneer!” roep die bankier uit, „wil die keiserin my dan miskien laat gesel?”

„Nee, dit sou wel baie pynlik wees, maar jou tog nie die lewe kos nie.”

„Wat!” skree Sutherland, en van skrik kon hy amper nie verder praat nie, „word ek dan tot die dood veroordeel?”

„Ja, en tot ’n vreeslike dood,” antwoord die kommissaris, terwyl hy die bankier met medelye aankyk.

„Wat? Is dit nie al erg genoeg, dat ek sonder verhoor ter dood veroordeel word nie, en dit nog onskuldig boonop?”

„Ja, sy het my gelas....”

„Maar praat tog, kêrel! Wat het sy gesê? Ek is mos ’n man, en sal my soos ’n man gedra. Praat!”

„Ag, my arme vrind. Sy het my die bevel gegee.. As ek dit nie uit haar eie mond verneem het nie, dan het ek dit waarlik nooit geglo nie, meneer Sutherland!”

„Maar man, jy martel my. Sê my tog, watter bevel die keiserin jou gegee het.”

„Sy het my beveel om jou te laat afslag en opstop!”

Die bankier uiter ’n kreet, van skrik.

„Maar mens!” roep hy uit. „Dit is mos gruwelik! Die keiserin kan dit nooit gemeen het nie. Jy is seker van jou verstand af!”

„Nee, meneer, ek is heeltemal by my positiewe. Dit spyt my vreeslik, maar dit is net soos ek jou gesê het.”

„Ek het jou altyd as ’n vrind van my beskou; het jy dan niks gedoen, om die keiserin dit onder die oog te bring, hoe wreed so ’n bevel is nie?”

„Ag, Meneer, ek het gedoen, al wat ek kon; ja

sels wat niemand anders in my omstandigheid sou gewaag het nie. Ek het haar Majesteit gesmeek om tog daarvan af te sien, of tenminste die uitvoer van haar bevel aan iemand anders op te dra, maar haar Majesteit het vir my gesê, — met daardie stem van haar, wat jy net so goed ken soos ek, — jy weet sy verdra hoegenaamd geen teëpratersy nie: „Meneer die kommissaris, jy vergeet, dat dit jou plig is om die be vele van jou keiserin sonder teenspraak uit te voer!”

„En toe?”

„Toe het ek maar dadelik na die man toe gegaan, wat diere opstop vir die museum,” sê meneer Relieff. „Terwyl dit nou eenmaal nie anders kan nie, het ek gereken, dat jy tenminste so goed moontlik sal wil opgestop word.”

„En het die ellendeling onderneem om dit te doen?”

„Hy het my na sy helper toe gestuur, wat altyd die ape opstop. Hy sê, die man sal dit die beste kan doen.”

„En verder?”

„Hy staan hier buite en wag, Meneer.”

„Wat sê jy? Is hy al hier? — Moet dit dan nou dadelik gedoen word?”

„Ag, Meneer, wat kan ons anders doen? As haar Majesteit iets sê, dan moet ons maar gehoorsaam!”

„Sonder om my eers tyd te gee, om my eie besigheid reg te maak? Maar dit kan nooit wees nie!”

„Ag, Meneer, hoe kan ek dit tog help?”

„Maar jy sal my tog darem seker toelaat om vir die keiserin 'n brief te skrywe?”

„Ek twyfel, of ek dit mag doen. My orders is baie strik!”

„Ag, ou vrind. Dit is tog my laaste versoek, en iets wat selfs nie aan die grootste misdadiger geweier word nie.”

„Maar, Meneer, ek loop gevaar om my betrekking daardeur te verloor.”

„Jou betrekking? En my lewe hang in die weegskaal!”

„Nou ja, goed, Meneer, ek sal jou dit dan maar toestaan. Jy kan jou brief skrywe, maar ek sal jou nie 'n minuut onder my oë uit laat gaan nie.”

„Ag, dankie, dankie tog! Roep asseblief een van die soldate, om my brief weg te bring.”

Toe die brief klaar was, het die soldaat order gekry om dit so gou moontlik te gaan besorg, en dadelik antwoord terug te bring. Hy het ook nie lank weggebly nie. In tien minute se tyd het hy die boodskap gebring, dat daar 'n rytuig voor die deur klaar staan, om die bankier na die keiserlike paleis te vervoer.

Sutherland het 'n sug van verligting geslaak. Hy het gevoel, dat as hy self sy saak voor die keiserin kon gaan bepleit, hy miskien haar hart sou kon vermurwe. Die rytuig het vinnig deur die strate gerol, en binne vyf minute word die ongelukkige ter dood veroordeelde in die kamer gebring, waar die keiserin vir hom wag.

Tot sy grootste verbasing sit die keiserin en lag dat sy so skud, of sy glad nie meer kan ophou nie. Sutherland kon nie help om te dink, dat sy skielik mal geword het nie. Hy val voor haar op sy knieë, gryp haar hand, en roep uit: „Genade, Mevrouw!

Wees my genadig! Ag, het tog medelye met my, en sê my tenminste van watter misdaad ek beskuldig word!"

„My liewe Sutherland," antwoord Catharina, en sy doen haar bes om 'n ernstige gesig te trek — „jy het met die hele saak niks te doen nie!"

„As ek daar niks mee te doen het nie, wie anders gaan dit dan aan?"

„Die hond, wat ek van jou present gekry het! Hy is gister dood. Ek het so baie van die troue dier gehou, dat ek graag sy vel wou laat opstop as 'n aandenking. Die kommissaris van polisie was toevallig hier, en toe het ek vir hom gesê: „Meneer Relieff, ek wil hê dat jy dadelik vir Sutherland sal laat opstop!"

Hy het my so verwonderd aangekyk, dat ek gedink het, hy beskou dit benede sy waardigheid om hom met die opstop van 'n hond te bemoei. Daarom het ek kwaad geword, en hom driftig gelas om onmiddellik my bevel uit te voer."

„Mevrou," sê Sutherland, nog nie van sy skrik bekom nie, „u hoef daar nooit aan te twyfel nie, dat die kommissaris van polisie 'n getroue dienaar is, wat u bevele sonder versuim sal uitvoer. Maar ek hoop tog, dat as u hom in vervolg weer orders gee, u die saak darem 'n bietjie duideliker sal uitlê."

Hulle het die viervoetige Sutherland regtig opgestop, en as die tweervoetige Sutherland by daardie glaaskas verbykom, waar die opgestopte hond in pryk, dan voel hy altyd 'n koue gril deur sy lyf gaan by die gedagte aan die vreeslike lot, wat hom so amper oorkom het.

35. 'n Troue hond.

„Ja, ou neef, dit is waar, wat jy sê; mooi is Hektor nie, en sy tyd om saam met my op die jag te gaan is verby, maar tog sal hier darem nie somar 'n dief in die huis kom nie. Hektor sal die wêreld vir hom nog moeilik kan maak. Maar al sou hy ook vir niks meer deug nie, solank soos sy baas vir hom kan sorg, sal hy aan niks gebrek hê nie. Ons twee is ou vrinde; ons het soveel saam belewe, dat ons nou nie sonder mekaar sal kan klaarkom nie, nè, ou hond?”

Dit was of die dier verstaan, wat sy baas sê. Op drie pote spring hy na sy baas toe, terwyl hy sy gebreklige linkeragterpoot saamsleep, en druk sy kop teen sy baas aan. „Goeie ou Hektor,” sê oom Hendrik, terwyl hy hom liefkosend oor sy rug stryk, en saggies aan sy lang ore trek. „Ons twee behoort bymekaar, nè?”

„Sien jy, ou neef, naas God het ek my lewe aan Hektor te danke. Daardie kreupel agterpoot het hy gekry, terwyl hy besig was om sy baas te verdedig. — Of ek vir jou die geskiedenis sal vertel? — Ja seker, met die grootste plesier. En as jy dit gehoor het, en nog geen respek vir my viervoetige vrind gekry het nie, dan is jy nie die man, waar ek jou voor aansien nie.

Dit sal nou omtrent veertien of vyftien jaar gelede wees, dat 'n vrind Hektor vir my present gegee het. Hy was toe nog maar 'n jong hondjie, maar soos my vrind my verseker het, van 'n goeie ras. Dit het

ook nie te lank geduur nie, of ek het uitgevind, dat Hektor 'n baie goeie jaghond was.

Ek was destyds transportryer. Die spoorweg na Pretoria was nog nie klaar nie, en daar was baie geld te verdien met die vervoer van transport na die goudvelde noord van Lydenburg. Gewoonlik het ons met vier of vyf waens saamgery. Die togte was nogal aangenaam, as die weer net nie alte onstuimig was nie.

Daar was toe nog baie meer wild as nou, sodat ons nooit gebrek aan vars wildsvleis gehad het nie. Sodra die waens uitgespan is, gaan 'n paar mans veld-toe, geweer oor die skouer, en dit duur gewoonlik nie te lank nie, of hulle kom met 'n bok terug. Groot wild was toe ook nog volop; tiers het orals in die bosklowe geboer, en snags het ons dikwels leeus hoor brul. Maar hulle het nie oordag te voorskyn gekom nie, hoewel ons dikwels hul spore in die sand gekry het.

Een môre het my wa se disselboom gebreek, net toe ons 'n droë waterloop deurgaen. Terwyl die kaffers besig was om dit reg te maak, het die ander waens verder gegaan, en het ek van die oponthoud gebruik gemaak om te sien, of ek nie iets vir ons middagmaal kon skiet nie. My maats sou ek dan by die volgende uitspanplek weer opvang.

Dit was nog taamluk vroeg in die môre. Die weer was warm, soos dit maar altyd in die Bosveld is, maar darem nie so drukkend om hinderlik te wees nie. Hektor het ewe plesierig om my rondgespring. Hy hol 'n ent vooruit, verdwyn in die bossies regs of links van my, en kom loop dan weer ewe bedaard

'n entjie voor of agter my. By die minste geritsel bly hy staan, en hou sy ore pen-orent, maar wild was dié môre skaars. Ons het toe al 'n halfuur geloop sonder om iets te kry.

Meteens staan Hektor weer met gespitste ore stil, die hare rys op sy rug, — 'n bewys, dat hy bang was. Hy tjank saggies, kyk na my en dan weer na 'n klompie lae bosse, omtrent dertig tree voor, ons. Ek kon eers niks sien nie, en wou al weer loop, toe ek iets sien roer in die bossies. Toe sal ek eers uitvind, hoekom Hektor so onrustig was. Half bedek deur die struikgewas sien ek 'n groot leemannetjie met woeste maanhare lê, sy kop op sy voorpote, en sy agterpote onder hom ingevou. Hy lê daar doodstil met sy geel oë stip op my gerig; net sy stert swaai so stadig heen en weer.

Dadelik bring ek my geweer aan die skouer en trek af. Dit het alles so gou en onverwags gegaan, dat ek my nie die tyd gegun het, om goed korrel te vat nie. Aan sy vreeslike gebrul en skielike opspring kon ek merk, dat ek die leeu geraak het, maar terselfder tyd ook, dat ek hom nie 'n doodskoot gegee het nie. Met 'n harde brul, stert in die lug, storm die dier my. Sy bek was wyd oop, sy oë vlam van boosaardigheid. Omtrent tien treë van my af steek hy vas, en maak hom klaar om te spring.

Ek probeer om gou weer my geweer te laai, maar voor ek die patroon in die loop kon kry, sien ek die leeu hom opraap, en die volgende oomblik voel ek sy tande in my skouer, en rol ons twee saam op die grond. Hy was briesend kwaai, en brul en skud

my heen en weer, soos 'n kat met 'n muis doen. Dit lyk nou snaaks, maar op daardie oomblik het ek glad nie die pyn van die wond gevoel nie. Ek was by my volle positiewe, en het geen oomblik my teenwoordigheid van gees verloor nie. Ek kan my selfs nou nog duidelik herinner, wat met my gebeur het, en wat daar in my gedagtes omgegaan het.

As ek maar my mes in die hande kon kry, dan sou ek my miskien daarmee kon verdedig. Ek het probeer om my hand in my broeksak te steek, maar dit het my nie geluk nie. Die leeu het my te styf op die grond vasgedruk. Maar toe ek sover kom om my kôp op te lig, sien ek vir Hektor 'n entjie daarvandaan staan. So doodbang as hy was, het hy tog nie weggehol en sy baas in die steek gelaat nie.

Net toe die troue dier sien, dat ek my kop oplig, het hy al sy angs vergeet. Met 'n woedende geblaf storm hy die leeu, spring bo-op hom en gryp hom aan die oor. Hy trek en hy skud, los en gryp weer, en val die leeu so lastig, dat hy my moes los, om hom teen die nuwe vyand te verdedig. Maar hy bly so oor my staan, en probeer om sy astrante aanrander met sy voorpote se skerp nâels dood te kap. Maar daarvoor was Hektor te slim. Hy vlieg vinnig heen en weer al om die leeu, maar bly altyd net buiten bereik van die gevaarlike kloue.

Dit het die leeu so woedend gemaak, dat hy nie meer sy aandag aan my kon gee nie. Ek waag dit om my arm uit te steek, en bowe verwagting geluk dit my om my geweer, wat gelukkig binne my bereik

gelê het, na my toe te trek, sonder dat die leeu dit merk. My linkerarm was totaal verlam; ek kon dit glad nie gebruik nie, maar ek het my geweer met die regterhand gelaai, en dit toe sover probeer oplik, dat ek die leeu daarmee deur sy lyf sou kon skiet.

Dit het darem nie so maklik gegaan nie. Ek het goed geweet, dat as die leeu net merk, dat ek my beweeg, hy my dadelik weer sou pak, en dan was dit klaar met my!

Dit was net of Hektor raai wat my plan was, want hy het sy aanvalle verdubbel, en die leeu geen oomblik met rus gelaat nie. Ongelukkig waag hy hom net vir een sekonde 'n bietjie te dig by die leeu, — en die volgende oomblik lê my arme troue dier en tjank onder die leeu se voorpoot, wat hom met al sy reusekrag op die grond vaspen.

Nou, dog ek, is dit klaarpraat met my, sowel as met my hond. Maar toe kom my kans! Net toe die leeu sy harige kop vooroor buig, om die arme Hektor tussen sy tande te vermorsel, druk ek die bek van my geweer teen sy pens vas, en trek die skoot af. Met 'n woeste brul spring hy seker 'n ses voet hoog in die lug, en slaan toe op my bene neer. Nog 'n paar laaste stuiptrekkings, en hy was morsdood. Later het ek gesien, dat die skoot sy rugstring verbrysel het.

Na veel moeite het ek dit bewerk, om eers my een been en daarna die andereen onder sy swaar liggaam uit te trek, en toe na my hond toe gekruip. Die stomme dier het daar jammerlik uitgesien. Hy kon glad nie opstaan nie. Sy agterpote was altwee gebreek, en die leeu se naels het die vleis verskeur en hele

lappe vel afgestrook. Maar tog het die arme dier my hand gelek, en my met sy troue oë aangekyk, net of hy my wou vertel, hoe bly hy was, dat ek tenminste tog gered was. Ek skaam my nie om te sê dat die trane in my oë gekom het nie, en dat ek gehuil het soos 'n kind by die gedagte, dat die troue dier sy lewe vir my gewaag het.

Die bloed stroom toe nog uit my gewonde skouer. Die pyn was nou onuithoubaar, en my linkerarm het magteloos afgehang, maar ek het dit darem bewerk om Hektor op 'n manier met my sakdoek te verbind. Toe vat ek hom onder my gesonde arm, en probeer om op te staan. Bloedverlies en die skrik, wat ek moes deurstaan, het my egter so verswak, dat ek weer inmekaar sak. Ek het toe maar met Hektor aangekruip na 'n boom toe, met my rug teen die stam geleun, weer my geweer gelaai, en die een skoot na die ander afgetrek, om op dié manier my maters se aandag te trek.

Gelukkig was dit nie verniet nie. Kort daarna hoor ek ander skote in antwoord op myne, wat vir my 'n bewys was, dat my maters na my soek. Hulle het toe op my skote afgekom, en jy kan jou my blydschap voorstel, toe ek hulle eindelijk tussen die bome deur sien aankom. Versigtig het hulle my op een van die perde getel, en een van die mans het vir Hektor in sy arms na die waens toe gedra, waar hulle ons wonde so goed moontlik verbind het.

Toe begin daar 'n bittere reis vir my, sowel as vir Hektor. Die stamp van die waens oor die ongelyk pad het ons pyne vererger. Toe ons twee dae later in

Lydenburg aankom, en hulle my na die hospitaal toe dra, het ek 'n hoë koors gehad, en alles deurmekaar gepraat.

Gewoonlik is die wonde, wat deur die tande van 'n verskeurende dier veroorsaak word, baie moeilik om te genees. Die onsuiverheid wat daaraan kleef, veroorsaak meestal verswerings, en dikwels selfs bloedvergiftiging, maar dit lyk of die dik molvel-baadjie, wat ek aan gehad het, vir 'n groot gedeelte die gif van die tande afgekeer het. Onder sorgvuldige oppassing het ek taamlik gou herstel. Binne veertien dae se tyd kon ek my arm weer op 'n manier gebruik, hoewel dit nog vir 'n lang tyd styf gebly het.

Met Hektor het dit nog langer geduur. Toe my vrinde vir die hospitaaldokter vertel, hoe dapper hy my lewe gered het, het die dokter ook vir hom sy bes gedoen. Hulle het altwee sy agterbene gespalk, en toe kon hy in 'n mandjie lê langs my bed. Maar dit het weke geduur, eer hy sover was, dat hy weer kon staan. En toe hy eindelijk begin te loop, was dit maar sukkel-sukkel, en daarna het hy vir altyd kreupel gebly. Die bene van sy agterpoot was so verbrysel, dat die poot 'n hele entjie korter geword het as die andereen.

Dit is al lank gelede, wat die dinge gebeur het, maar jy sal met my instem, dat dit 'n skande sou wees, as ek ooit vergeet, wat Hektor vir my gedoen het. As 'n mens in die nood is, dan leer jy jou vrinde ken. 'n Trouer vrind as Hektor het ek nooit gehad nie, en ek sal ook vir hom trou bly, so lank soos hy leef. Nie waar nie, Hektor?" vra oom Hendrik, terwyl hy sy hond saggies oor die kop stryk.

36. Ag wat, dis maar 'n hond!

Met modderpote, — Ha-ga-ga!

Trap hy die voordeur oop —
Trap hy twee rytjies blommetjies,
Sover as wat hy loop.

En lag-lag loop hy, — Ha-ga-ga!

Deur voorhuis en kombuis,
Geen plek is vir hom heilig nie —
Geen hoekie in die huis.

En wil hy lê, hy flop hom neer

Op blink gevryfde vloer —
Op sneeuwit matjie, duur tapyt,
Of waar sy sin hom voer.

Daar lê hy, lag hy, — Ha-ga-ga!

En skud sy stof daar uit,
En werk sy modder stadig los,
En vas op die tapyt.

En „*Buite Jakkals!*” sê sy nooi.

En „Ha-ga-ga!” sê hy,
En kyk haar lag-lag, vriendlik aan,
En stap bedaard opsy;

En dink, dit was 'n groot kordaat

Om in die huis te lê,
En spore vir sy nooi te trap,
En „Ha-ga-ga!” te sê.

Maar „*Buite Jakkals!*” Uit moet hy —
 En voel so skaam en skroom,
 Dat hy die arme kat bevlieg:
 En dié bevlieg die boom.

Die „Ha-ga-ga” word „Boe-woe-woef”;
 Hy sukkel om te klim,
 En krap die boom se bas, en brom:
 „Die kat die was te slim.”

Hy speel met hoender, vark en kalf,
 Tot hul die doodsangs kry:
 En al hoe naarder hulle word,
 Hoe vroliker word hy.

Tot ek my naderhand vererg,
 En ernstig „*Jakkals!*” skree;
 Dan kom hy kruip-kruip, smekend aan,
 Ootmoedig en gedwee.

Hy weet hy het die peits verdien,
 En weet hy sal dit kry:
 Maar vlug? O nee! „My baas die roep —
 Ek kom, al straf hy my.”

En buk-buk, sleep-sleep, kom hy aan,
 Met stemloos smeekgebed;
 Maar is hy stom, — sy houding spreek
 Hoe 'n diep berou hy het.

En is die laaste raps geval,
 Dan is hy, ag! so bly:
 Hy spring en dans van dankbaarheid —
 Die pak die is verby.

Hy kom my smôrens handjie gee —
 Die beste wat hy het:
 „Twee growwe pote,” sê sy nooi:
 „Kyk nou hoe lyk die bed!”

Dan stap hy na die nooi se kant,
 En „Ha-ga-ga” lag hy;
 En kyk haar so vertroulik aan,
 En eindlik glimlag sy.

So maak hy ons die lewe lig;
 Hy 's altyd klaar vir speel —
 Nooit nuk'rig of neerslagtig nie —
 Sy plig is nooit te veel.

Maar is dit êk, wat treurig is,
 Hy voel en deel my smart:
 'n Natte neusie in my hand
 Bring troos uit hondehart.

Geen smaad vervreem sy vriendskap nie,
 Geen onreg deer sy trou —
 Mishandling, honger, vloek en skop,
 Laat hom sy diens nooit rou.

Hy neem die slegte wat hy kry,
 En is daar dankbaar voor;
 Hy gee die beste wat hy het,
 En dink daar nooit weer oor.

O spraakloos, sielloos, reedloos dier!
 Waar is 'n mens soos jy?
 O ongeloonde lewensslaaf!
 Waar is so'n vriend te kry?

Jou lus is in jou baas se lief —
 In sy verdriet jou leed;
 Sy nuk en gril — jou wet en wil,
 Wyl jy jouself vergeet.

En is jou troue diens verby
 Met laaste lewensstond,
 Dan gooi jou baas jou uit sy pad —
 Wat is 'n dooie hond?

Maar is dit hy wat eerste gaan,
 Dan lê jy op sy graf,
 En pas sy rusplaas op, en wag
 Vergeefs 'n weersiens af.

C. J. LANGENHOVEN. — *Ons Weg deur die Wêreld.*
 (Nuwe Deel II).
 Nasionale Pers, Bpk. — Kaapstad.


37. Aan boord van die skip. I.

As iemand die seuns drie maande gelede gesê het, dat hulle 'n seereis sou gaan maak, dan sou hulle dit seker nie geglo het nie, en tog sit hulle nou heerlik hier langs mekaar op die dek van die groot skip, elkeen in 'n deksstoel. Willem sit met 'n pak skryfpapier op sy knie en 'n vulpen in sy hand, om alles op te skrywe, wat hulle gesien en ondervind het, sinds hy op die Kaapse stasie afskeid geneem het van sy ouers. As hy tuis kom, wil hy alles haarfyn vertel. Fanie sit 'n brief en skrywe, en Jan is in droomland. Julle kan nooit dink, hoe slaperig die fris seelug, die helder sonskyn en die reëlmatige beweging van 'n skip 'n mens maak nie.

Die Sondag, nadat meneer en mevrou Potgieter weg was, het die seuns ewe stil deurgebring. In die môre het hulle kerk-toe gegaan, en na die diens 'n oomblikkie agtergebly om die pragtige gebeeldhoude preekstoel te bekyk. En die agtermiddag het hulle, saam met Fanie en 'n paar van sy vrinde, 'n lekker lang wandeling gemaak. Toe het die Bolanders die Ondervelders net danig uitgevra na die lewe in Transvaal, wat hulle maar net uit boeke geken het.

Hul plan was om Maandag Tafelberg te beklim, maar toe hulle opstaan, was die lug tot hul grootste teleurstelling dig bewolk, en die kruin van Tafelberg was ook toe onder die wolke. Toe het Fanie hulle sterk afgeraai om die berg op te gaan. By mooi weer is daar nie veel gevaar vir goeie bergklimmers nie, maar as die mis toetrek, dan verdwaal 'n mens alte

maklik op Tafelberg, en dan gaan dit maar moeilik om die pad weer terug te vind. Maar hulle wou die bergklim nie heeltemal opgee nie, en besluit toe om tenminste 'n hele ent teen Leeukop op te gaan.




Die Portugese kap 'n kruis uit op Leeukop.

Hulle het met die trein na Seepunt toe gegaan, en daarvandaan teen die berg uitgeklim. Na omtrent 'n uur het hulle by hoë rotse gekom, waarin 'n kruis ingekap is. Toe vertel Fanie, dat die Portugese dit gedoen het by hul eerste besoek aan Tafelbaai. Dit moes baie werk gekos het, want hoewel die kruis maar ru in die harde rots uitgekap is, is dit omtrent 25 of 30 voet hoog. Daarvandaan het hulle verder opgeklim na die seinpos, bo-op Sienjaalkop. Daar staan die huisie van die man, wat gedurig op die uitkyk staan. Hy is gewapen met 'n groot verkyker, en sodra hy 'n skip op die see gewaar, dan sein hy deur middel van vlae na die stad, dat daar 'n skip in aantog is.

In die Kompanjie se dae was daar al so 'n uitkykstasie, om die terugkeer van die handelskepe uit Oos-Indië aan te kondig.

Onder die wyl het die weer opgeklaar, en hoewel

Tafelberg se kop nog in newels gehul was, het Leeukop helder teen die lug afgesteek. Hulle was nou tog eenmaal aan die klim en wou graag die top bereik, temeer daar Fanie hulle verseker het dat 'n mens daarvandaan



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Kaapstad van die pier gesien.

so 'n ruime uitsig het, dat jy op 'n helder dag selfs baie verder as Pretoria kan sien! Dit het vir hulle baie ongelooflik gelyk, maar Fanie hou vol dat dit die waarheid is.

Dit sou maar swaar gegaan het om die top te bereik, as daar nie hier en daar op die steilste plekke ysterkettings aan die rotse vasgemaak was, waarmee 'n

mens jou kan optrek nie. Dit het die seuns darem baie sweetdruppels gekos, voor hulle eindelijk bo was. Daarvandaan het 'n mens 'n pragtige uitsig, dis seker. Ver onderkant lê Kaapstad, wat so klein lyk soos 'n speelgoed-dorpie, wat kinders met blokkies gebou het. Weerskante lê die blou see uitgestrek, hier en daar sny 'n groot stoomboot deur die water, en daar anderkant lyk Robbeneiland soos 'n droë blaar, wat op die water drywe.

„Watter kant lê Pretoria?” vra Willem.

„Daardie kant,” sê Fanie en wys na die noordekant toe, maar hoe Willem en Jan hul oë ook inspan, aan die gesigseinder was niks te sien, wat ook maar die allerminste na 'n stad lyk nie.

„Jy het ons vertel, dat 'n mens Pretoria hiervandaan kan sien,” sê Willem.

„Nee, man, jy het nie goed geluister nie,” en Fanie lag hom lekker uit. „Ek het gesê, dat 'n mens hiervandaan baie verder as Pretoria kan sien, en dit is die waarheid. — Sien julle daardie maan? Wel, hy is 'n hele entjie verder as Pretoria, dit kan ek julle verseker.”

„Ag, jy's laf!” roep die twee seuns half nukkerig uit, omdat Fanie hulle so by die neus gehad het. Maar hulle moes tog daaroor lag, en het hulle in die stilligheid voorgeneem om iemand anders eendag ook so vergek te hou.

Hulle het 'n tydjie gerus, en toe met 'n ander pad weer teruggegaan. In die middag moes Fanie nog baie dingetjies doen, en Dinsdag het ook amper die hele dag daarmee heengegaan. Hulle het somar ook

gaan verneem, wanneer die boot sou vertrek. „Woensdagmôre so teen elf- of twaalfuur,” was die antwoord. Die boot was toe al ’n paar dae gelede uit Engeland aangekom, en was nou besig om die vraag af te laai, en ander goed in te neem, voordat die reis weer voortgesit sou word.


Woensdagmôre om half-elf het die drie vrinde aan boord gegaan, en vir hulle ’n kajuit laat aanwys. Gelukkig was daar nie baie passasiers nie, en het hulle ’n kajuit met vier beddens gekry; die vierde bed het hulle gebruik vir hul reissakke.

* * *

Net toe die kanon op Sienjaalkop die daaglikse twaalfuur-skoot afvuur, word die loopplanke opgetrek, die kables losgemaak, en stoom die boot langsaam uit die hawe uit. Die drie seuns staan teen die verskansing aan, en kyk na die liewe Afrikaanse kus, waarvandaan hulle hoe langer hoe verder verwyder word, terwyl Fanie elke keer hul aandag op die een of ander merkwaardige ding vestig. Die huise van Kaapstad word al kleiner en kleiner, en stadigaan dowwer en onduideliker, tot alles eindelijk wegsmelt in ’n wasige blou massa, en Tafelberg alleen nog donker daar bokant uitsteek.

Daar klink die helder tone van ’n beuel.

„Kom, kêrels,” sê Fanie, „dit is etenstyd. Ek hoop dat jul eerste maaltyd aan boord lekker sal smaak. Doen maar jul bes, want as julle altemit seesiek word, sal julle nie baie lus hê om te eet nie.”



Met verlof van die U. C. Stoomboot My.
„Op reis”.

Seesiek word! Hulle het Fanie lekker uitgelag; die see was so kalm, daar was amper geen golfie te sien nie, en die skip gly so lekker sag deur die water. Hulle het nooit in hul lewe minder siek gevoel nie. En dit het hulle ook aan tafel laat merk; glo my, hulle het die skeepkos alle eer aangedoen.

Toe hulle weer op die dek kom, was Kaapstad al uit die gesig verdwyn. Aan die linkerkant was nog land te sien, maar aan die regterkant net die oop see.

„Kyk bietjie daar!” roep Jan, „wat sou dit wees? Dit lyk na visse.”

„Dis bruinvisse,” antwoord ’n man, wat langs hom staan. „Hulle is besig om te speel. Kyk, hulle swem in ’n ry agter mekaar, en lig hulle elkemaal bokant die water uit. Ek sal my niks verwonder,

as ons nog onstuimige weer kry nie, want voor die tyd is hulle altyd so plesierig."

„Onstuimige weer!" dink Jan, „ag nee wat, die man spot seker maar. Die see is te kalm, en die lug te helder. Hy wil ons maar net bang praat."

„Kom, sal ons 'n bietjie op die skip gaan rondloop?" vra Fanie.

Hulle gaan eerste na die voorskip, waar die bemanning hul verblyfplek het. 'n Paar van die matrose lê lankuit op die dek en rus; een was besig om toue op te rol, 'n andereen sit ertappels en skil. As 'n mens na agter toe kyk, dan sien jy die brug, waar die kaptein en die stuurman op staan; daar bokant steek die voormas en die rooi skoorstene met hul swart bande uit. Dit was 'n aardigheid om hier so op die voorste puntjie te staan. Die wind waai so reg in 'n mens se gesig, en jy moet net sorg om jou keppie styf op jou kop vas te druk. Nou en dan breek 'n brander teen die skip se voerpunt, en laat die skuim hoog opspat. Gereeld duik die skip op en neer; partykeer hoër, dan weer laer.

„As die skip so maak, dan noem hulle dit stamp'," sê Fanie, „kyk, hoe stil seil ons skip. As 'n mens agtertoe kyk, kan jy sien, dat die maste amper nie heen en weer beweeg nie. As hulle dit wel doen, dan sê die matrose, dat die skip 'rol of slinger', en dan word die wêreld maar 'n bietjie onaangenaam vir ons ou landrotte."

Daarvandaan gaan hulle na die agterskip toe. Daar is die losies vir die derde klas passasiers. Daar was toe nog maar min oor; die meeste het by Kaapstad aan

wal gegaan. Die origes sit in klompies op die dek en lees of speel.

Die geraas van die skip se twee groot skroewe was hier duideliker te hoor en te voel as êrens anders. Rrrroem, — rroem, — rroem — rroem, gaan dit maar onophoudelik. Die dek tril somarso onder die krag, waarmee die skroewe in die water draai. As die seuns oor die verskansing heenbuig, dan kan hulle die skroefblaaie deur die water sien slaan. Die skuim, wat deur die skroewe opgeklits word, teken die baan van die skip af in 'n lang witgroen spoor, wat altyd breër, maar ook dowwer word. „Daardie streep agter die skip word die ‚kielsog’ genoem,” vertel Fanie.

„En wat beteken hierdie snaakse soort horlosie op die verskansing?” vra Willem.


„Kom, laat ons dit vir die bootsman gaan vra,” sê Fanie. Hulle gee die stewige, dik ou seeman 'n paar sigare, wat hom gou net spraaksaam maak.

„Dit is 'n patentlog,” sê hy; „dit wys aan hoeveel myle die skip aflê. Sien julle die lyn, wat hier agter in die see afhang? Voel bietjie, hoe styf dit gespan is. Ek mag dit nie nou optrek nie, maar as ons môre by Port-Elizabeth is, dan sal julle sien, dat daar 'n koperdrywer aan vasgemaak is. Aan die drywer is skroefblaaie, en as die skip deur die water sny, dan trek hy die drywer agter hom aan; die skroefblaaie laat dit al in die rondte draai, stadiger of vinniger, namate die skip self langsamer of gouer gaan. Die lyn wat saam ronddraai, sit die masjienerie van hierdie

instrument aan die gang, en op dié manier wys die wyser presies aan hoeveel myle die skip in 'n uur aflê."

„Net soos die snelheidsmeter op my rywiel," sê Fanie.

„Ja, omtrent net so," antwoord die bootsman. „By 'n rywiel werk die ronddraai van die voorwiel op die snelheidsmeter, maar hier werk die toestel onafhanklik




Patentlog met drywer.

van die skroef. By onstuimige weer lig die agterskip somtyds hoog uit die water op, sodat die skroewe vinnig ronddraai sonder om die skip vorentoe te beur. In so 'n geval sou die skroef se bewegings nie die skip se vooruitgang aantoon nie. By teëwinde en teëstrominge verminder die snelheid van die skip ook nie eweredig met die getal omwentelinge, wat die skroewe maak nie."

„Hoe vinnig loop ons skip nou?" vra Jan.

„Omtrent 15 myl per uur. Van Kaapstad na Port-Elizabeth duur dit gewoonlik 28 tot 30 uur; ons sal dus waarskynlik môre teen die aand daar aankom. Kyk, daar aan bakboord kan 'n mens nog die Kaap die Goeie Hoop sien.” Met die verkyker, wat die bootzman vir hulle leen, kon hulle duidelik die vuurtoring



Oorlogskip in Simonsbaai.

sien daar ver op die punt, wat diep in die see uitsteek.

Die baai, wat aan die oostekant van die kaap ver in die land indring, word Valsbaai genoem. Daar het Simon van der Stel vir Simonstad aangelê. Teenswoordig is Simonstad 'n oorlogshawe; op die rede dáár lê byna altyd 'n paar oorlogskepe om die kus te beskerm. „As ek dit nie mis het nie,” sê die bootzman, „dan

kom daar 'n kruiser aan, daar ver aan stuurboord."

„Wat beteken stuurboord en bakboord eintlik?" vra Willem.

„As 'n mens met jou gesig na die voerpunt van 'n skip staan," sê die bootsman, „dan is stuurboord aan jou regterkant, en bakboord is links."

Die oorlogskip, wat die bootsman eerste gesien het, kom vinnig nader. Met die verkyker kon hulle duidelik die matrose op die dek onderskei, en die gepantserde toring, waar die kanonne uitsteek.

„Nou gaan hulle sein," sê hul segsman. „Kyk, daar aan die voorste mas van ons skip trek hulle die vlag 'n paar keer op en laat dit weer sak. Dit is ons manier van groet. En let bietjie op, sien julle die bontgekleurde vlaggies, wat opgetrek word? Elke vlaggie stel die een of ander letter voor, en die kaptein het 'n dik boek, waarin hy kan nasien, wat daarmee bedoel word."

Die ander skip hys ook vlaggies met die verbygaan. Is dit nie 'n snaakse manier van praat nie?

Teenswoordig het die meeste groot skepe toestelle aan boord vir draadlose telegrafie; daarmee kan hulle dan natuurlik in verbinding bly met mekaar of met die kus, ook al is hulle heeltemal uit die gesig.


„Waarom lui hier elke keer 'n klok?" wou Jan graag weet.

Willem het ook al opgemerk, dat daar nou en dan, met gereelde tussenpose op 'n klok geslaan word, en hy het vermoed, dat dit gedoen word om die tyd aan te wys. Die klok se slaan het egter glad nie met sy horlosie ooreengekom nie. 'n Tydjie gelede het die

klok ag geslaan, toe wys sy horlosie vieruur aan; nou is dit vyfuur, en slaan die klok twee keer.

Willem was darem min of meer reg. „Dag en nag,” sê die bootsman, „is daar altyd ’n offisier om wag te hou op die brug. Elke vier uur word die wag afgelos. In vier-en-twintig uur is daar dus ses wagte, elkeen van vier uur. Die eerste wag is van agtuur tot middernag, dan volg daarop die ‚hondewag’, die dagwag, die voormiddagwag, die namiddagwag, en eindelik die ‚platvoet’. Maar waarom die hondewag en die platvoet so genoem word, kan ek julle nie sê nie. Die skepslui het hulle die name gegee.”

„Vroeër het die offisier op wag ’n sandlopertjie gebruik om die tyd te meet,” vertel die bootsman verder. „Dit is ’n instrumentjie, wat bestaan uit twee hol glaasbolletjies, wat aan mekaar verbind is met ’n dun pypie in die middel. Een van die bolle is vol fyn sand. As ’n offisier op die wag kom, dan keer hy die sandlopertjie om, sodat die sand bo is. Dan loop dit met ’n fyn straaltjie uit die boonste in die onderste glasie. Dit vat die sandlopertjie net ’n halfuur om leeg te loop, dan moet die offisier dit weer omkeer. Hy slaan dan een keer op die skepsklok; die volgende keer twee keer, en so tot ag slae toe. As ’n seeman sê: ‚dit is drie glase in die platvoet’, dan bedoel hy, dit is halfses in die agtermiddag.”



Sandloper.

38. Aan boord van die skip. II.

„Ek dink ons moet nou maar loop,” sê Jan. „Ek weet nie, of dit van die skroef se trilling kom nie, of van die op en neer gaan van die skip, maar ek het so 'n nare gevoel op my maag. Ek wil graag bietjie gaan sit.”

As Willem die waarheid wou praat, dan sou ook hy moes erken, dat hy so 'n snaakse kieweling in sy maag voel, maar hy het maar stilgebly. Die see was nou nie meer so stil soos in die begin nie, en die skip het vrolik op die golwe rondgedans. Maar die seuns was nie gewend aan die soort van vrolikheid nie, en dit het vir hulle gelyk, of die beweging van die skip hier op die agterpunt hinderliker is as in die middel. Hulle het die vrindelike ou seerot dus bedank vir sy inligtings, en na hul eie dek toe teruggegaan.

„Sorg maar, dat julle netnou by die middagmaal 'n goeie lading aan boord neem, dan sal julle nie las van seesiekte hê nie,” roep hy hulle agterna.

Die wind het intussen 'n bietjie frisser geword; die skip slinger meer as wat die twee seuns van hou, sodat dit partykeer net moeilik gaan om op hul bene te bly. Sonder ongelukke het hulle egter hul dekstoel bereik. Toe hulle eers sit, het hulle weer beter gevoel, maar die snaakse gevoel wou nie heeltemal weggaan nie. Jan praat aaneen en lag elkemaal so opgewonde. Dit lyk darem nie, of hy dit van harte doen nie. Hy is ook taamlik bleek, en sy oë lyk so glaserig. Skielik vlie hy op van sy stoel, hou sy hand voor sy mond, hol na die verskansing, en.....

Nee, wat daar toe gebeur het, sal ons maar lievers met die sluier van geheimhouding bedek. Die ondeunde Fanie het nog boonop die arme drommel uitgelag. „So, ou maat,” spot hy met Jan, „jy betaal nou jou tolgeld aan die oseaan, nè?”

Willem het nie saangelag nie. Hy was net in die nood, dat hy ook nog jongosse sou moet inspan.

Daar word die beuel geblaas vir die aandete. „Gaan julle tog maar,” sê Jan, wat op sy stoel sit en kreun en steun. „Ek sal maar hier bly. Ek voel tog te naar.”

Willem het gedagte gekry van die bootsman se raad om maar goed te eet, daarom het hy opgestaan om saam na binne te gaan. Maar net toe hy in die eetkamer kom, en die kos se ruik kry, moes hy dadelik die loop neem buitentoe. Daar het die twee ou siekes, ewe miserabel, die terugkoms van Fanie afgewag.

„Kom, kêrels,” sê Fanie, toe hy weer by hulle kom, „laat ons 'n rukkie vinnig op en neer stap, dan sal die naarheid sak.” En hulle het ook regtig beter gevoel na hulle 'n paar maal met lang treë al om die dek gestap het. Stadigaan het hulle weer meer belang begin stel in hul omgewing, en ook weer lus gekry om te praat. Dit was al taamlik donker en die maan het agter dik wolke weggeskuil. Aan bakboord was die vuurtorings se ligte ver aan die kus te sien. Duidelik kon hulle die een van Kaap-Agulhas met gereelde tussenpose helder sien skitter, om dan weer vir 'n tydjie te verdwyn, net of 'n ou reus sy groot, flikkerende eenoog elke keer toeknyp. Dit is naamlik 'n lig, wat ronddraai.

Op die dek was dit nie meer gesellig nie. Die wind

het koud gewaai; die meeste passasiers was al kooi-toe, of sit in die rookkamer. Daarom het hulle besluit om ook maar hul bed te gaan opsoek. Op weg na die kajuit het hulle weer die seesiekte voel opkom, en hulle was maar bly om gou uit te trek en in die smal kooi te gaan lê. A, dan voel 'n man beter, al is die bedjie ook so smal en al is dit ook allesbehalwe aangenaam om saam met die skip so heen en weer te rol.

„Lekker slaap!” roep Fanie, wat in die boonste kooi geklim het, terwyl hy die gloeilampie afdraai, en kort daarna kon hulle aan sy gesnork hoor, dat hy weg was.

Willem en Jan kon nie so gou aan die slaap raak nie. Hulle het om die huis lê en dink, en hoe dit nou daar gesteld sou wees; of Lettie en Annie en Japie ook al in die bed is; en of hul ouers ook nou aan hulle dink. Hulle draai van die een sy op die ander, en begin toe die omwentelings van die skroef te tel, tot hulle tog eindelijk ook aan slaap geraak het.

Hoe lank hulle geslaap het, weet ek nie. Meteens skrik hulle wakker, en spring so haastig op, dat Willem sy kop teen die boonste kooi stamp. 'n Vreeslike gebrul klink in hul ore. Dit was, of duisend beeste gelyk bulk. Wat kon dit wees?

Fanie het ook uit sy droom wakker geskrik, en gou die lig aangedraai. Verbaas en verskrik kyk hulle mekaar aan. Toe spring hulle uit die bed, trek gou aan, en hardloop na die dek toe. Hulle was nie die enigste mense daar nie; orals staan passasiers, die meeste in hul nagklere. Daar kom die gebrul weer! Allerhande aaklige gedagtes kom by hulle op.

„Wat is dit?” vra Fanie vir ’n matroos, wat net daar verbykom. „Is daar iets verkeerd?”

„Nee wat,” sê hy in die verbygaan, „niks besonders nie. Ons is in ’n dik mis; nou blaas ons die mishoring, en vaar maar langsaam vir die veiligheid.”

„O, is dit al?” sê Fanie, „dan is dit verniet om onrustig te word. Daar is nie veel gevaar vir ’n aanvaring nie. Dit is darem maar goed, dat ons kaptein so versigtig is. Hy is ’n man, wat groot verantwoordelikheid het, en met mistigheid op die see kan ’n mens darem ook nooit speel nie. Dan kan jy mos nie die ligte sien nie.”

„Watter ligte?” vra Willem.

„O, jy was te seesiek om te sien, hoe hulle die skip se lanterns opgesteek het, net toe dit begin donker word. Stoomskepe van al die beskaafde nasies voer snags ’n rooi lig aan bakboord en ’n groen lig aan stuurboord, en boonop nog ’n wit lig aan die voorste mas. Seilskepe het nie die wit lig nie.”

„Boe-oe-oe, — boe-oe-oe!” brul die mishoring weer, en die geluid het skaars weggesterf, of hulle hoor net so ’n geluid uit die verte, amper soos ’n eggo. Daar was dus ’n ander skip êrens in die buurt.

Willem gril by die gedagte aan wat sou gebeur, as die twee skepe in botsing met mekaar kom, en voel nou heeltemal versoen met die aaklige, harde geluid van die mishoring. Hul skip vaar nog maar stadig. Hulle het nog ’n paar keer die ander skip se mishoring gehoor in antwoord op hul sienjaal, maar dit het altyd flouër geword, tot dit eindelijk heeltemal wegstorf.

Die skepsklok slaan sewe slae. Fanie reken gou uit. „Half-vier,” sê hy, „kom, kêrels, ek gaan weer slaap. Dit lyk vir my, of die mis al begin op te klaar. Buitendien is daar nie die minste aardigheid aan om hier in die donker in die motreën te staan nie.”

Hulle het maar weer in die kooi gaan kruip en was gou in 'n diepe rus, waaruit selfs die mishoring hulle nie kon wakker kry nie.

Toe Fanie hulle die anderdagmôre aan die skouer vat en skud, het hulle vir die eerste keer weer hul oë oopgemaak. „Toe, ou maties,” sê hy laggend, „julle slaap die halwe dag om. As julle van plan is om te kom ontbyt, moet julle nou uitspring. Die beuel sal netnou blaas.”

Een-twee-drie was die twee laatslapers uit die kooi, en dit het ook nie lank geduur nie, of hulle was klaar aangetrek. Die ontbyt het heerlik gesmaak. Die weer was pragtig, die see mooi stil, en gelukkig het hulle nie meer las van seesiekte gehad nie. Hulle het die hele môre met gesels en lees deurgebring, en na die ete het Willem 'n brief vir sy ouers gaan skrywe, wat hy in Port-Elizabeth wou pos.

Aan die linkerkant kon hulle so dof die Afrikaanse kus sien, maar te onduidelik om iets te kan onderskei. 'n Bietjie later hoor hulle die passasiers uitroep: „'n Walvis! 'n Walvis!” Almal spring op om te kyk. Maar daar was nie veel te sien nie. Met verkykers kon hulle sien, hoe die seemonster se kop elke maal bokant die oppervlakte van die water uitkom, en 'n straal water en damp uitblaas, om dan weer te verdwyn.

So het die tyd gou en aangenaam verbygegaan, en die seuns was net verwonderd, toe die bootsman vir hulle kom sê, dat hulle in omtrent 'n uur se tyd by Port-Elizabeth sou aankom.

39. Willem se brief.

Aan boord van die „Balmoral Castle”,
14 Januarie 192..

Liewe Almal!

Dit is skaars 'n week gelede dat ons van u almal afskeid geneem het, maar dis vir my, of dit al baie langer is. Dit is seker, omdat ons in die kort tydjie so baie gesien en ondervind het.

Ek hoop dat u my brief en my prentposkaart uit Kaapstad ontvang het, dan weet u, hoe ons die tyd daar deurgebring het. Ons het waarlik veel plesier daar gehad, en nog baie mooi dinge gesien.

Voor ons by Port-Elizabeth aankom, wil ek u nog gou 'n kort briefie skrywe, en dit dan daar gaan pos.

Ons het nog niks van Pa en Ma gehoor nie; ek verlang al so om te weet, of dit nog goed gaan, en of alles by die huis ook nog reg is.

Ek kan onmoontlik in 'n brief alles vertel, wat ons gehoor en gesien het. Dit sal ook baie lekkerder wees om daaroor te gesels, as ons almal weer ewe lekker en gesond bymekaar in die voorhuis sit. Ek wil net hê, my brief moet u vertel, dat ons u nie vergeet nie, al geniet ons ook so baie. Ek weet seker dat u ons

ook nie vergeet nie, en dit sal my ook niks verwonder om te hoor, dat my liewe Ma haar onrustig maak oor ons nie.

Liewe ouers, daar is glad g'n rede om oor ons besorg te wees nie; dit gaan nog orrelstryk met ons aldrie, en Fanie sorg daarvoor, dat ons nie in moeilikheid raak nie.

Ons het Woensdagmiddag aan boord gegaan en ek vind my eerste seereis net regte plesierig. My skoolmaats sal seker jaloers wees, as ek ons awonture vir hulle vertel.

Gister was ek 'n bietjie seesiek, — Jan ook. Dit was nie lekker nie. Maar vandag voel ek weer so gesond soos 'n vis, en ek doen aan tafel my bes om weer gister se skade in te haal. Ons het hier vrinde gemaak met 'n ou bootsman; hy kan net lekker gesels, en lê vir ons alles uit, wat ons hier aan boord sien.

Laaste nag het ons lelik geskrik. In die middel van die nag het ons wakker geword deur die geblaas van die mishoring. Dit maak 'n vreeslike geluid, sodat die hele skip daarvan bewe. Ons het toe opgestaan en op die dek gebly, tot die mis begin op te klaar. Die seeliede het ons verseker, dat daar geen gevaar was nie, maar ek kon nie help, dat allerhande nare gedagtes by my opgekom het nie, en ek het amper gewens, dat ons tog maar liewers veilig by die huis sit by u almal. Nou is ek maar bly, dat ons dit ook beleef het.

Hoe gaan dit nog met almal by die huis? Ek hoop julle het 'n lekker reis gehad, en dat die trein nie alte vol was nie. Hoe het dit met Japie op die pad ge-

gaan? Ek wed, hy het weer by elke stasie honger gehad.

Ek verlang baie na u, liewe ouers, en na Lettie en Annie ook, en na ons huis en ou Kol, en alles wat ek so lank laas gesien het.

Nou sal ek maar eindig. 'n Mens kry swaar om hier op die skip te sit en skrywe. Elke maal is daar iets, wat jou aflei. Beste groete aan u almal. Ek sluit vir Moeder en Jaap en die sussies elkeen 'n hartlike soen in, en in gedagte groet ek vir Vader met 'n stewige handdruk.

U liefhebbende seun,
WILLEM.

P. S. Fanie en Jan stuur ook die beste groete. Fanie sê, hy sal ons goed oppas, en sorg om ons weer lewendig aan u af te lewer. Goeiendag almal!

40. 'n Geveg met Kaffers.

„Maar die geveg, Jan, die geveg! Vertel ons tog gou daarvan,” roep Annie weer uit.

„Ons was twee of drie dae op die pad, toe ons die Soeloos in verskillende rigtings gewaar het, maar hulle het gedurig vir ons padgegee. Daardeur is ons moed natuurlik aangewakker, want ons het gedink, dat hulle vir ons bang is.

Hulle het al verder en verder padgegee en ons

het hulle agtervolg, tot ons op die 11de vir ons so lelik vasgeloop het. Ons het hulle die môre in groot klompe reg voor ons gesien, maar om by hulle te kom moes ons deur 'n nou kloof gaan, met 'n lang reeks van heuwels aan weerskante...."

„En het julle dit tog nie gewaag om in die kloof te gaan nie?" vra ek.

„Ja, dit het ons gedoen, en die kloof was so smal, dat ons net een agter die ander kon ry."

„Maar was julle dan gek?"

„Stil, Zakkie!" roep Hannie uit, „enige dapper man sou dit gewaag het, om sy vyand onder skoot te kry."

„Ja," stem Jan in, „en die Kaffers het so lafhartig gelyk, dat niemand kon dink dat hulle skielik so manhaftig sou word nie."

„Gaan tog aan, Jan," sê Hannie weer, en sy stamp ongeduldig met haar voet op die grond.

„Sodra ons in die kloof was," begin Jan weer, „het kommandant Uys voorgestel, dat kommandant Potgieter die Kaffers aan die linkerkant moes aanval, terwyl hyself die vyand, wat voor ons was, sou stormja.

Potgieter het daarmee ingestem. Ek was by die kommando van Uys, en ons het net gou die vyand voor ons uitgedrywe. Dit het so maklik gegaan, dat Uys onversigtig geword het.

Ons het die Soeloes in volle vaart agtervolg, en Potgieter se mense ver agtergelaat. Ja, en wat nog erger was, in die hitte van die geveg het ons in klein klompies verdeel geraak.

Daar was geen samewerking nie; elk klompie het die vlugtende vyand agternh gejaag, asof dit 'n springbokjag was.

Meteens merk ons, dat ons deur Soeloes omring is! Waar hulle vandaan gekom het, weet ek nie. Soos ystervarkpenne het hulle op die heuwels gestaan, regs en links van ons, terwyl 'n dik trop Kaffers ons terugtog afsny. Ons het tevergeefs uitgekyk na Potgieter en sy manskappe, in die hoop dat hulle ons sou kom help. Hulle was al amper uit die gesig soos hulle vlug vir die vyand. Ons was heeltemal alleen gelaat."

„Die lafaards!" roep Hannie woedend uit.

„Nee, dit moet jy nie van Potgieter en sy mense sê nie," is Jan se antwoord. „Van die begin af was daar geen samewerking en ook nie 'n goeie verstandhouding tussen hom en Uys nie. Elkeen het sy eie gang gegaan. Waarskynlik het hy nie eers geweet, hoe groot ons gevaar, en hoe benard ons toestand was nie."

Maar Hannie skud haar kop om te wys, dat sy bly by die opienie, wat sy uitgespreek het.

Intussen het Jan maar aangegaan met sy verhaal: „Dit was, of die Kaffers skielik verander was van lafaards tot helde. Plotseling weerklink hul vreeslike oorlogskreet, wat 'n mens so deur murg en been trek; hulle slaan op die skilde met hul asgaaië, en maak so 'n vreeslike rumoer, dat ons perde heeltemal kopsku en onregeerbaar geword het.

Daar was vir ons net één redmiddel, en dit was om tussen die Soeloes, wat agter ons wag, deur te

jaag. Ons het dus dadelik omgespring en probeer om op 'n jaaggalop tussen hulle deur te kom. Ons skiet so ver soos ons ry, jaag onderstebo wat voorkom en kloof vir ons 'n pad tussen die dik dromme Kaffers deur."

„Dit is amper die moeite werd om 'n fout te maak, as 'n mens later weer so 'n uitweg kan vind uit die moeilikheid!" roep Hannie ontroerd uit.

„En Uys?" vra ek, „waar het hy geval?"

„Ag, Hannie," sê Jan, „hy was 'n man! Ek weet nie, of daar ooit 'n dapperder held op Gods aardbodem geleef het nie. Hy was net besig om die vuursteen van sy roer reg te maak, toe word hy deur 'n asgaai gewond. Hy voel, hoe die bloed uit sy sy stroom, maar spoor sy perd aan. Daar sien hy 'n arme kêrel op die grond lê, wat swaar gewond was, en nie in staat om op te staan nie.

So swak as hy was van die bloedverlies, spring hy van sy perd af, en help die ander man daarop. Toe klim hy self weer met moeite op die perd, maar met eens word hy doodsbleek. O! dit was hartroerend om sy edel aangesig te sien, so bleek, maar tog so manlik, so vasbeslote om te volhard tot die einde toe. Ek kon sien, dat hy sterwende was, en ek ry na hom toe. Hy slinger in die saal, en sou seker afgeval het, as ek hom nie aan die arm gegryp het nie. Tegelykertyd het iemand anders hom aan die ander arm vasgehou, en so het ons hom nog 'n hele ent op sy perd gehou. Toe het sy laaste kragte hom begewe, en het hy ons toegeroep: „Dit is verniet, my vrinde! Julle kan my tog nie red nie. Laat my

staan, en red julleself! Ek moet tog sterwe.....
Hou God voor oë!”

Jan steun van diepe aandoening, terwyl hy dit vertel, en Hannie veeg die trane van haar oë af.

„Ons was verplig om hom te verlaat, Zakkie,” snik Jan, met nouliks hoorbare stem. „Ons het maar vortgegaan, en ek het nie die hart gehad om om te kyk, om die uiteinde van die dapper held te sien nie. Maar sy seun Dirkie, — julle ken hom almal, hy was maar veertien jaar oud, — was by ons. Toe ek vir hom skree: „Gee jou perd die spore, en red jou lewe!” het hy vir my geluister, hoewel hy hardop huil....., maar toe kyk hy vir die laaste maal om na sy dierbare vader, en sien hoe hy deur die Soeloës omring word. Hy gee net één harde skreeu, ruk sy perd om, en jaag terug. Drie Soeloës het die klein held platgeskiet, voor hy in sy vader se arms deur die Kaffers met hul wrede asgaaie doodgesteek is.”

Doodstil sit ons na Jan en luister.

Sonder om ’n woord te praat staan Hannie op, en toe het Jan ook geloop.

Dit het lank geduur, eer die soete slaap, wat alle smart met die mantel van vergetelheid bedek, my beswaarde ooglede togedruk het.

J. D. KESTELL en N. HOFMEYR.

De Voortrekkers.

41. Vegkop. ¹⁾

Bleek blink die seile vér teen die hang,
 swart kom die kaffers met driftige drang,
 bewend omhoog rys gebed en gesang —
 o, so bang!

Donker gevaartes dondrend temet, ²⁾
 blitsende flitse van pyle gewet,
 borend na bowe die skietgebed:
 Here red!

Hoor die gebruis teen die wawiel aan!
 Hoor die geklots oor die seile slaan!
 Sug van vertwyfling die boesem ontgaan:
 Heer, dis gedaan!

Vas lê die roer in die Trekker se hand,
 fluks hou sy vrou by die stryder stand,
 weg vlug Kaliepie weer na sy land —
 vér oor die rand!

Swart lê die kaffers: blom van die leer —
 „Samel by hope die vyand se speer!
 „God het geseën man en geweer!
 „Sink dan terneer!
 „Hom sy die eer!”

TOTIUS. — *Verse van Potgieter's Trek.*
 Het Westen-Drukkerij, Potchefstroom.

¹⁾ In Oktober 1836 het Sarel Cilliers met 40 man 'n aanval van 5000 Matabeles op die treklaer by Vegkop afgeslaan.

²⁾ *Temet* beteken hier *nou en dan*.

42. Muskiete.

Dit is in die Laeveld. Die dag was baie warm en drukkend, en selfs nou dat die son al in die weste weggesak het, bly die lug nog maar benoud. Dit het kort gelede gereën, en uit die poele en plasse water, wat hier en daar bly staan het, styg 'n vogtige damp op. Daar is nie eers 'n windjie om verfrissing aan te bring nie.

Die jong man, wat die ganse dag in die brandende son gewerk het, verlang na rus, — na rus en koelte.

Hy trek gou sy klere uit en was homself. Dan gooi hy die vensters wydoop, anders kan hy dit hier in die lae sinkhuis nie uithou nie. Hy steek die kers op, en gaan lê so dun aangetrek op die lae kampbed, met 'n boek in die hand om nog 'n bietjie te lees, voor hy gaan slaap. In die verte dreun die eentonige gesing van die kaffers by hul strooihuise. Hy voel jaloers op hulle, want dit lyk of hulle die warmte glad nie voel nie.

Tjoei, tjoei, tjoei! Hoor tog so 'n lastige muskiet alweer. Ongeduldig waai hy die klein plaaggees weg, wat so om sy ore gons. Maar dit help nie veel nie. Hy het skaars weer in die boek gekyk, of hier hoor hy weer die klein kwelduiweltjie, en nog een, en nog een. Hulle wil hom nie met rus laat nie. Hy gooi die boek neer en sit en wag, — sy hand klaar om gou die eerste een, wat weer in sy nabyheid kom, te vang en dood te druk.

A! daar sit een op die laken! Versigtig, langsaam steek hy sy hand uit tot dit net reg bokant die muskiet

is, en dan..... klaps! Maar die muskiet is ratser as sy groot vyand. Tjoei, tjoei! klink die vervelende geluidjie weer in sy ore, soos die laspos hom bespot, en dan maak dat hy wegkom.

Daar sit een teen die muur, dik gesuig aan sy bloed! Wag, — hierdie vabond sal nie vrykom nie! Met die boek in die hand, lig hy hom op. Een harde klap, — woeps, — teen die muur! Hierdie keer was dit raak! Verpletter kleef die muskiet aan die muur in 'n bloedvlek. — Sy bloed! — Die een sal hom tenminste nie meer pynig nie! Maar wat help dit? As 'n mens een doodmaak, dan lyk dit of daar tien na die begrafnis toe kom!

„Nou toe, gaan dan maar aan,” brom die man eindelik, en hy maak weer sy boek oop om verder te lees, tot hy eindelik sy kers doodblaas, en probeer om te slaap. Maar nou laat die muskiete hom nog minder met rus. Hulle tjoei aaneen om sy bed. Dan krap hy hier, en dan weer daar, soos die ellendige goed hom steek.

Sonder rus te kry, draai hy hom om en om, tot hy eindelik insluimer in 'n dowwe slaap, om die anderdagmôre wakker te word, lomerig, en glad nie uitgerus nie.

Lastige diere, die muskiete!

Lastig? Ja, en as dit nog maar die ergste was. Maar hulle is ook gevaarlik. Want muskiete is die rondraers van malaria, die gevreesde koors, wat elke jaar soveel slagoffers eis. Daar is byna niemand, wat in die Laeveld in die somer daarvan vrykom nie.

Iemand wat die siekte onderlede het, voel moeg en lusteloos; hy ly gedurig aan hoofpyn, sy eetlus gaan weg, en na 'n paar dae kry hy ligte aanvalle van koors, wat hoe langer hoe erger word, tot dit eindelijk oorgaan in kouekoors. Die arme pasient rittel van die koue, wat hy nie kan baasraak nie, al pak hy hom ook hoe dig toe onder wolkomberse. Hy rittel en beef dat sy bed so skud. Na enige tyd, korter of langer, neem die hewigheid van die aanval af, en begin die pasient te sweet. Maar die aanvalle kom gedurig weer, en maak hom altyd swakker en meer uitgeput en onbekwaam vir sy werk. Somtyds volg die dood, en al word die siek mens ook gesond, dan kry hy tog elke jaar weer 'n aanval, want dit bly in sy bloed, en maak sy lewe vir hom tot 'n las.

Malariakoors is nie 'n siekte, wat tot Suid-Afrika beperk is nie, — dit is oor die hele wêreld versprei. Dit eis sy offers in Indië, sowel as in Suid- en Middel-Amerika. Die woord Malaria bestaan uit twee Italiaanse woorde wat „slegte lug” beteken. In die moerassige streke aan die weskus van Italië, waar die siekte besonder straf heers, het die mense naamlik gedink, dat dit veroorsaak word deur die slegte ruik van die dampe, wat uit die moerasse opstyg. Maar hoe ongesond dit ook mag wees om die dampe in te asem, hulle het niks met malaria te maak nie. Dit is ook bekend, dat malaria nie 'n aansteeklike siekte is nie. Die besmetting van masels, pokkies, skarlakenkoors, tering, ens. kan oorgebring word deur met die siek mens in aanraking te kom, of die lug uit 'n siekkamer in te asem, maar malaria word

net oorgedra, as siektekieme uit die liggaam van 'n koorslyder in 'n gesonde mens se bloed kom.

Kaffers wat in die Laeveld gebore word en daar opgroei, het dikwels die kieme in hul bloed, sonder dat hulle eintlik baie las van die siekte het. Hulle is gesout aan die koors, soos ons dit noem. Maar as 'n muskiet die kieme uit hul bloed oordra in die van 'n witmens, dan openbaar die siekte hom net gou in die ernstigste vorm.

* * *

Muskiete lê hul eiertjies in water. Waar nie water is nie, kan muskiete dus ook nie in die lewe bly nie. In lopende water kom die eiertjies meeste van die tyd nie tot ontwikkeling nie, maar stilstaande dammetjies, watervore wat nie skuins afloop nie, kante van riviere, wat met ruigte en fluitjiesriet begroei is, en sulke soorte van plekke, is ware broeieste. Daar lê die wyfie van 100 tot 300 eiertjies, so groot soos 'n klein speldeknoppie, wat in warm weer in drie dae se tyd uitbroei. Dan kom daaruit 'n diertjie te voorskyn wat baie min na 'n muskiet lyk en 'n „larwe” genoem word. „Kronkelaar” sou 'n goeie naam daarvoor wees. Die diertjie het 'n dik kop en 'n taamlike lang, slap lyf. Hy beweeg deur die water, net soos 'n kronkelende slangetjie.

Soogdiere en voëls haal deur hul longe asem, visse deur kiewe, baie insekte deur openings aan die kante van hul liggaam, maar die kronkelaar haal asem deur 'n fyn lugpypie aan sy stert. Daarom hang hy, as daar nie iets is, wat die water in beroering bring

nie, meeste van die tyd doodstil aan die oppervlakte van die water, sodat sy stert se puntjie daar bokant uitsteek. Die heel klein diertjies, wat in onsuier water lewe, en alleen deur middel van 'n sterk miskrooskoop of vergrootglas kan gesien word, strek die larwes tot voedsel. In 'n paar dae se tyd groei die kronkelaar soveel, dat sy vel vir hom te klein word. Dan bars dit oop op die kop langs, en die insek kom met 'n splinternuwe baadjie uit sy ou omhulsel uit. Die leë vel dryf in die water rond, en word deur die larwes opgeëet. Op dié manier vervel die dier driemaal; die vierde keer verander hy ook van gedaante. Dan word hy 'n papie, en lyk omtrent soos 'n groot, dik komma, en wat nog die wonderlikste is, dan haal hy nie meer deur een lugpypie aan die stert asem nie, maar deur twee lugpypies, wat op die rug uitsteek, net waar die komma op sy dikste is. Hy beweeg dan ook heeltemal op 'n ander manier. Deur sy stert krom te buig, en dan weer net so vinnig reguit te maak, skiet die diertjie net so rats heen en weer deur die water asof hy vlie, maar kort-kort gaan hang hy darem weer aan die oppervlakte, sodat sy lugpypies bokant uitsteek.

Nog 'n paar dae, en dan ondergaan hy weer 'n gedaanteverwisseling. Die komma draai hom om, die dikste gedeelte bars oop, en 'n uitgebroeide muskiet werk hom stadigaan daaruit te voorskyn.

'n Paar minute sit die dier nog op sy ou vel, soos op 'n skuitjie, dan stryk hy sy vlerkies glad, slaan hulle 'n paar maal uit, en eindelijk vlie hy op in die lug, om die mens soveel las en kwaad aan te doen,


as hy in sy kort lewetjie maar moontlik kan.

As die moedermuskiet reeds malariakieme in haar het, dan is die kieme ook al aanwesig in die eiertjie, die larwe, die papie, en in die pasgebore muskiet. As hy nie van sy jeug aan besmet is nie, dan moet hy eers iemand steek, wat die koors het, voor hy die siekte kan oordra.

Vóór aan sy kop het 'n muskiet 'n hele versameling van prieme en boortjies, waarmee hy maklik in 'n mens se vel 'n gaatjie kan boor, sodat hy met sy slurpie bloed uit die wond kan opsuig. Deur die slurpie loop dan meteens ook in die gaatjie 'n druppeltjie van 'n soort skerp vog, wat die bytplek so geweldig laat jeuk, en waardeur die koorskieme ook direk in 'n mens se bloed gebring word.

Dit is egter nie alle soorte muskiete wat malaria oordra nie. Daar is sommige soorte wat net lastig is, sover ons weet, maar nie gevaarlik nie. Geleerde mense het die regte koorsmuskiet die naam van „Anopheles” gegee. As 'n mens goed oplet, dan kan jy hom sonder moeite van die „Culex”, of minder gevaarlike soort onderskei.

As die Culex teen 'n muur sit, dan is sy liggaam amper in 'n gelyke lyn daarmee, terwyl die Anopheles, wat meestal swart of bruin vlekies op sy vlerkies het, sy liggaam skuins na agter toe uitsteek, as hy gaan sit, net of hy met sy kop in die muur wil boor. Die kronkelaar van die gewone muskiet hang byna altyd regaf in die water, met sy kop na ondertoe terwyl die koorsmuskiet reguit drywe in die water, d.w.s. hy hou sy liggaam horisontaal.



Nou dat ons gesien het hoeveel kwaad 'n muskiet kan doen, kom die vraag vanself by ons op, hoe ons die vyand op die beste manier kan bestry.

Elke mens weet by ondervinding, hoe moeilik dit is om 'n muskiet te vang en dood te maak, as hy eers vlerke het. Dit spreek dus vanself, dat ons moet probeer om hulle baas te raak, voor hulle begin te vlie, — of nog beter, ons moet hulle geen kans gee om uit te broei nie. Dit is gelukkig nie onmoontlik nie.

Die eerste, waar 'n mens voor moet sorg, is dat daar geen stilstaande water naby die huis is nie.

Kyk, daardie watervoor is lanklaas skoongemaak, en langs die kante bly klein dammetjies water staan, —

eersteklas plekkies vir die muskiet om sy eiertjies in te lê! Maak die voor dadelik goed skoon, sorg dat hy meer val kry, en hou sy kante glad en vry van gras.

Daar anderkant is 'n plek, waar hulle klei uitgegrawe het om mee te pleister. Met die laaste reëns het daar water in bly staan. Skep bietjie 'n glas vol daarvan uit. Kan jy sien? Dit wemel van kronkelaars! Gooi die kuil toe! Net 'n paar kruiwaens met gruis of sand en geen muskiet sal weer daarin uitbroei nie.

Op die vullishoop agter die huis lê leë konfytblikke en roes. Daar is ook water in. 'n Muskiet is nie alte kieskeurig nie. As jy die water daar laat staan, dan kan jy daarop reken, dat hy sy eiers daarin sal lê.

'n Entjie van die huis af is 'n vlei. Daar boer die muskiete ook. As dit onmoontlik is om die water daar te laat verdwyn, gooi dan 'n bietjie lampolie daarop. Die olie sprei dan uit in 'n dun lagie oor die oppervlakte van die water, maak al die muskiete en die eiertjies dood, en verhinder die larwes om asem te haal, sodat hulle ook moet doodgaan.

As 'n mens net goed oppas, dat daar nie broeiplekke vir muskiete naby jou woning is nie, dan loop jy ook nie veel gevaar om die koors te kry nie.

'n Mens kan jou darem teen die volwasse muskiet ook beveilig. Vereers moet 'n mens geen kaffers naby jou huis laat slaap nie. Dit mag makliker wees om die volk byderhand te hê, maar die meeste van die Laeveld se kaffers het malariakieme in hul bloed, en die muskiet is maar altyd gereed om dit oor te dra. Oordag is daar nie veel gevaar nie, want 'n muskiet steek byna altyd snags.

Ten tweede moet al die deure en vensters met fyn sifdraad of muskietegaas afgesluit word, sodat daar vars lug in die kamers kan kom, en die ongewenste gaste tog buite gehou word. En hang 'n muskietnet om jou bed. Dan kan hulle maar die hele nag in magtelose woede rondom gons en brom, want hulle kan jou tog nie bykom nie.

Ons regering het in die laaste jare daarvoor gesorg, dat al die wonings van amptenare in die Laeveld met sifdraad teen muskiete verdedig is, en sinds hulle die maatreël toegepas het, het die malariakoors daar baie afgeneem.

Durban, Lourenço Marques, en baie ander strand-plekke, was eentyd regtige koorsneste. Maar vandat daar gesorg word, dat daar nie meer staande water is, waarin muskiete kan uitbroei nie, en toegang tot die huise hulle so te sê heeltemal belet is, is die plekke nie ongesonder as ander plekke nie; en al is malaria daar nog nie heeltemal uitgeroei nie, is dit darem baie verminder.

43. Port-Elizabeth en Oos-Londen.


Dit was net omtrent vyfuur, toe die Balmoral Castle sy anker laat val op die rede van Port-Elizabeth. Terwyl dit nog helder lig was, wou die seuns natuurlik so gou moontlik aan land gaan, om die stad te gaan bekijk voor dit donker word. Hulle staan oor die verskansing en leun, en kyk na die skuite wat van die wal af na hulle toe kom en die skip omring. Terwyl

hulle vir die ligters wag, wat die skip se lading moet oorneem, en die passasiers ook na die land toe moet bring, het Fanie die kus met sy verkyker staan en bekyk.

Fanie is tog alte hoogmoedig op die verkyker. Hy het sy maats verseker, dat die wonderlike glas dinge soveel nadertrek, dat as 'n mens daarmee na 'n haan kyk, wat vyftig myl ver staan en kraai, jy duidelik sy koekeroekoe kan hoor! Ek sou dit nie graag op my gewete wil neem om te bevestig, dat dit die suiwere waarheid is nie, maar ek weet darem, dat die seuns alles op die kus so duidelik daarmee kon sien, asof hulle vlak daarby gestaan het.

Fanie het hulle die piramiede gewys, wat Sir Rufane Donkin opgerig het ter gedagtenis aan sy vrou Elizabeth, na wie die stad genoem is.

Hier van die plek af, waar die skip nou lê, het die Skotse koloniste in 1820 vir die eerste keer hul nuwe woonplaas gesien. Die seuns het probeer om hulle voor te stel, met watter gevoelens die landverhuisers na die vreemde kus gekyk het. Toe was hierdie streek nog so te sê onbewoon, en het dit daar seker maar onherbergsaam uitgesien, terwyl alles nou lewendig en vrolik lyk. Dig by die piramiede staan die vuurtoring. 'n Groot swart bol hang daaraan, wat elke middag presies om twaalfuur opgetrek word, en sodoende die regte tyd aangee vir die skepe, wat in die hawe lê. Aan die anderkant kon hulle vir St. Croix sien lê, die eiland waar Bartholomeüs Dias geland en 'n kruis opgerig het, toe hy vir die eerste keer om die suidpunt van Afrika geseil het.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.

Seinmas, piramiede en vuurtoring op Port-Elizabeth.

Terwyl hulle so na dit alles staan en kyk, voel Willem meteens 'n hand op sy skouer, en toe hy omkyk sien hy die kajuitbediende staan.

„Hier is 'n telegram vir u,” sê hy, terwyl hy hom 'n ligbruin konvert gee. Willem kon sy oë nie glo nie, — 'n telegram vir hom! Van wie kon dit wees? — Van haastigheid om die konvert oop te skeur, het hy heeltemal vergeet om die goeie man te bedank.

„Goeie reis en veilige aankoms. Hier alles wel,” telegrafeer sy vader, en so het Willem meteens twee dinge gelyk geweet, nl. dat sy ouers aan hom dink, net soos hy aan hulle dink, en ten tweede, dat dit nog

alles goed gaan tuis. Hy was baie bly om die tyding te kry. Ons is al so gewoonnd daaraan om met die trein te ry, dat ons amper nie meer die afstand voel nie, maar as jy 'n seereis agter jou rug het, dan verbeel jy jou vanself, dat jy nou baie ver van die huis af is.

„Hier is 'n motorboot wat na die stad toe vaar,” kom een van die medereisigers vir hulle sê. „Gaan julle ook saam?”

Natuurlik was hulle dadelik klaar vir die uitstappie. Op die dek het dit onder die wyl baie woelig geword. Die luike van die ladingruime was oopgemaak, en die stoomkrane hys gedurig kiste en bale op, om hulle weer te laat sak in die ligters, wat langs die skip lê. Dit is net by baie hoog water, wat 'n groot boot daar die kade kan bereik. Anders word alles deur ligters op- en afgelaai.

Die see was taamlik stil, dus het hulle nie veel moeite gehad om met die trap, wat langs die skip neergelaat was, af te klim tot onder in die motorbootjie nie. Soos 'n pyl sny dit deur die water, en in 'n paar minute word hulle middel in die gewoel van die hawe geland. Dit lyk of die werk in so 'n hawe nooit ophou nie. Treine stoom en dreun heen en weer, en reusagtige krane is hard besig om die ligters vol te laai, of om hulle van hul vrag te ontlaas.

Die seuns het dit dadelik raakgesien, dat daar verbasend baie bale wol klaar lê, om weggestuur te word. Later het Fanie hulle die groot pakhuise gewys, en hulle vertel, dat wol en volstruisvere die vernaamste dinge is, wat hiervandaan uitgevoer word. Die uitvoer

van volstruisvere het in die laaste jare baie agteruitgegaan, maar die uitvoer van wol word gelukkig nog elke jaar groter. „Is dit nie jammer nie,” sê hy, „dat elke jaar duisende bale wol hiervandaan na Europa toe verskeep word, om later in die vorm van klere, komberse, ens. weer teruggestuur te word?”


„Ja, dis 'n skande,” sê Jan, „ek hoop dat die tyd spoedig sal aanbreek, dat Suid-Afrika sy eie produkte sal bewerk.”

Nadat hulle die gewoel 'n tydlank beskou het, het hulle die stad ingegaan. 'n Gids het hulle nie nodig gehad nie. Port-Elizabeth is nog maar 'n betreklike jong stadjie, en nie so danig groot nie; 'n mens verdwaal daar nie maklik nie. Hulle het dit eenaardig gevind, dat so baie strate daar steil bergop en bergaf loop. Nadat hulle die winkelstrate deurgeloop het, het hulle in 'n wyk gekom, waar net Indiërs en Slamaaiers woon. Daar was dit nie so mooi, en so danig sindelik ook nie. Hier en daar het hulle snaakse luggies gekry, maar dit was darem 'n aardigheid om die nasies met hul bont klere te beskou. Hulle het ook by 'n Hindoe-tempel verbygekom, — die enigste een in Suid-Afrika, soos hulle later verneem het.

Na die pragtige park het hulle ook gaan kyk. Dit lyk 'n bietjie na die tuine in Kaapstad, maar die aalwyne, kaktusse en palms, wat so geil groei, is 'n bewys, dat die klimaat hier baie warmer moet wees. Fanie het natuurlik nie vergeet om hulle die beroemde slangepark te wys nie.

Met die trem het hulle na Homewoodstrand toe gegaan, net buitekant die stad. Daar was ook 'n groot

gewoel. Op die strand en in die water was dit amper ewe vol mense. Honderde mense sit daar op strandstoele, elkeen met 'n gestreepte sonsambreel bo-oor. In die seisoen woon baie mense hier in tente en klein huisies, wat hulle van die stadsraad huur.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Homewoodstrand.

Willem het net sin gekry om ook eendag hier vir 'n paar weke te kom tent opslaan, en hy het hom voorgeneem om met sy Pa daaroor te praat net soos hy by die huis kom.

Hulle kon die versoeking nie weerstaan om ook 'n seebad te neem nie. Nadat hulle vir 'n halfuur in die

water rondgeplas het, was dit al weer tyd om na hul drywende woning terug te gaan. Hulle het nie geweet, hoelank die Balmoral Castle daar sou bly lê nie, en was bang om te laat te kom.

Met die trein het hulle na die stad teruggegaan, en daar 'n skuitjie gehuur om hulle weer aan boord te bring.


Die aandete was al afgeloop, maar dit was minder. Saans om nege-uur word daar aan boord altyd beskuit en kaas op die tafel gesit, en daarmee het hulle maar die leë plekkies opgevul.

Dit was goed, dat hulle die dag soveel moontlik gesien het, want toe hulle die volgende môre op die dek kom, hoor hulle, dat die boot al weer om agtuur sou vertrek.

Die reis na Oos-Londen het maar ag uur geduur. Op weg daarheen was nie veel te sien nie. So dow-werig kon hulle aan bakboord die kus sien, maar dit vertoon nie veel afwisseling nie.

Om twaalfuur het hulle gaan kyk, hoe die offisier van die wag die stand van die son opneem met sy sekstant. Dit word elke dag presies op dieselfde tyd gedoen en dan kan die seeman die plek van die skip op die seekaart bepaal. Op so'n kort reis is dit nie so erg nodig nie, maar dit is nou eenmaal die gewoonte om dit nooit oor te slaan nie.

As 'n mens Oos-Londen en Port-Elizabeth van die see sien, dan lyk hulle baie na mekaar. Hier het die skip ook op die rede bly lê, maar ek moet julle tog vertel op watter snaakse manier die seuns van die




Met verlof van die U. C. Stoomboot My.

Die Mailboot in see.

skip af op die skuitjie gekom het, wat hulle na die land moes neem.

'n Groot mandjie, omtrent ag voet hoog, staan op die dek. Dit lyk amper soos 'n klein huisie met 'n



Met verlof van die U. C. Stoomboot My.

In 'n mandjie van die skip af.

strooidak, twee venstertjies en 'n deur. Dit is met 'n dik kabel aan een van die maste vasgemaak. Hulle moes in dié mandjie klim. Dit was maar taamlik nou, toe vier man regop daarin staan. Nou word die deur toegemaak, die mandjie met sy lewendige vrag opgeheys, oorboord geswaai, en op die skuit se dek neergelaat. Na hul kort reis deur die lug, word

die deur oopgemaak, en kan hulle weer uitkom. *)

Wat hulle in Oos-Londen te sien gekry het, was amper dieselfde as in Port-Elizabeth, dus sal ek daar maar nie veel van sê nie. Die hawe is hier ook maar baie woelig. Skepe, wat nie alte diep onder water lê nie, kan hier inseil tot in die mond van die Buffelsrivier. Buiten wol word baie velle ook hiervandaan uitgevoer, en die wonderlikste is dat die bas, wat nodig is om die velle mee te looi, ook na Europa toe gestuur word, in plaas van die velle self hier te bewerk.

Hierdie keer het ons reisigers gesorg om nie weer hul maaltyd mis te loop nie. Toe hulle die volgende môre opstaan, kon hulle somar aan die tril van die skroef voel, dat hulle al weer vaar. Sodra die vrag in Oos-Londen afgelaai was, net na middagag, het hulle weer die anker gelig. Hulle was dus nou op reis na Durban, waar hulle gehoop het om vroeg in die middag aan te kom. Die see was so glad soos 'n spieël, en dit was lekker stil op dek. Die meeste passasiers was al geland, sodat die eetkamer taamlik leeg was onder die maaltje, maar dit het die drie niks verveel nie. Gedurig kom hulle vissersskuitjies teë en eenmaal het 'n walvisvaarder hulle op 'n kort afstand verbygevaar.

*) Vir die eienaardigheid laat ons die seuns met die mandjie van die skip afgaan. Teenswoordig is dit meesal nie nodig nie. Die skepe lê by die pier aan, of anders gaan die mense met 'n leer op ligters oor.

44. In Durban. I.

Ag, maar die eerste gesig van die see af op Durban is tog pragtig!

Die seuns het Port-Elizabeth en Oos-Londen al mooi gevind, maar hulle kon nie help om te dink, dat Durban tog maar bo-baas is nie. Hulle kon nie genoeg kry van die pragtige toneel nie. Dit was net 'n skildery, — die vrindelike stad op die voorgrond, die blou heuwels agterlangs, met die helder somerson oor alles uitgegiet.


Vroeg in die agtermiddag, net na die ete, het hulle daar aangekom. Hier was dit nie nodig om ver van die stad op die rede te bly lê nie. Die boot kon binne in die baai gaan tot teenaan die kade, en hulle daar aflaai.

Die ou bootsman, met wie hulle al dik vrinde was, en wat dikwels met hulle 'n praatjie kom maak, het nou ook vir hulle alles kom wys, wat die moeite werd was om te sien.

„Daardie punt van die heuwel, wat so ver in die see loop, word die „Bluff” genoem,” sê hy. Met die verbygaan kon hulle daarop die vuurtoring en die seinstasie sien, wat toe al natuurlik van hul aankoms in die stad kennisgegee het. Tussen twee lang golfbrekers het die boot die Baai van Natal ingestoom.

„Ek kan my nog goed die tyd herinner, toe dit vir groot skepe onmoontlik was om hier aan land te kom, en gevaarlik vir kleiner vaartuie,” sê die ou seerob. „Nie so lank gelede nie moes die skepe van ons maatskappy nog hier op die rede bly lê, en moes

die passasiers nog met 'n mandjie afgelaai word. Voor, net by die ingang van die baai, het 'n breë sandbank gelê, en glo my dit het die inwoners van Durban 'n moeite en geld gekos, en die seeliede 'n las veroor-



Met verlot van die S. A. Spoorweg Dpt.
Skip in die drywende dok.

saak, want selfs op die ree was 'n skip nie veilig nie. Daar loop 'n sterk stroom in die see, en as 'n skip nie behoorlik geanker is nie, dan ruk dit los, of die ankerkabel breek, en die anker bly onder in die bodem van die see vassit.

Daar was 'n tyd, dat hier soveel ankers op die see se bodem gelê het, dat hulle bepaald 'n gevaar op-


gelewer het vir die skeepvaart. Toe het die regering deur sleepbote soveel van die ankers laat opvis, as maar moontlik was. Hulle sê, dat hier nie minder as tussen 350 en 400 ankers uitgekom het nie. As ons netnou in die hawe kom, dan sal julle 'n plek sien, waar nog 'n hele klomp van die ankers op 'n hoop lê ter gedagtenis aan die ou tyd.

Nou dat die twee golfbrekers hier by die ingang gebou is, en die kanaal gedurig deur groot baggermasjiens dieper gemaak word, kan selfs groot skepe altyd veilig in die hawe kom."

Hy het vir hulle ook die drywende droogdok gewys. Dit is regtig 'n mooi uitvindsel. Dit is eintlik 'n reusagtige ystertrog of bak, in die vorm van 'n U, van voor en agter oop. Die mure daarvan is hol. As daar aan 'n skip moet gewerk word, dan laat hulle die hol mure weerskante vol water loop. Dan sink die dok byna heeltemal weg onder die water, en kan die skip daar invaar. So gou soos die skip mooi in die middel daarvan lê, word dit daar vasmgemaak, en met stoompompe word die water dan weer uit die hol kante uitgepomp. Op dié manier rys die droogdok dan weer stadig, en lig die skip saam met hom op, totdat dit eindelijk hoog en droog tussen die dok se mure lê, en die werksmense dit van al kante kan bykom. Met die verbyvaar het die seuns 'n groot stoomboot daarin sien lê, en kon hulle die groot skroewe aan die agterstewe goed beskou.

Onder die praat het hulle by die kade gekom, en gestaan en kyk, hoe die boot aan die kant met dik toue vasmgemaak word. Toe die loopplank reggesit

word, was hulle onder die eerste mense wat geland het. By die loopplank was 'n bord opgehang om kennis te gee, dat hul skip eers weer die volgende nag die reis sou voortsit, sodat hulle genoeg tyd sou hê om Durban mooi te gaan bekyk.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Stadshuis van Durban.

En in Durban is werklik veel te sien. Van die hawe sal ek julle nie veel vertel nie, dit is daar net so woelig soos hawens maar altyd is.

Hulle het die stad ingegaan met 'n ligte, klein karretjie, wat die mense daar 'n „rieksja” noem. Dit word deur 'n Soeloekaffer getrek; wat baie verspot

aangetrek is. Die meeste rieksjakaffers het beestehorings op hul koppe, met bontgeverfde pluime van pampasgras, wat agter op hul rug ahang. Sommige het 'n kroon van ystervarkpenne op, en klokkies om hul middel, soms ook om hul arms en bene, om te laat rinkinkel as hulle hardloop.

Die kaffer het so vinnig gehardloop, dat hy eintlik geblink het van die sweet. In 'n kort rukkie het hy die seuns by die stadshuis afgelaai, en het hulle hom betaal vir die rit.

Die inwoners van Durban het alle reg om trots te wees op hul pragtige stadshuis, — een van die mooiste geboue in ons land. Die sierlike koepel in die voorste gewel, wat 167 voet hoog in die lug staan, kan byna van enige plek in die stad gesien word. Die gebou word nie alleen vir kantore gebruik nie, maar ook die biblioteek, die museum, en die skilderyeversameling is daarin onderdak gebring. Die seuns was natuurlik nie tevrede voor hulle dit alles nie eers gaan beskou het nie, maar dit sou te lank duur om noukeurig alles te beskrywe, wat hulle daar gesien het.

Hulle het rondgeloop in die woelige strate, waar die elektriese trems heen en weer snor, en elke keer iets nuuts gesien wat hulle aandag trek. Alles in Durban getuig van voorspoed en welvaart: die pragtige geboue, die groot, ruim pakhuse en kantore, maar veral die strate self, wat so buitengewoon goed onderhou word, en so netjies en skoon is.

Met die trem, — natuurlik het hulle heeltemal bo-op gesit, — maak hulle toe 'n heerlike ritjie na die Berea. Daar is dit eers mooi! Elke huisie staan

in 'n tuin, en die een wedywer met die ander, wie die mooiste sal wees. Kort-kort kry 'n mens tussen' die bome deur 'n pragtige uitsig op die see.

Op die horlosie in die poskantoor se hoë toring was dit amper vyfuur, toe hulle van die Berea af terugkom, om die res van die middag op die strand te gaan deurbring.

Daar was dit eers plesierig! 'n Menigte grootmense en kinders sit of speel daar rond op die strand, en in die see wemel dit ook van mense, wat daar kom baai. Die badplek is ingesluit deur 'n ysterbrug of wandelpier, wat met 'n halfmaan in die see gebou is. Deur 'n goeie orkes word ook gesorg vir mooi musiek op die strand. Nadat die seuns self 'n lekker seebad geneem het, en weer op die strand heen en weer loop, het hulle na 'n klomp mense gestap, wat lekker staan en lag vir die toere van 'n paar kunstemakers, wat hul kos op die strand verdien, deur die publiek te vermaak met bolmakiesieslaan en allerhande grappies.

Hulle het aan boord gaan eet, daar eers 'n bietjie uitgerus, en toe weer na die stad toe gegaan en die aand gaan deurbring in die pragtige winkelstrate en op die helder-verligte strand, waar dit saans net so woelig is as oordag. Toe het hulle weer 'n keer hul planne vir die volgende dag saam bespreek, en eendelik, net moeg, aan boord gegaan, waar hulle gou vas aan die slaap was.

45. In Durban. II.


Die volgende dag het die seuns ook nie weer gras onder hul voete laat groei nie. Na ontbyt het hulle dadelik weer afgesit, — eers na 'n pragtig aangelegde park. Fanie het hulle geneem na 'n hoekie van die park, waar 'n paar lae geboutjies staan in die skaduwee van groot bome.

„Met die geboutjies het ons nou niks uit te waai nie,” sê hy, „maar sien julle daardie ou grondwalle en slote? As hulle kon praat, sou hulle 'n baie belangrike geskiedenis kon vertel. Nou dat hulle dit ongelukkig nie kan doen nie, sal ek maar probeer om dit vir julle te vertel.

Kyk, hier was die fort wat majoor Smith opgerig het, toe die Engelse hom in, 1842 hierheen gestuur het met 237 man om Port-Natal, waar die Voortrekkers toe gevestig was, weer vir Engeland in besit te neem. Die Boere se laer, onder Pretorius, was by Congella, 'n halfuur hiervandaan. Hul protes het niks gehelp nie, en net gou was Boer en Engelsman aanmekaar! In die nag van 23 Mei 1842 het majoor Smith probeer om die Boere onverwags aan te val, maar hy het sy vyand te gering geskat, en nie op hul waaksaamheid gereken nie. Na 'n kort, maar hewige geveg, moes die Engelse padgee, met 'n verlies van 16 dood en 31 gewond, en hul twee kanonne in hande van die Boere agterlaat. Daarna het die Boere Smith se fort ingesluit, en die toestand van die omsingelde mense het baie haglik geword. Daar was gebrek aan kos en ammunisie, en die Boere sou seker vir majoor Smith

gedwing het om oor te gee, as daar nie vir die Engelse hulp opgedaag het nie.

'n Jong Engelsman, Dick King, wat naby Durban gewoon het, was hul redder.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
'n Straat in Durban.

Hy het ongemerk tussen die Boere se wagte deur-gekom, en toe in nege dae tyd na Grahamstad gery, hoewel hy op die pad veel gebrek moes ly en gedurig in gevaar was van die Kaffers. Daar het hy gaan vertel, hoe die sake staan in Natal. Dié gevolg was, dat daar op die 24ste Junie 'n skip met troepe van Port-Elizabeth in Port-Natal aangekom het, en die dag

daarna 'n ander skip uit Kaapstad, om die fort te ontset. Toe die troepe in Durban land, was Pretorius genoodsaak om vir die oormag te wyk. Op die 15de Julie het die Volksraad besluit om die ongelyke stryd maar op te gee, en was die Engelse weer in besit van Natal.

Die Regering het vir Dick King die plaas Isipingo gegee as 'n beloning, en enige jare gelede het die inwoners van Durban 'n gedenkteken opgerig vir die dapper man."

„Dié Dick King het seker ook nooit gedroom, dat hy nog eendag so 'n belangrike rol in die geskiedenis van Suid-Afrika sou speel nie,” sê Jan, en Willem wat dit heeltemal eens met hom.


Hulle het toe die monument gaan bekyk, wat opgerig is vir die soldate, wat in dié stryd gesneuwel het, en die groot kanon, afkomstig van die wrak van die Grosvenor.

Die volgende aan die beurt was 'n besoek aan die walvisstasie by die Bluff.

'n Skuitjie het hulle oor die baai geneem. Aan die oorkant kon hulle aan 'n onaangename reuk merk, dat hulle nie ver van die traankokery af kon wees nie. Hulle het dit gelukkig getref, want 'n walvisvaarder het net die môre 'n walvis van oor die 60 voet ingesleep. Hulle het verlof gevra en gekry om die gewerskaf te bekyk. „Julle moet my tog maar ekskuseer, dat ek nie self met julle kan saamgaan nie,” sê die bestuurder, „maar ek is op die oomblik te besig. Pas net op dat julle nie gly en val nie, want dit is alles baie glad hier.”

Hulle het gestaan en kyk, hoe sterk kettings aan

die swaar liggaam vasgemaak word, en 'n stoomwindas die seemonster stadig inpalm en uit die see optrek tot teen die skuinste, wat daarvoor gemaak is. Sodra dit daar aankom, word dit van alkante met byle



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
'n Walvis op pad na die traankokery toe.

en messe aangeval en stukkend gesny. Die groot stukke spek word dan op 'n treintjie gelaai, wat daarvoor klaar staan, en na die anderkant van die Bluff toe geneem, waar die traankokery is. Die seuns het op die lokomotief gery, saam met die drywer. In die traankokery word die stukke kleiner gesny, en dan in reusagtige ysterpotte gegooi, waarin die olie dan

uitgebraai word. Later word die traan of olie nog 'n keer gesuiwer, en dan in vate versamel. Die beste traan is dié wat vanself uit die spek drup; dit is wit, terwyl die uitgebraaide traan bruin van kleur is. Die bek word oopgehou deur kettings, wat oor katrolle loop bo aan die solder. Maar dit is ook 'n bek! — Die mans, wat besig was om die baard of balein daaruit te kap, kon maklik regop staan daarin.

As dit nie so vuil en grillerig daar uitgesien het nie, dan sou Jan en Willem ook graag daarin gegaan het, al was dit nou net om naderhand te kan vertel, dat 'n walvis hulle in sy bek gehad het.

'n Walvis se baard^{se} is goed sewe voet lank, met fraiings van stywe, bruin hare eenkant, wat vol sit van allerhande soorte skulpij^{se} en seediertjies.


'n Walvis het maar 'n baie nou keelgat, en sy voedsel bestaan net uit klein seediertjies.

Fanie het hulle gesê om op te let, dat 'n walvis se stert dwars aan sy liggaam sit, terwyl die stert van 'n regtige vis altyd vertikaal staan. Kiewe het hy glad nie, hy haal asem deur sy longe. Vir so 'n groot dier is sy oë besonderlik klein.

Een van die werksmense het hulle vertel, dat 'n mooi groot walvis tot 80 vate olie oplewer, en dat uit sy kop 'n besondere soort olie geskep word, wat hulle spermasetie noem. Die spermasetie word dik en hard, as dit koud word. Hulle gebruik dit om kerse van te maak. Daar gaan niks verlore nie: die traan word gebruik vir masjienolie en om seep van te kook; die vleis en die uitgebraaide kaiings, sowel as die fyn-gemaalde bene, word gebruik vir grondbemesting.

Nadat hulle die dier goed beskou het, en die traan-
kokery ook besigtig het, was hulle maar bly om weer
daar uit te kom. Die stank was amper onuithoubaar.

Toe het hulle na een van die walvisbote gaan kyk.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Walvisboot.

So 'n stoombootjie is klein, maar baie sterk gebou.
Op die voorskip staan 'n soort van 'n kanon, en op
die agterskip is 'n inrigting, waar die walvis wat hulle
geskiet het, vasgemaak word. In die voorste mas sit
gewoonlik iemand op die uitkyk, gewapen met 'n ver-
kyker, waarmee hy probeer om walvisse te ontdek.
Hulle verrai mos altyd hul teenwoordigheid deur die

straal water, wat hulle elke keer uitspuit, as hulle na die oppervlakte toe kom om asem te haal.

Dan stoom die skip daarheen, en so gou as hulle naby genoeg is, word 'n kort harpoen uit die kanon geskiet. Maar die harpoen bly aan die skip verbind deur middel van 'n dun, sterk lyn. Voor aan die punt van die harpoen is 'n klein, ontplofbare bommetjie, wat uitmekaar bars, sodra dit in die walvis se liggaam kom. Deur die ontploffing ruk die weerhake los, en dit laat die harpoen styf vassit in die walvis. Gewoonlik is die wond so groot, dat die dier spoedig aan bloedverlies sterf; maar somtyds sleep hy die skip, in sy pyn en woede, so vinnig deur die water, dat die mense die lyn moet afkap om die skip te red. As die walvis nou eenmaal dood is, dan word hy met sterk toue agter aan die skip vasgemaak en aangesleep wal-toe.

„In die ou tyd,” vertel die skipper, „was die walvisvangs 'n baie gevaarliker werk as nou. Sodra hulle op see 'n walvis gewaar, word die skuie dadelik in die see afgelaat en beman, en dan roei hulle met die meeste spoed daarheen. Die harpoengooier staan voor in die boot en het in sy hand 'n harpoen, wat eintlik niks anders is nie as 'n asgaai, met weerhake voor aan, en omtrent vier voet lank. Die lyn was opgedraai om 'n soort van katrol voor op die skuit. Op die regte oomblik gooi hy dan die harpoen met al sy krag in die vis. Gewoonlik duik die seemonster dadelik onder die water, en die lyn draai so vinnig af, dat dit partykeer aan die brand slaan. Die skuitjie word met 'n vreeslike vaart agterna gesleep; en die matrose moet al hul kragte inspan om dit nie te

laat omslaan nie. Na 'n tydjie moet die dier weer opkom om asem te skep. Dan word 'n tweede harpoen in hom gegooi, en so hou hulle aan tot die seemonster eindelijk beswyk aan bloedverlies. Somtyds slaan die skuit om, of word deur die woedende dier met een hou van sy vreeslike stert verbrysel. Meer as een seeman het op dié manier sy lewe verloor. Die dooi walvis het hulle dan langs die kant van die skip vasgemaak, en die seeliede het daarop geklim met groot skoene, wat met lang spykers beslaan was. Hulle sny die spek in repe en dan word dit aan boord van die skip uitgebraai. Die geraamte en die vleis het hulle in die see agtergelaat as aas vir visse en seevoëls."

Die seuns het hier toe vereers genoeg gesien, en weer na die stad teruggegaan om te eet. Dieselfde agtermiddag is hulle met die trein uit na Escombe, om die suikerfabriek te gaan bekijk.

* * *

Die trein het hulle al langs die moerassige kus na die noorde gevoer. Al gou was hulle tussen die plantasies, waar die suikerriet van ag tot tien voet hoog staan. Koelies en kaffers was druk besig om die riete af te sny en op waens te laai; orals op die haltes het lang treine gestaan, wat vol suikerriet gelaai was. Bananas groei ook daar orals rond, en nou en dan kan 'n mens 'n palmboom sy sierlike kroon hoog bokant sy omgewing sien verhef. By elke stasie was vrugte te koop, en so goedkoop, dat hulle die verleiding nie kon weerstaan om elke slag weer te koop nie. Dit is net 'n halfuur met die trein na Escombe. 'n

Mens kan somár die suikerfabriek daar ken aan sy hoë skoorstene.

Hul versoek om die fabriek te mag besigtig word dadelik toegestaan, en 'n jong man geroep om as gids te dien.

„Ons sal die suikerriet maar van voor af op sy reis deur die fabriek volg,” sê hy. „Kyk, so gou soos die treine dit hier aanbring, word dit afgelaai, geweeg en kom dan in die meul.”

Die poort van die meul lyk baie na 'n groot mond, wat die hele dag niks anders te doen het as net suikerriete in te sluk nie. 'n Breë band loop van buite af oor groot rolle tot in die meul. 'n Hele ry koelies is gedurig besig om suikerriet op die band te spreid, en dan word die riete in 'n eindelose stroom na boontoe gevoer en by die meul se poort in.

Sodra die riete daar inval, word hulle fyn gepers tussen swaar rolle van gegroefde yster. Veertien van die rolle is so gestel, dat die riete nie minder as nege keer daardeur gepers word nie. Die vaal, soet sop stroom soos 'n waterval van die rolle af in bakke, wat onder hulle staan, en by die tyd, wat die riete onder die laaste rolle uitkom, is dit nog net 'n bondel styf inmekaargedrukte vesels, so te sê kurkdroog. Die veselagtige massa word 'bagaas' genoem.

'n Ander band, wat net soos die eerste ook op rolle loop, voer dan die bagaas verder, en verdeel dit self tussen die groot fornuise om die vuur te voed.

„Op dié manier lewer die fabriek dan sy eie brandstof op,” sê Willem. „Ja,” antwoord hul vriendelike gids, „en dit spaar ons 'n goeie klompie geld.”

Hulle sien toe, hoe die uitgeperste, troebel sop deur pype na 'n ander kamer toe loop, waar 'n klein hoeveelheid kalk en 'n bietjie salpetersuur daarby gevoeg word, om al die onsuiverheid te laat afsak, sodat die helder sop kan afgetap word. In ander kamers word die sop dan in groot potte opgekook, nie met vuur nie, want dan sou die stroop aanbrand, maar met warmwater-pype. Die water verdamp dan langamerhand, die stroop word altyd dikker, tot dit eindelik begin te versuiker. Dan kom die dik, taai stroop in ronde bakke, waarin dit deur ronddraaiende skeppe omgeroer word, tot dit heeltemal afgekoel is.

Dan moet die suiker afgeskei word van die stroop, wat nog daarin is. Dit word op 'n eienaardige manier gedoen.

'n Hol ystersilinder met duisende klein gaatjies is binne-in 'n groter silinder. Die dik stroop kom in die binneste silinder, wat dan vreeslik vinnig ronddraai, tot 1200 maal in 'n minuut! Op dié manier word die stroop deur die gaatjies gepers na die buitenste silinder, en net die suikerkristalle bly agter. Hoe langer dit aanhou met draai, en hoe vinniger dit gaan, hoe suiwerder word die suiker. As dit nodig is om die suiker nog verder te suiwer of te raffineer, dan word die kristalle weer in water opgelos, die donker kleur daar uitgehaal met beenkool, en dan weer opnuut gekristalliseer.

Dit is vreeslik warm in so 'n suikerfabriek, en die besoekers was maar bly, toe hulle die gids kon bedank vir sy vrindelike uitleg, en weer die buitelug kon gaan opsoek.

Die aand het hulle rustig op die dek gesit en kyk na die duisende liggies op die strand en in die stad. Hulle was waarlik te moeg om weer uit te gaan, en wou ook maar liewers gesels oor alles, wat hulle die dag gesien het, en oor wat hulle nog sou doen as hulle in Lourenço Marques aankom. As 'n mens die hele dag so gewoel en die tyd so goed bestee het, kan jy dan ook maar gerus die aand stil deurbring.

46. Dokters.

Oom Koos — was 'n flukse boer, en boonop net 'n gawe ou man. Dit is die rede, waarom ek julle nie sy volle naam wil vertel nie, maar 'n strepie agter sy voornaam trek. As julle die storie gelees het, kry julle dit altemit nog in die kop om met hom die spot te gaan drywe, en dit sou ek nie graag wil hê nie. Hy het dit al genoeg moet hoor.

Soos ek sê, hy was 'n flukse boer en het sy boerdery ook mooi agtermekaar gehad. Dit was 'n plesier om in sy mielielande te kom. Onkruid het daar geen kans gekry nie, en die vore was mooi reguit getrek. Geen ander boer in die omtrek het sulke mooi en sulke groot koringlande gehad nie. Sy tabak was ook so goed bewerk, dat hy altyd op 'n goeie prys kon reken. As die vee saans kraal-toe kom, dan is oom Koos self daarby om te sien, dat hulle goed versorg word. Elke aand het hy ook self na sy perde in die stal gaan kyk, want hy het die spreekwoord goed geken

wat sê: „die baas se oog maak die perd vet,” — kortom, oom Koos was orals gelyk op sy plaas, en sy skerp oog het alles raakgesien, wat nie in die haak was nie. Nooit het jy hom vir sy kaffers hoor sê nie: „Loop maar, ek sal kom,” — nee, dit was altyd: „Kom, loop saam met my,” — en dan stap oom Koos self vooruit. Hy en Frans —, (hier is alweer ’n strepie), sy bywoner, wat al lank by hom gebly het, kon dan ook méér van hul volk gedaan kry as iemand anders. Sy bure het hom die „modelboer” genoem.

Maar soos dit met modelmense gaan, het hy darem ook ’n gebrek gehad. En die gebrek was, dat oom Koos alte baie daarvan gehou het om te dokter. Dit was nou eenmaal sy stokperdjie. Ons Afrikaanse vrouens is bekend vir hul boererate, maar oom Koos was vir hulle almal baas. Jy kon hom geen groter plesier aandoen as om goed siek te word nie. Dan is oom Koos dadelik by, en hy gee jou ’n dosis van dit en ’n smeersel van dat, of hy skryf jou ’n diëet voor. En dan blink sy gesig van die skone plesier en vrywe hy ewe tevrede sy hande.

As ’n mens in sy buitekamer kom, dan kon jy somar dadelik voel, dat jy by ’n dokter is. Die meeste mense kon nie help om te gril as hulle die geraamte van ’n mens se arm teen die muur sien hang nie, en dan kyk hulle so skeef na die wyebek-bottels, waarin hy allerhande stukkies en brokkies van mense en diere bewaar het. Maar die groot boeke met die wonderlike name in goue letters op hul rug, wat die hele boekrak opvul en wat deur oom Koos so vlytig bestudeer word, het darem bewys, dat hy regtig ’n slim man

moet wees. As dan nog die deur van die groot medisynekas teen die muur oopgaan, en 'n mens al die bottels en glasies en potjies en dosies met geneesmiddels daarin sien, dan kry jy somar vertrouwe in hom.

Sy gesprek draai ook altyd op dokters uit. Waaroor 'n mens ook al begin te praat, — oor varke of politiek, oor windmeules of sprinkane, jy is skaars vyf minute aan die gang, of oom Koos vertel vir jou van wonderlike gevalle van siekte, wat hy genees het, of seker sou kon genees het, as hy maar net betyds geroep was.

Nou het dit in die begin van die somer gebeur, dat 'n oorlamse jong op die plaas gekom het om werk te vra. Hy het sterk en fluks gelyk, en oom Koos het hom ook somar dadelik gehuur. Hy het daar ook geen spyt van gehad nie, want Malgas se hande het vir niks verkeerd gestaan nie, en hy het die plaaswerk baie goed verstaan. Maar 'n mens moes altyd jou oog op hom hou, want net soos hy merk, dat daar niemand is om hom dop te hou nie, dan word Malgas lui en verdraai hy sy tyd. Oom Koos het dit gou agtergekom, en soos julle kan begryp, het hy gedurig agter Malgas gestaan. Maar Malgas was ook nie te lank op die plaas nie, of hy het oom Koos se foutjie ook raakgesien, en die slim skelm het net gou sy planne agtermekaar gesit, om daarvan gebruik te maak.

Op 'n goeie môre, — die mielieoes was toe net hard aan die gang, het oom Koos gemerk, dat Malgas nie in die werk was nie, en het die ander kaffers hom

vertel, dat Malgas siek was. Oom Koos het gou sy volk aan die gang gesit, en toe self gaan kyk. Hy het die kaffer in sy strooihuis onder die kombers gekry; hy lê en kreun en kerm, dat dit 'n naarheid is.

„Wat makeer, Malgas?” vra sy baas. „Ek weet nie, oubaas,” was die antwoord, „ek voel somar naar. My hele lyf is seer, vernaam hierso by my bors. As ek wil opstaan, dan voel ek somar dronk in my kop!”

Dit was net so in oom Koos se kraal. Hier was mos 'n goeie kans om te dokter. As hy kon kies, sou hy liewers 'n witmens onder hande wou neem, maar 'n goeie dokter mag nie kieskeurig wees nie. Een pasjent het net so goed sy sorg nodig as 'n ander.

'n Ander mens sou vir Malgas 'n goeie dosis kasterolie ingejaag het, maar oom Koos hou hom nie met sulke kwaksalwery op nie. Hy moes die saak eers goed ondersoek. Hy hef Malgas se pols gevoel, en na sy tong gekyk, en hom so baie vrae gevra, dat Malgas naderhand nie meer geweet het, wat om te antwoord nie.

„Jy moet maar vandag stil bly lê,” sê oom Koos. „Dit is alte jammer, dat daar juis nou so baie werk is, maar daar is nou eenmaal niks aan te doen nie. Solank soos jy siek is, mag jy volstrek nie opstaan nie. Ek sal nou vir jou 'n bietjie medisyne gaan aanmaak, en dit vir jou stuur. Het jy al kos gehad?”

„Ag nee, oubaas,” kreun Malgas, „ek kan nie eet nie. Ek voel tog alte sleg.”

En dit was nog nie 'n uur gelede dat die skelm lekker aan die mieliepap weggele het nie!

„Nou ja, dit is nie so danig erg nie. So gou soos

jy gesond word, dan sal jou eetlus weer terugkom. Jy moet darem probeer om iets in te kry, om jou kragte op te hou. As die ander volk netnou gaan eet, dan sal ek vir jou kos stuur, wat 'n siek mens kan eet."

„Dankie, my baas. Baas glo tog nie, ek sal doodgaan nie?"

„Nee wat, Malgas, ek sal jou weer reg dokter," troos sy baas.

Net toe oom Koos weg was, het Malgas somar beter geword. Hy lag saggies by homself en staan op; toe trek hy sy kombers so, dat as hy daarop lê, hy net deur sy strooihuis se deur kan sien, as daar iemand aankom. Daarna gaan lê hy lekker op sy rug, en blaas saggies op sy mondfluitjie, terwyl hy die maat klop met sy voete.

Toe sy baas 'n kwartier later met 'n bottel medisyne terugkom, was die fluitjie in sy sâk, en het hy weer gekerm, dat dit naar was.

Geduldig het hy sy „moetie" ingeneem, en hom weer in sy kombers toegerol. Oom Koos het belowe om later weer na hom te kom kyk, en toe self na sy werk toe gegaan, waar hy dubbel so hard gewerk het om die verlore tyd in te haal. Hy het daarvoor gesorg, dat die ander volk ook goed ingespan word vir Malgas se part. Toe dit etenstyd was, en neef Frans met hom saam huis-toe stap, vra hy vir oom Koos, wat Malgas makeer. „Ek kan nog nie presies sê, wat hom makeer nie," antwoord oom Koos. „Dit het iets te doen met sy hart en met sy lewer. Hy is regtig baie siek, maar ek dink ek sal darem nog sy lewe kan red."

Neef Frans het nie veel gepraat nie, maar toe hy

sien dat Jiems, die huisbooi, 'n bord sop, 'n frikkedelle-tjie en 'n groot stuk witbrood vir Malgas moes gaan bring, toe skud hy sy kop met 'n ontevrede gesig, en kon 'n mens somar sien, dat hy dit nie goedkeur nie.

„Hoe gaan dit vanaand met jou?” vra sy baas, toe hy na sononder nog 'n keer na sy pasjent kom kyk.

„Nee baas, baie beter,” was die antwoord. „Baas se moeties is regtig goed.”

Die skelm het nie vertel nie, dat in plaas van sesmaal 'n lepelvol daarvan in te neem, hy sesmaal 'n lepelvol op die grond uitgegooi het.

Maar niteenstaande die aanvanklike beterskap, was hy die volgende môre weer net so siek; en wat nog erger was, Alfeüs, 'n Makatees, wat bekend was as die grootste luiaard, was ook so siek, dat hy glad nie kon opstaan nie. Toe kon oom Koos na hartelus dokter. Hy het vir Alfeüs na dieselfde strooihuis toe laat bring, waar Malgas siek lê, vir elkeen 'n groot bottel medisyne gegee, en daarvoor gesorg, dat die nodige versterkende voedsel vir hulle uit sy eie kombuis gestuur word. Kort-kort gaan hy kyk, hoe dit in sy hospitaal gaan, en net soos Malgas en Alfeüs hom daar ver sien aankom, dan steek hulle gou die pak kaarte of die mondfluitjie weg, waarmee hulle so gesellig die tyd verdryf, en dan kreun en steun die een nog harder as die ander.

In die middag het oom Koos vir neef Frans gevra om saam met hom na die hospitaal te gaan. Hy het doodstil gesit en luister, terwyl Oom sy pasjente allerhande vrae vra oor hul toestand; maar dit het nie gelyk, of hy baie medelye met hulle het nie.

„As Oom my vra, dan is 'n goeie sambok al medisyne, wat die twee skelms nodig het,” sê hy.

„Wat!” roep Oom uit. „Frans, jy behoort jou te skaam. Jy praat alte ongevoelig. En buitendien, wat weet jy van siektes? Dink jy dan, dat ek al die jare in die doktersboeke gestudeer het, en nou nog nie kan sien, wanneer 'n skepsel regtig siek is nie!”

Frans het natuurlik sy mond gehou. Wat sou dit hom help, om met oom Koos te stry? Hy sou hom tog nie laat oortuig nie. Maar toe oom Koos die anderdagmôre weer uit sy hospitaal kom, het neef Frans vir hom gestaan en wag.

„Môre Oom, hoe gaan dit vandag met die arme siek skepsels?” vra hy.

„Nee, neef Frans, dit gaan nog maar swak. Hulle is altwee nog maar net sleg siek. Ek gaan nou net ander medisyne vir hulle aanmaak. Maar kyk, ek is darem bly om te sien, dat jy nou 'n bietjie meer gevoel toon as gister.”

„Ja, oom Koos,” was die antwoord, „ek het daaroor gedink, en ek sien in dat ek verkeerd was. Ekskuus Oom, maar toe ek gister met my vrou oor die siekte praat, het sy my herinner aan 'n ou middel, wat al lank in ons famielie bekend is. Dit is medisyne, wat vir enige ding help, vir seer bene en seerkeel, net so goed as vir tering of vir rumatiek. Ek sal bly wees, as Oom my wil toelaat om die arme skepsels daarmee te dokter.”

„Nee, Frans,” sê oom Koos, „ek sal dit nooit toelaat nie. Kyk, jy moet darem rede verstaan. Een drankie kan nooit vir al die kwale help nie. Dis net 'n kwaksalwery. Ek sal die arme skepsels se lewe nie daaraan waag nie.”

„Oom Koos,” hou Frans aan, „die medisyne wat ek van praat, is nie ’n kwaksalwersmiddel nie. Dit is regtig ’n ou beproefde raat. Kyk hier, Oom, ek wil Oom ’n weddenskap maak vir tien pond, dat die volk in twee dae se tyd gesond sal wees, as hulle my medisyne inneem.”

Nou ja, tien pond is tien pond, en besigheid is besigheid. Geld is ’n ding wat ’n mens altyd kan gebruik. Oom Koos het eers nog baie teëgepraat, maar die end van die storie was tog, dat Frans verlof gekry het om sy beroemde geneesmiddel te probeer.

As Oom kon gesien het, hoe hy die aand tevore die wondermiddel by sy huis klaargemaak het, dan sou hy seker nie so geredelik sy toestemming gegee het nie. Frans en sy vrou het naamlik ’n mengsel gemaak van al wat maar aaklig en sleg smaak, — seepwater en sout, ink en aalwyn, en ek weet nie wat alles meer nie, en daarmee het hy die grootste bottel wat hy kon kry, volgemaak.

Die twee dokters gaan toe na die siekehuis toe, en oom Koos sê vir sy pasjente dat hulle die nuwe medisyne moes inneem. Malgas was nommer één. Ewe manhaftig het hy sy mond oopgehou, maar toe neef Frans ’n gelykvol lepel van sy mengsel daarin gooi, moes julle net gehoor het, hoe hy hoes en proes. Hy het so ’n gedoente aangerig, dat Alfeüs al naar was, voor sy dosis nog ingegooi was. Maar of hy wou of nie, en hoe hy ook al teëspartel, hy moes maar verbykom.

„Ag, nee baas. Basie, ek dood!” skree hy.

Oom Koos kyk vir Frans ernstig aan. „Dit is tog nie gif nie?” vra hy. „O nee, Oom,” stel Frans hom

gerus, „hulle sal niks daarvan oorkom nie. Dit gaan maar altyd so met die eerste half-dosyn bottels, tot hulle eers daaraan gewoon raak. Elke kwartier moet hulle 'n lepelvol inneem. Ek dink dis nou amper tyd vir die tweede lepel!”

Hy gee vir albei weer 'n lepel, en wou hulle nie eers toelaat, om hul mond met water uit te spoel nie. „Dit neem al die krag van die medisyne weg,” sê hy.

Die siek volk het probeer om uit te hou, maar toe elkeen vier lepels in het, het hulle begin planne maak om uit die ding te kom. Malgas het vertel, dat die medisyne hom slaperig maak, en hom in sy kombers opgerol, en sy oë styf toegeknyp. Maar neef Frans sê, hulle sal hom elke kwartier moet wakker maak om die medisyne in te neem. Sy plan wou dus nie werk nie.

Alfeüs het gesê, hy voel al soveel beter, dat hy maar wil probeer om op te staan. Toe neef Frans die vyfde lepelvol uit die bottel gooi, en dit voor Malgas se mond hou, het hy skaars sy lippe daaraan gesit, of die arme siek jong wat 'n uur gelede nie op sy bene kon staan nie, skop die komberse van hom af, vlie daar uit, en storm buitentoe, waar hy soos 'n mal mens rondhardloop, hoes en proes en allerhande nare geluide maak.

Dieselfde middag was Malgas en Alfeüs albei in die werk. Oom Koos het niks gesê nie, maar hy het sy twee eks-pasjente goed tweemaal soveel werk laat doen as een van die ander kaffers. En dit was tog seker 'n bewys, dat hy heeltemal goed begryp het, hoe die vurk in die steel gesit het!

47. Aan my ou vrind.

Jy is al tagtig, en jou kop is wit —
 Wit soos die sneeu, en witter as 'n wolk
 Daar bo ons in die bloute van die lug.
 Jy is al tagtig, styf in elke lid —
 Maar nog vir my, en altyd vir ons volk,
 Van wat voorheen was, wat sal kom, 'n tolk
 Wat goed sy taal verstaan, en praat kan sonder sug.

Jou oog is flink nog, en jou hand is vas:
 Jy kan 'n jongmens nog as leier dien
 Oor al die paaie wat mekaar deurkruis;
 Jy kan nog help met elke sware las —
 Jy, wat so veel gehoor het en gesien
 Van agtien-dertig tot aan neëntien-tien,
 So lank geswerwe het — so ná nou aan jou huis!

Nooit is jou hande swak vir goeie werk;
 Nooit dof jou oog — al dink jy aan die tyd,
 Die tagtig jare van jou lewensbaan.
 Soms was jy swak miskien; soms was jy sterk;
 Soms was jou hart gekwel deur haat en nyd;
 Soms het jy pyn gehad, miskien ook spyt,
 En soms moes jy jou lewensprys betaal — 'n traan.

Die tagtig jare was nie almal goud,
 Selfs silwer nie! Die weer was somtyds swaar;
 Met wolke swart, met blits die hemel ryk;

Ná elke somer kom die winter koud!
 Nie altyd nie het jy die son gewaar,
 Die goud sien blink soos vonke in 'n aar;
 Nie altyd het jou pad die vlakke deurgestryk.

Vir tagtig jare het jy volgehou,
 En hou nog vol — al bewe ook jou hande,
 Al moet jy om te lees jou bril gebruik.
 Nog is jou stem nie afgedaan en flou;
 Nog is jou gees nie ingeklem in bande;
 Jou tagtig jare is nog nie 'n skande
 Waarvoor jou grys ou kop in rou hoof weg te duik.

Jy kyk getroos jou tagtig jare t'rug,
 Op al jou lang, lang lewe op land en see —
 Jou loopbaan so met ondervinding ryk —
 En praat daaroor nog sonder traan of sug:
 Die hele reis daar het jy vrede mee.
 Ekself sou baie graag my beste gee
 As ek eenmaal soos jy, getroos terug kan kyk!

Dr. C. L. LEIPOLDT — *Oom Gert vertel.*
 J. H. DE BUSSY. — Pretoria.

48. Die end van die reis.

Die drie reisgenote staan buitekant op die balkon van die trein vrolik en gesels. Hulle het ook darem waarlik geen gebrek gehad aan stof om oor te praat nie. Nadat hulle een middag en een môre in Lourenço Marques deurgebring het, was hulle nou eindelik weer op weg huis-toe, na hul famielie en vrinde, en . . . na hul werk.


En dit was nou hul laaste kans om nog 'n keer oor alles te gesels, wat hulle saam gesien en ondervind het, want Fanie was van plan om direk na Pretoria toe te gaan.

Mensig! Maar dit was 'n warm dag gewees. Geen wonder, dat hulle sonder baadjie en sonder boordjie daar staan nie. Soe! maar dat so 'n son kan brand in die Bosveld!

Hulle het eers deur die treinvenstertjies gesit en kyk, en allerhande opmerkings gemaak, maar die landskap was eentonig, — gras en doringbome, — doringbome en gras; — en dit het nie lank geduur nie, of hulle het die bene op die banke uitgestrek en aan die slaap geraak. Maar toe hulle by Ressano Garcia kom, die laaste stasie op Portugese gebied, het Fanie hulle wakker geskud. „Komaan, kêrels!” sê hy, „'n mens gaan nie so droom-droom jou eie land in nie! Ek verlang om die eerste hoekie van ons goeie Transvaal met wydoop oë te sien. En julle?

Kyk, daar is die Komatie al. Let nou goed op; miskien kry ons die seekoeie te sien, wat nog hier boer.”

En toe hulle stadig oor die groot treinbrug stoom, het hulle goed opgelet, maar geen seekoeie gesien nie. Die diere het seker verder van die brug af 'n stil plekkie gaan opsoek, of miskien in die riete, langs die kante, gaan skuil vir die warmte.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Brug oor die Komatierivier.

Jan het hom verbeel, hy het die rug van 'n seekoei bokant die water sien uitsteek, maar Willem en Fanie stry so al wat hulle kan, dat dit niks anders as 'n rots was nie.

Toe die trein op Komatiepoort stilhou, was daar 'n amptenaar om te kom vra, of hulle nie vuurwapens, sigare of iets anders by hulle het, waar invoerregte op

moes betaal word nie, maar by die drie seuns was niks vir die Unie te haal nie.

Van Komatiepoort af het hulle die Kruger-wildtuin aan die regterhand gehad. Dit is 'n streek waar die wild vry kan rondloop, omdat niemand toegelaat word om daar te gaan jag nie. Deur die regering word ons inlandse diere daar beskerm, sodat hulle nie kan uitgeroei word nie.

Daar is ook nog leeus, en somtyds kom hulle tot digteby die treinspoor. Girafs of kameelperde en ander groot wild loop ook nog daar rond, maar nie een was so vrindelik om hom aan die reisigers te vertoon nie. Hulle het net 'n onskuldige ou duikertjie deur die lang gras sien hardloop.

Sommige gedeeltes van die Bosveld was darem regtig mooi. Bome, groot en klein, het die landskap bedek, sover 'n mens se oog kon sien, en die son het die ruwe klipkoppe weerskante van die lyn met pragtige kleure geskilder; maar die hitte, — die vreeslike hitte het die lus om te gesels, selfs by die lewenslustige jongmense, totaal uitgedoof. Net nou en dan, as Fanie vir hulle iets besonders wys, praat hulle weer so 'n paar woordjies.

By Krokodilpoort kom die berge, wat weerskante van die pad loop, so naby mekaar, dat daar skaars plek is vir die rivier en die treinspoor. Daarvandaan word die Elandsvallei weer stadigaan wyer, en bly die berge op 'n eerbiedige afstand van die spoor af.

„Daar anderkant lê Kaapse Hoop,” vertel Fanie, „bo-op die top van die berge daar aan die linkerkant. Dit was een van die eerste en grootste laers van goud-

grawers, voor Johannesburg se goudvelde ontdek is. Teenswoordig word daar nie meer soveel gewerk nie.”

Die natuur is alte pragtig daar, maar die groot kranse is daar so woës opmekaar gestawel, dat die mense dit „Duiwelskantoor” noem.


Teen die aand het die warmte gelukkig minder geword, en toe hulle by Waterval-Onder kom, het hulle buite op die balkon gaan staan om een van die mooiste stukkies Transvaalse natuur te bewonder.

Die trein gaan daar eers met ’n brug oor Elandspruit, en begin dan teen die steilte uit te klim na die Hoëveld toe. In ’n distansie van vyf myl styg die spoor omtrent 700 voet. Teen die kant van die berg is die treinspoor drie keer sigsagsgewyse uitgekap, een bokant die ander. Die lokomotief moet lelik sis en blaas, soos hy elke keer die draai maak, om hoër op te klim. As die reisigers so afkyk, sien hulle daar ver onderkant weer die treinpad, waar hulle netnou langs gekom het, en nog laer af die rivier, wat so haastig is see-toe, dat hy skuim en bruis oor die rotse. Anderkant die spoor lyk dit, of die steil, donker kante van die berg dreigend op hulle afkyk. Waterval-Onder lê nou links en dan weer regs daar onder in die diepte. Oorkant van die diep kloof kan ’n mens nog sien, waar die ou tandradspoor vroeër geloop het. Toe het hulle spesiale lokomotiewe gehad, voorsien van ’n tandrad, wat in die groewe van ’n derde spoor pas, om die treine met moeite daar op en af te trek.

Die lokomotief gee ’n harde fluit, en kruip in ’n lang tunnel. Nou moet hulle gou binnetoe hardloop, en al die deure en vensters toemaak, want die onaan-

gename kooldamp wat inkom, is genoeg om 'n mens te laat verstik!

'n Pragtige toneel sprei hom uit voor die oë van die reisigers, as hulle weer uit die tunnel kom.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Waterval van Elandsspruit.

Met 'n gedruis stort die Elandsspruit in 'n pragtige waterval bo van die steil rotsbank af tot onder in die diep kloof, wat weerskante dig begroei is met bome en plante. Van die trein af is die uitsig toweragtig fraai, en 'n mens kon aan die seuns se uitroepe hoor, hoe hulle dit geniet.

Weer 'n tunnel en dan is dit meteens of 'n mens

in 'n ander wêreld kom. Geen kloof is meer te sien nie; die gras golf saggies oor die heuwels; Elandsspruit stroom kalm en bedaard oor sy bedding. Na 'n paar minute kom jy by Waterval-Boven.

Wat 'n verandering van klimaat! Na die drukkende hitte van die Bosveld is dit hier lekker koel en 'n verkwikkende windjie knap die reisigers heeltetal op. Die son is onder, die skemerdonker word oor die veld uitgesprei. Kort daarna kom hulle by Machado-dorp, wat so genoem is na kolonel Machado, 'n boerevrind, wat in president Burgers se tyd die spoorlyn na Pretoria reeds tot hier opgemeet het, en in later jare goewerneur van die Portugese gebied geword het. In die oorlog van 1900 het hier in die geweste dikwels kwaai gevegte plaasgevind.

Nog 'n paar uur ry, en dan sal hulle tuis wees. Hulle bly sit daar buite. Dit is so lekker om te weet, dat jy al weer naby jou huis is. Jammer dat dit so donker is. Hoe nader hulle kom, hoe meer dinge is daar, wat hulle darem herken en begroet soos ou vrinde, — hier 'n kop en daar 'n huis.

Meteens spring Willem op. „Die volgende een is *ons* stasie. Ek wonder, wie sal ons kom haal! Seker net Vader. Dit is al so laat!”

Van Lourenço Marques af het hulle 'n telegram gestuur om te laat weet, hoe laat hulle sou aankom. Die reissakke word klaargesit, om alles byderhand te hê. Dit was ook net alles mooi agtermekaar, toe die trein gaan staan by hul stasie.

„Naand Pa! Naand Ma!” skree Willem so al wat hy kan, en wil somar uitspring, voordat die trein nog

heeltetal stilstaan. Hy soen sy vader en moeder, dat dit so klap.

„Naand Oom! Naand Tante!” roep Jan, en kom ’n bietjie bedaarder agterna.

„Goeinaand kinders! Plesierige reis gehad? Nou kyk, ek is bly, dat julle weer tuis is. Ons het baie na julle verlang. Kom, Fanie, klim jy dan nie ook uit nie?”

„Nee, meneer Potgieter, ek moet verder gaan. Ek sal later ’n bietjie by julle kom kuier,” sê Fanie, terwyl hy die handsakke en ander goed aangee.

Daar fluit die trein al. „Naand Fanie, goeie reis verder! Alles ten beste! Baie dankie, dat jy so goed na die seuns gekyk het! Groetnis vir die mense tuis! Tot weersiens!” klink dit uit vier monde, alles deurmekaar.

Hulle hoor nog, hoe hul reisgenoot weer terugroep; dan gly die trein by die stasie uit, en die twee seuns raap hul bagasie van die grond op.

„So, Sikspens, is jy ook hier? Hoe gaan dit met jou, Outa?”

„Nee, kleinbasie, darem nog goed dankie. Maar ek is bly, die basies het weer gekom. Gee maar die goed, basie!”

Op pad huis-toe word daar ’n hele stuk afgebabbel. Die seuns het ook soveel om te vertel en om te vra!

Die pad huis-toe het nog nooit so kort gelyk nie. Daar sit hulle al weer gesellig om die tafel in die eetkamer. Maar hulle mag nou nie meer lank gesels nie, al brand Moeder ook van verlange om alles van die

reis te weet, en al het sy ook duisend vrae klaar om te vra. Môre is ook nog 'n dag. Nou moet hulle gaan slaap!

„'n Mens lê darem maar weer lekker in jou eie bed!” sê Jan, toe hy die kers doodblaas.

„Ek sou so dink,” antwoord Willem, half aan die slaap. „Oos Wes, — tuis bes!”

49. Wat hulle nog vertel het.

Dit was vir jou 'n opskudding in die seuns se kamer, toe Lettie en Annie en Japie die volgende môre almal gelyk daar ingestorm kom! Hulle het baie na die twee verlang, en wou nou graag hoor, hoe dit met hulle op die lang reis gegaan het. Die seuns het vir elkeen 'n klein presentjie saamgebring, daarmee moes hulle die kamer uit, om die seuns 'n kans te gee om hulle eers aan te trek.

Meneer en mevrou Potgieter het al aan die ontbyttafel gesit toe hulle inkom. „Gaan sit maar op julle ou plekke,” sê Mevrouw. „Ons kan onder die ete ook gesels.”

Die spreekwoord sê: — „Praat en eet gaan nie saam nie,” maar dit was met hierdie eters nie die geval nie.

Niemand het sy pap laat koud word, of sy brood tyd gegee om te beskimmel nie, maar met die gesels het dit darem baie goed gegaan.

„Gistermôre het ons nog in die hotel ontbyt,” sê

Willem, „maar hierdie kos smaak vandag darem 'n hele entjie lekkerder!”

„So,” sê Moeder met 'n glimlag, want sy voel net gevlei, „ek was al bang, julle sou nou so bederf wees, dat my kos vir julle nie meer lekker sal smaak nie.”

„Daar bestaan geen vrees voor nie!” antwoord Jan. „O ja, ek moet Tante tog vertel, hoe ons geskrik het na ons eerste maaltyd in Lourenço Marques. Dadelik na aankoms van die boot het ons daar gaan rondloop. Naderhand het ons honger gekry en ewe parmantig 'n hotel ingestap, en 'n maaltyd bestel: sop, vis, vleis met groente, en vrugte vir dessert. Fanie het gesê, ons moet die goeie afloop van ons seereis vier met 'n goeie maaltyd. Toe ons klaar was, het ons die rekening gevra.

Tante moes Fanie se oë gesien het, toe hy die rekening bekijk. Hulle het al hoe groter geword.

Sonder om 'n woord te praat, gee hy vir ons die papiertjie aan. Toe kon ons verstaan hoekom hy so verwonderd was. Reken bietjie, die maaltyd het ons..... 1800 Reis gekos!! Ons kon nie begryp, waar ons so 'n hoop geld vandaan moes haal nie. Ek het my allerhande vreeslike dinge voorgestel, en al in my verbeelding gesien, hoe 'n Portugese poliesman ons tronk-toe bring vir skuld.”

„Ja,” val Willem in, „ek het al gedink, of ons nie maar ons horlosies en Fanie se verkyker sou verkoop om genoeg geld in die hande te kry nie.”

„En hoe het dit toe afgeloop?” vra Lettie, net in die nood.

„Nee, dit het darem reggekom. Fanie het verneem,

hoeveel dit in Engelse geld is; toe was ons verwonderd om te hoor, dat dit nog nie eers nege sielings was nie."

„Watter wonderlike soort geld het hulle dan daar?" vra Annie.

„Ja, 'n mens moet eers daaraan gewoond word," antwoord Jan.

„Reken 'n bietjie, 'n sikspens is meer as honderd Reis."

„Kan julle nou Portugees praat?" wil Lettie weet.

„Nog nie," lag Jan, „maar dit was ook nie nodig nie. 'n Mens kan daar orals goed met Engels klaar-kom."

„Is Lourenço Marques 'n mooi stad?" vra Moeder.

„Ja, ons het dit baie mooi gevind. Mense wat vroeër daar was, het ons allerhande slegte dinge daarvan vertel. Dit moet vroeër maar 'n vuil en ongesonde plek gewees het, maar dit is nou baie verander. Daar is nou pragtige strate, mooi geboue en 'n heerlike park. Die voetpad weerskante van die strate en die pleine is orals met klein wit en swart steentjies in mooi patrone uitgelê. Dit is net baie warm daar."

„Ja, maar julle was ook net in die hartjie van die somer daar," sê Vader. „Teenswoordig gaan baie mense in die winter soheentoe; hulle sê die klimaat is dan net lekker."

„Dit sal my nie verwonder nie," antwoord Jan. „Ons het met die trem ook na die strand toe gegaan, so 'n halfuur buitekant die stad. Dit lyk daar regte aangenaam. Daar staan ook 'n hele ry klein huisies, wat 'n mens kan te huur kry, en nie ver daarvandaanaf

nie is digte bosse, waar jy lekker kan gaan wandel."

„Ons het by 'n bos kokospalms gekom," vertel Willem verder, „die groot klappers hang somar sulke trosse daaraan, net onder die kroon van blare. Ons het probeer om in die boom te klim, maar dit het ons aldrie baasgeraak. Maar ons het darem van die klappers gekry."

„Op hoe 'n manier?" vra Lettie. „Het julle dit afgegooi?"

„Nee, sussie. Daar het 'n kaffer verbygekom en toe het ons hom 'n sikspens belowe, as hy vir ons 'n paar afpluk. Jy moes gesien het, hoe rats hy in die boom klim. Hy het 'n doek om sy lyf gehad, en daarvan maak hy 'n wye lus, wat om sy liggaam en om die boomstam loop. Hy sit sy voet so hoog soos hy kan teen die boom, en skuif dan die lus, waarin hy met sy rug rus, hoër op teen die stam. Elke keer gaan sy voete 'n trappie hoër, dan weer die lus, en so bereik hy net gou die top, waar hy die klappers afruk en vir ons afgooi. Toe het dit nog baie moeite gekos om die twee duim dik, veselagtige skil daarvan af te kry."

„Waarvoor gebruik hulle die klapper?" vra Annie. „Is dit net om te eet?"

„Nee," lê haar Pa uit, „die eetbare gedeelte van die neut word fyngesny en drooggemaak. Hulle noem dit ‚kopra‘; dit word gebruik om olie en seep van te maak."

„En van die dik, veselagtige hare, wat om die stam is, maak hulle kokosmatte," voeg Willem daarby

„En wat het julle nog meer gesien?" wil Lettie



Onder die palms.

van hom weet. „Het julle na die grafte van die Trichards ook gaan kyk?”

„Natuurlik,” antwoord Jan en Willem gelyk. „Fanie het ons na die ou voortrekkers-begraafplaas geneem,” sê Jan, „maar daar bestaan baie groot twyfel of Trichard ook daar begrawe is. Ons was darem net jammer om te sien, dat die ou begraafplasie so sleg onderhou word. Ons volk kan gerus iets doen om die eerste Voortrekkers se laaste rusplaas beter in orde te hou. Fanie sê, en dit is ook die waarheid, dat 'n volk wat sy voorgeslagte nie eer nie, ook nie werd is om 'n volk te wees nie.”

„En wat is daar nog meer? Het julle na 'n stiergeveg ook gaan kyk? Die Portugese hou mos baie daarvan.”

„Nee, stiergevegte word net op groot feesdae gehou, maar ons sou tog ook nie daarna gaan kyk het nie. Ek dink dis darem 'n alte wrede soort van vermaaklikheid, al vertel hulle ook dat dit hier nie half so gevaarlik en so bloedig toegaan as in Spanje nie.

Gistermôre was ons op die mark. Dit is die moeite werd om daar te kom. Kaffers, koelies en Sjinese sit byna almal op die buitemark met hul koopware. Binne in die gebou is so te sê enige ding te koop. Groente en vis, botter en vrugte, brood en ek weet nie wat nog alles meer nie. Die mense koop selfs hul vleis daar op die mark. Smôrens vroeg gaan almal mark-toe, of hulle stuur die booi om te gaan koop, wat nodig is vir die dag.”

„Is daar ook Sjinese?” vra Japie, „die goed met die lang vlegsels agter aan hul kop?”

„Ja seker, en baie ook. Hulle het selfs hul eie tempel daar. Daarna het ons ook gaan kyk. In 'n Mohamedaanse moskee was ons ook. Weet Ma, ons moes eers ons skoene uittrek, voor hulle ons wou toelaat om daarin te gaan. En agter in Jan se kous was 'n groot gat!” — en Willem lag nog as hy daaroor dink.

„Jy vergeet, dat jou groottoon ook uitgekruip het,” sê Jan, net kwaad. „Dit lyk vir my die pot wil die ketel verwyt, dat hy swart is.”

„Ja, toe maar, ek sal weer jul kouse onder hande neem,” sê Moeder.

„Die ander kinders in die skool sal net jaloers wees op julle twee,” troos Lettie.

„Omdat hulle gate in die kouse het?” lag Moeder, om hulle te pla.

„Ag nee, Ma, ek het dit nie so gemeen nie. Ek bedoel natuurlik, omdat hulle so'n lekker reis gehad het.”

„Ja,” sê Jan, „dit mag hulle ook wees. Ons het regtig 'n heerlike vakansie gehad, en meer gesien as menige grootmens ooit in sy lewe te sien kry. Ek voel baie dankbaar, dat ek die voorreg gehad het.”

„Dan moet julle dit toon, kinders,” sê meneer Potgieter vriendelik, „deur vanjaar dubbel so hard te werk.”

„Ja, dit belowe ons vir Pa,” antwoord Willem. „Môre begin ons weer met volle stoom, en ons hou nie op voor ons dwarsdeur die standaard is nie, en fluit-fluit na die volgende een oorgaan. Wat sê jy, Jan?”

„Dis reg, jong. Dis my plan ook,” is Jan se antwoord.

50. Die beleëring van Kimberley.

„Wat vir 'n gogga is daardie?” vra klein Botterkoppie vir my een oggend, toe ons van die waens na oom Gert van Uitsig se plaas toe gaan om 'n bietjie melk te haal, en ons 'n toktokkie op die paadjie ontmoet, wat druk besig was om te toktok.

„O, dit,” sê ek, „is 'n toktokkie; hy is die posmeester van al die diere.”

„Ag Pa! hoe kan hy dan posmeester wees?”

„Wel, jy weet mos, dat die leeu die koning is van die diere, en die arend koning van die voëls, die jakkalse is die prokureurs; die sekretarisvoëls die klerke; die muishonde die aptekers, en die toktokkie is die posmeester.”

„Maar Pa, hoe kan so 'n ou goggatjie dan 'n posmeester wees?”

„O, maklik! Jy het al in die poskantoor gehoor, hoe die man daaragter die tralies sit tik-tik, tik-tik, tik, as hy 'n boodskap oor die draad stuur?”

„Ja Pa!”

„Nou ja dan, Botterkoppie, hy is nou die een, wat die boodskap stuur, die posmeester, en hy is maar altoos besig om te tik.

Een keer, baie lank gelede, toe die diere nog al die mense aangesien het vir vyande, was daar 'n leeu gevang in 'n val, gevleg soos 'n net. Geeneen van die ander diere het die ongeluk gesien nie, buiten een ou toktokkie, en hy was natuurlik nie in staat om die leeu los te laat nie. Daar lê die leeu en stoei en

brul in groot angs, want hy verwag enige minuut die man, wat die val gestel het."

„En toe, Pa, wat het hulle toe gedoen?"

„Meteens kry die toktokkie 'n idee in sy swart koppie. Hy toktok, en toktok, en tiktik daarby nog so 'n mondjievol, en sy vroutjie, daar ver weg op die veld, hoor die toktok en die toktok met die mondjievol tiktik daarby, en verstaan meteens, — want dit was mos die taal, wat hulle altoos met mekaar gepraat het, dat die leeu, hul groot koning in gevaar is, en dat hy hulp nodig het."

„Maar Pa," sê Botterkoppie weer, „hoe kon sy dan vir die leeu help?"

„Sien jy, my ou lammetjie, sy was net toevallig naby 'n mierkathuisie en een-twee-drie klop sy by die deur ,toktok, toktok'. Die kaffermierkat, — jy ken mos daardie soort met die swart gestreepte stert, — kom na die deur, en sê, ja, sy baas is tuis, en ,wil ou nooi nie 'n bietjie in die voorhuis kom sit nie?"

Al die tyd steun die leeu nog in groot angs, en die grond die dreun somar, soos die toktokkie daar vra vir hulp met sy toktok en toktok en 'n mondjievol tiktik daarby. So antwoord die ou tante toktokkie: ,nee, daar's nie tyd nie! Die jong moet vir sy baas sê, daar's groot onraad, en hy moet nie versuim nie.'

Oubaas mierkat, 'n rooie met 'n mooi groot stert, hoor die gesprek uit die kombuis, waar hy gesit en rook het, en sonder om eers sy baadjie aan te trek, kom hy meteens, en hulle hardloop saam oor die veld na die val toe.

Dit het nie lank geduur voor die mierkat die tou

van die net stukkend gebyt het nie, want jy weet dat 'n mierkat se tande vreeslik skerp is, en die leeu is daar uit, voor die man vir hom kom soek het.

Dis te verstaan, dat hy baie bly was oor die verlossing, en hy sê vir toktokkie: „Ek stel jou en jou nageslag aan tot posmeesters vir die hele diereryk,” en vir mierkat sê hy: „Jy kan van nou af op jou agterpote staan soos 'n man,” en dit is daarom, dat jy tot vandag die mierkatte op hul agterpote sien staan.”

„Pa, en kan Pa dan verstaan wat die toktokkie sê?”

Terwyl ons daar gestaan en praat het oor die toktokkie, het oom Gert, die eienaar van die plaas, en neef Jan by ons twee aangesluit, en neef Jan sê:

„Man, hoe kan jy nou die soort kaf aan die arme kind verkoop? Die insek is een van die *psammodes*, nie 'n 'toktokkie' nie, en daar is maar een teken wat hy maak, en buitendien.....”

„Wag 'n bietjie,” val toe oom Gert vir hom in die rede, „dit mag miskien kaf wees, maar het jy nooit gehoor, waarom ons vir Kimberley in die Groot Oorlog nie geneem het nie? Julle sal seker sê, dis omdat die verdediging van die dorp te sterk was, maar dis glad nie so nie; dit was net oor die valstande, wat een van ons burgers, Klaas van Dyk, gedra het.”

„Valstande?” vra ek. „Maar oom Gert, hoe kry jy dit reg?”

„Wag, kêrels, ek sal die hele ding vir julle uitleë,” en hy vertel verder, „Piet van der Merwe en sy broer Jan was voor die oorlog in die posdiens van die Vrystaat, en hulle was twee van die beste telegrafiste, wat ooit die drade laat smelt het van die snelheid,

waarmee hulle boodskappe gesein het. Piet," sê oom Gert, terwyl ons huis se kant toe staan, „had 'n meisie in Kimberley, waarna hy gevry het. Toe die oorlog uitbreek, was hy daar vasekeer, en omdat hy 'n burger van die Vrystaat was, was hy daar meteens geïnterneer as krygsgevangene, terwyl sy broer Jan buite by die beleërende magte was.

Piet het baie dingetjies afgeluister van die Britse offisiere, want hulle het natuurlik gemeen, dat hy nie die nuus aan sy vrinde kon gee nie, en dat dit dus onnodig was om in sy teenwoordigheid te swyg; maar Piet het dit baie gevoel, dat hy nie al sy kennis aan sy medeburgers bekend kon maak nie.

Eendag in sy ellende, sien hy 'n toktokkie, en eensklaps trek daar 'n straal lig deur sy bedroefdheid. Op een of ander manier het hy gou omtrent 'n vyftig of sestig van die diertjies bymekaar gemaak, en hy begin hulle leer. Nie te lank nie, of hulle sou enige tik-tak-tok-tuk, wat hy op sy tafeltjie maak, suiwer namaak, en ook aan mekaar herhaal. Toe het hy vir hulle geleer om elke aand posiesies in te neem tussen die plek, waar hy geïnterneer was, en die Boerelaer; en dus, terwyl hy in sy kamertjie sit, sein hy met sy vingers op die tafelblad, „tik-tak tikkerrik tik-tik.... Jan! Jan! Dis Piet.... tik-tak tikkerrik tik-tik.... Jan! Jan! Dis Piet,' gaan die boodskap ver oor die veld op die ry toktokkies:...., tik-tak tikkerrik tik-tik.... Jan! Jan! Dis Piet!'

Aand vir aand het hulle dit probeer, en elke nag keer hulle onverrichter sake terug na Piet se kamertjie. Maar een aand hoor Piet daar in daardie selfde

kamertjie 'n klank wat hy byna nie eers kon glo nie. . . . ,tikkerriktik-tik tak tokkertaktik. . . . Piet, hier is Jan.' Die twee broers het die aand lekker gesels, en Piet het baie geklik van wat hy gehoor het. Al die besonderhede vergeet ek nou, maar ek weet hulle het wekelank aan mekaar gesein, totdat Piet eendag iets uitgevind het, wat vir die Boere van groot belang en waarde sou wees. Ja, die ding was so groot, dat as die Boere dit nog die aand kon gehoor het, sou hulle bes molik maklik vir Kimberley kon ingeneem het. Piet kan skaars wag, tot dit donker is om te begin sein.

Mooi het die toktokkies hulle weer uitgesprei op die lyn soos hulle geleer was, en Piet sein hoe en waar, wat en wanneer, en 'alles in verband met die Britse magte. Tik-tak-tok-tuk gaan die boodskap agtermekaar deur tot op 'n sekere punt; maar die toktokkielelyn het die aand te dig aan die brandwag gelê, met ander woorde, te na aan Klaas van Dyk. Die aand was koud, en die ou se valstande slaan vreeslik teenmekaar soos hy daar op die grond van die koue sit en bibber."

„Ek kan nog nie sien," sê neef Jan, „wat die valstande met die toktokkies te doen het nie."

Oom Gert, met 'n groot oop hand veeg sy snor en baard gelyk, en gaan voort:

„Moenie so ongeduldig wees nie! . . . Die arme toktokkie, wat daar by hom was, het die gekletter moes aanhoor, en het dit natuurlik probeer sein deurmekaar met die egte boodskap. Dit was onmolik! Die boodskap het nooit vir Jan bereik nie, die aanval het nooit plaasgevind nie, en Kimberley was veilig. Maar daardie aand met hul terugkoms was daar een toktokkie kort!

Na die oorlog omtrent 'n drie jaar later, kom Piet en ek weer op Kimberley uit, en Piet sê: „Man, ek bekommer my al vir die laaste twee jaar oor daardie toktokkie, wat die aand daar weggeraak het; kom ons gaan hom soek!”

En ja! so wragtie waar, daar kry ons 'n toktokkie buite op die veld in 'n diep sloot. 'n Mens kon sien, hoe hard hy die aand moes gewerk het met sy stampstampertjie! So hard, dat hy 'n gat ses voet diep in die grond gemaak het, en daar, duidelik vir die hele wêreld, was die sloot, wat deur sy trane gespoel was, toe hy gesien het, dat hy sy plig nie kon verrig nie!

Met droewige harte het ons sy oorblyfsels na die hospitaal toe geneem, en die dokter het gesê, dat die arme diertjie aan 'n gebroke hart gesterwe het.

Die agtermiddag was die swart lykie, gedek met 'n klein Vrystaatse syvlag, tot sy ewige slaap in die grond gelê!”

„Oom Gert!” sê neef Jan, „ek het al baie boeke gelees oor goggas en entomologie, maar van so iets het ek nog nooit gehoor nie! Oom moet dit weer asseblief vir my stadig herhaal, dat ek dit suiwer kan boekstaaf;” en terwyl Botterkoppie en ek die melk by die ou Tante gaan haal het, het neef Jan op die stoep gesit en die laaste puntjie van die staaltjie opgeskrywe.

Met die teruggaan sê ek ewe onskuldig: „Neef Jan, ek het gemeen jy gaan vir die Boere leer, nie hulle vir jou nie.”

R. VAN REENEN. — *Die Agterstevoortrekkers.*
De Nationale Pers, Kaapstad.

51. 'n Vakansie in die veld.

Vir dae en weke lank het ek al net sleg gevoel, sonder die minste lus om my werk te doen. By die geringste inspanning het ek so moeg en afgemat gevoel, dat ek slegs met die grootste moeite die mees nodige werk kon verrig. So kon dit darem nie langer gaan nie, en ek moes maar besluit om 'n dokter te raadpleeg.

Toe die dokter kom, het hy my pols gevoel, op my bors geklop, my hart ondersoek, my gesê om my tong uit te steek, en my 'n menigte vrae gevra. Ek het gewonder, wat die resultaat sou wees van die langdurige ondersoek, en net onrustig die dokter se oordeel afgewag.

„Jy makeer eintlik niks nie,” sê die geneesheer, nadat hy nog 'n keer na my oë ook gekyk het, — „jy ly net aan oorspanning van die senuwees. Jy het in die laaste tyd te veel gewerk, en te min liggaams-oefening gehad. Daar is maar één middel, wat jou kan genees, en dit is rus en baie beweging in die buitelug. Die beste plan sal wees, dat jy met die vakansie gaan uitkamp in die Kloof, of dat jy strand-toe gaan.”

„In die Kloof gaan uitkamp?” roep ek uit. „Vyf weke lank in 'n tent boer, en niks doen nie! Maar dokter, geen mens sal dit kan uithou nie.”

„Het jy dit al ooit probeer?” vra die dokter, terwyl 'n ondeunde laggie om sy mond speel, „ek is seker, dat dit jou goed sal beval, en dat dit jou nie

in die minste sal verveel nie. Van die ope, vrye natuur word 'n mens nie somar moeg nie."

Die aand aan tafel het ons natuurlik oor niks anders gepraat as oor uitkamp in die Kloof nie.

My vrou het honderd-en-een besware gemaak. Hoe ons dit moet bework om kos te kook, as dit reent; waar ons vleis en brood, groente en vrugte moes kry; of ons dan op die grond moes slaap en..... daar was geen end aan al die moeilikhede nie. Die kinders was almal hart en siel voor die plan. Hulle het daar geen moeilikheid in gesien nie, maar vir alles raad geweet.

„Ons sal elke môre dorp-toe gaan, Ma," sê een van hulle, „en alles gaan haal wat nodig is."

„Pa moet net 'n ossewa huur, om ons beddens en katels op te laai, en dan neem ons alles saam wat nodig is," voeg 'n andereen daarby.

„En tant Sannie sal seker haar parafienstofie vir ons leen om die kos op te kook, as dit reent," sê 'n derde.

„Ag toe, Ma! laat ons tog maar gaan uitkamp. Dit sal alte lekker wees."

Die kinders het so aangehou met mooipraat, en hul hulpvaardigheid was so groot, dat Moeder maar toegegee het. Die volgende dag het ek gaan probeer om 'n tent te huur. Ek was nogal gelukkig, en het 'n tent gekry „soos 'n paleis". Dit is tenminste wat die drywer gesê het, toe hy 'n paar dae later weer daar kom met my broer en sy seuntjie, en ons nuwe verblyfplaas daar sien.

Net toe die vakansie aanbreek, het ons trek begin.

Vroeg die môre was die ossewa voor die deur. Alles wat nodig kon wees het ons opgelaai: matrasse, katels, stoele, 'n paar ou tapyte, 'n hele kis breekgoed, 'n groot trommel met kos, emmers, potte en panne, — dit het gelyk of ons verhuis.

Nadat alles opgelaai was, het ons almal op die wa geklim om ons te verbeel, dat ons nou regtig trek, — al was dit dan maar net vir 'n halfuur! En toe die wa begin loop, het die kinders se fantasie ook begin werk.

„Nou is ek Hendrik Potgieter!” roep een uit. „En ek is Gert Maritz,” voeg 'n ander daarby. „Sou die Voortrekkers ook so gereis het?” vra 'n derde.

„Nee, ek glo nie,” is my antwoord. „Vereers het ons wa geen tent nie, soos die Voortrekkers se waens gehad het. Dan het ons glo ook nie 'n vaatjie kruut en 'n paar ou Sannas nie. Ons het geen rede om oor slegte paaie te kla nie, en hoef ook nie 'n byl te gebruik om vir ons 'n pad deur bosse en bome te kap nie. As ons weer tuis kom, sal ek vir julle voorlees, wat Elizabeth Steenekamp vertel van die Groot Trek; dan sal julle sien, dat dit darem waarlik nie 'n piekniek was nie.”

Omtrent twaalfuur het ons in die Kloof aangekom, die osse uitgespan en begin aflaai. Ons het 'n pragtige plek uitgesoek onder 'n paar groot doringbome, wat net ver genoeg vanmekaar gestaan het, om ons tent daaronder op te slaan.

Dit het darem nie so maklik gegaan nie. Ons moes eers die tent mooi gelyk uitsprei, die nok inmekaar sit, en op die regte plek neerlê; toe die drie groot



pale daarin steek, en die ander helfte van die seil daaroor span. Daarna het ons die stormlyne bo aan die pale vasgemaak, en met ag man getrek so al wat ons kan, om die gewig van die tent omhoog te kry. Daar staan dit toe eindelik, maar waggel nog heen en weer soos 'n dronk man.

„Maak die lyn daar aan die boom vas!” roep iemand van hierdie kant af. „Outa, slaan 'n pen daar in die grond, maar goed diep, hoor, en maak die stormlyn daaraan vas,” klink dit weer anderkant.

„Kinders, sit nou die pale eenkant onder.”

Almal is ewe hard aan die gang. Binne 'n uur se tyd is die tent opgesit, die penne almal ingeslaan, die lyne vasgemaak, en 'n voor gegrawe om die stormwater af te keer.

Voor donker was ons tydelike woning al in orde; eers 'n slaapkamer vir onself en die twee jongste kinders, toe 'n slaapkamer vir die ouer seuns en die kuiergaste, en eindelik nog 'n sitkamer op die koop toe. Dit het daar regtig net gesellig uitgesien. „Dit lyk net soos 'n huis,” sê die kinders.

Ruimte was daar genoeg, as die tent nou maar net goed dig was. Een sê ja, hy glo dit seker; 'n andereen twyfel hard daaraan; ek was self nie alte seker daarvan nie. Daar was 'n paar donker plekke in die seil, wat ek nie vertrou het nie. My twyfel het darem nie lank geduur nie. Dieselfde aand nog het ons 'n klein buitjie reën gekry, en wonder bo wonder, die tent was darem goed dig.

Ons het die eerste nag nie alte goed geslaap nie. Die vreemde omgewing, die ongewone geluide, wat nou en dan die amper hinderlike stilte verbreek, het ons 'n hele tyd lank wakker gehou. Maar eindelik het die slaap gekom, en was die son die anderdagmôre al 'n entjie bokant die koppies, voor ons weer wakker geword het.

Dit was 'n pragtige môre, die begin van 'n heerlike dag, wat ryk was aan allerhande soorte van werkies en afwisseling. Ons het tentpenne kortgekom, en ons moes mikke gaan kap om daarvoor te gebruik. Party plekke moes nuwe lyne aangesit word. Ons het hout bymekaar gemaak en droë mis opgetel om mee vuur te maak. Ons was nog van plan om 'n oond te maak, waar Moeder af en toe vir ons koek in kon bak.

Die hele dag was ek en die seuns besig om ons

tydelike verblyf so gerieflik moontlik in te rig. Doodmoeg, wou ons maar vroeg gaan slaap, toe dit blyk dat daar vereers van gaan slaap geen sprake kon wees nie. In die oostekant het 'n wolk verskyn, so groot soos 'n man se hand. En stadigaan begin die lug, so op die horison langs, donker te word.

Duidelik is die koppies nog teen die donker agtergrond te sien. Met ongelooflike snelheid brei die dik wolkbank aan die oostekant hom verder uit. In die westekant word die lug ook so dreierend donkerblou. Dit was geheimsinnig stil, maar 'n mens kon sien hoe die grou-swart wolke daar bo in die verskillende lugstrome mekaar met dolle vaart stormjaag, soos twee vyandelike leërs. As hulle teen mekaar moes loop, sou die botsing vreeslik wees.

In die verte skiet alreeds een bliksemstraal na die ander in eidelose vertakking deur die lug, of daal met 'n sigsaglyn na die aarde. Dof rommel die donder. Na 'n oomblik van drukkende, dreierende stilte begin enkele groot druppels te val, voorbodes van die naderende storm. Dan 'n kort, woeste windvlaag. Die tentseil klap, of dit 'n onheil voorspel. Die lyne begin styf te span. Ek kyk rond en ondersoek of alles behoorlik vas is. Die kinders word bang en kruip angstig teen Moeder aan, of trek hul kop met die kombers toe. In die verte hoor ons al, hoe die reën druis; die gedruis word sterker en kom nader en nader. Die druppels val, eers stadig, en dan harder en harder, met toenemende krag. Die gekletter word altyd groter. Ons wil met mekaar praat, maar dit is onmoontlik; die geraas is vir ons te erg. Groot haelkorrels klets

met geweld op die tent, slaan al die blare van die bome af, en breek die dun, dor takkies. En onder dit alles flits die weerlig onophoudelik, verlig vir een sekonde die donkerste hoekies van die tent, om dadelik weer deur harde donderslae gevolg te word, dat die berge rondom so antwoord gee.

Daar flits weer 'n bliksemstraal — en byna oombliklik daarop 'n krakende donderslag! Ons kyk mekaar angstig aan. Dit was baie naby! Maar ons het gelukkig gespaar gebly. Omtrent twintig tree van ons tent af het die weerlig 'n boom getref, en hom van bo tot onder gekloof. Nog 'n paar harde slae, en die bui trek langsaam verby. Die gedreun van die donderweer gaan verder en word swakker. Dit het gelyk, of die weer nou oor was, maar dit was net vir 'n kort tydjie. Ons het skaars tyd gehad om 'n bietjie asem te skep, toe kom dit weer op, begin met nuwe krag, en draai nog 'n keer daar rond tussen die berge, totdat die storm eindelijk uitgewoed is. Die reën hou op, en 'n halfuur later maak die maan sy verskyning bokant die rantjies in die oostekant, en blink en skitter die sterre weer in al hul prag aan 'n wolklose firmament.

So ongemerk het die kleintjies al aan slaap geraak. Die ouer kinders het eers nog met ons saam na buite toe gegaan om Gods grootheid in die vrye, frisse natuur te bewonder.

So 'n geweldige onweer het ons gelukkig nie weer gekry nie; nou en dan 'n goeie bui reën, wat alles opfris, — maar vir die res was die weer tog alte pragtig, en het ons almal baie geniet van die verblyf in die ope lug.


Daar was geen sprake van verveling nie. Daarin was die dokter reg: niemand verveel hom in die vrye natuur nie. En toe ons weerskante nog 'n paar bure by kry, het dit baie gesellig geword daar in die Kloof.

Nuwejaarsdag was nog die lekkerste van almal, want toe het ons watersports gehou in die dam. Vroeg in die môre was dit al 'n gewoel. Daar was 'n heen en weer gery van motors, waens en karre, sonder end.

Net waar 'n plekkie koelte is onder 'n boom, sien 'n mens komberse oopgesprei, en 'n spierwit tafellaken met 'n vrolike klompie mense daar rondom. Die middag was daar seker 'n duisend mense in die Kloof. Weerskante van die dam sit die koppies vol toeskouers; dit was 'n pragtige gesig, al die ligte-kleur somer-tabberdjies teen die donker agtergrond van die bruin rotsblokke en die frisse groen bome.

Daar lui die klok eindelijk. Die duikwedstryd sal nou begin. 'n Klompie sterk jongkêrels in hul baaiklere, gaan staan op 'n ry voor die duikplank. Nommer een word opgeroep. Hy tree met 'n veerkragtige stap tot voor op die punt van die plank, wat buig onder sy gewig, steek sy hande vooruit en duik soos 'n pyl in die water. Hy verdwyn dadelik in die diepte, maar kom na 'n paar sekondes weer boontoe.

In gereelde volgorde kom die ander duikers agter hom aan. Sommige van hulle spring ewe lomp af, en blaas dat die skuim so staan, as hulle weer opkom; ander duik so bevallig soos 'n swaan, of so rats en vinnig soos 'n groen padda. Die kinders word nie moeg om na die aantreklike skouspel te sit en kyk nie.



Watersports in die dam.

Kort-kort weerklink die berge soos die menigte hul hande klap, as iemand 'n mooi duiktoer uithaal.

Daar het nie veel twyfel bestaan oor wie die prys moes kry nie. Nommer drie munt bokant almal uit deur die sierlikheid van sy bewegings, en ook omdat hy die langste onder die water kan bly, en weer die mooiste na boontoe kom.

Toe almal klaar geduik het, moes hulle weer kom swem. Die swimmers staan ook in 'n lang ry. 'n Pistool word afgeskiet, en almal spring gelyk in. Die water het so hoog opgespat, dat ons eers nie 'n enkele persoon kon herken nie. Maar hul koppe kom gou weer te voorskyn, en nou sien ons niks anders as 'n aantal gespierde arms, wat om die beurt bokant

die water uitsteek, en dan vinnig verdwyn om dadelik daarna weer 'n ent verder te voorskyn te kom; bene wat met ongewone snelheid opgetrek en weer uitgestrek word, en met elke haal die swemmer 'n goeie ent vorentoe stoot.

„Willie, roer jou! Swem, man, swem! Jy gaan wen!” klink dit langs die kant van die water.

„Komaan Japie, trap vas! Willie sal netnou ingee!” roep die ander weer.

Willie haal nou harder as ooit, maar dit lyk, of hy altyd swakker word.

„Japie gaan wen, Japie is die man! Hou net aan, Japie!” skree 'n klompie toeskouers, wat amper nie op die wal kan bly staan nie. Japie swem egaal; hy is nog ver van flou af. Hy doen sy uiterste bes en kom langs Willie; met 'n paar lang hale gly hy by hom verby, en bereik sodoende eerste die wenplek.

„Hoerê, hoerê!” dreun dit. „Veels geluk, Japie!” Japie hang sy reënjas om, en heeltemal omring deur sy bewonderaars, stap hy soos 'n held na die badhuisie toe om sy klere te gaan aantrek.

Die laaste nommer op die program was 'n voetbal-speletjie in die water. Honderde toeskouers verdring mekaar op die kant van die dam, om die snaakse voetbal-wedstryd van naby te beskou. Die spelers slinger daar rond in die water, en probeer om die bal te gryp of aan te gee, maar verloor hom elke keer, terwyl hulle sukkel om deur die water te kom, of deurdat 'n teenstander te rats is, en die ander met bal en al onder die water druk. Die bal het geen

minuut tyd gekry om te rus nie, maar bo-oor hul koppe gevlie, op die water heen en weer gedobber, of vorentoe geskiet, elke keer as die een of ander swemmer 'n vergeefse poging doen om hom te gryp.

Die nuuskierige publiek volg elke beweging met die grootste belangstelling; hulle verkeer in die hoogste spanning, as 'n speler 'n kragtige poging maak om die doel te bereik, en bars dan weer hard uit van die lag oor 'n onverwagte mislukking.

Eindelik was die wedstryd dan afgelopen. Die dorp se span het gewen.

Die son was al onder, en die skemering het al oor die berge en klowe neergedaal, toe ons eindelijk weer ons tent opsoek, om na 'n eenvoudige maaltyd te gaan slaap.

Ons het nog omtrent drie weke in die Kloof gebly, maar so 'n gesellige dag het ons nie weer gehad nie. Die vakansie het ook glad te gou omgegaan na ons sin. Nou roep die skool en die gereelde arbeid al weer. Gesterk na liggaam en gees het ons een dag voor die skool sou heropen, teruggegaan huis-toe, met 'n gevoel van dankbaarheid vir die heerlike rustyd en ons kostelike vakansie in die veld.

52. Die Vroutjie van Stavoren.¹⁾

Stavoren in Friesland is 'n stadjie aan die Suidersee, die baai wat diep in Holland inskiet en wat die Hollanders nou besig is om droog te maak. Vergeleke by die groot stede van teenswoordig is dit maar 'n klein plekkie; maar in die Middeleeue was die stede oor die algemeen baie kleiner as in ons tyd, en so was Stavoren vir daardie tyd 'n stad van betekenis, veral deur sy koophandel. Sy hawe het altyd gewemel van skepe wat uit alle windstreke kosbare ware aanbring of ook goedere inlaai om na ander lande te vervoer. Die vernaamste bron van welvaart vir die stad was die koringhandel met Rusland.

Daar was in Stavoren dan ook baie ryk koopliede, wat in pragtige paleise woon, waar alles skitter en blink van marmer en goud; ja daar word selfs vertel dat party van hul huise se deurknoppe van goud was. Die rykste van algar was 'n sekere weduwee wat tot op die huidige dag onthou word as die „Vroutjie van Stavoren”. Haar huis was die weelderigste van algar, en verweg die meeste skepe wat hul kosbare lading in die hawe bring, was van haar. Ook het sy nie min van haarself gedink nie en 'n houding aangeneem asof die hele wêreld voor haar moes buk.

Nou kom eendag een van haar skepe uit die Oos-See terug met 'n groot lading koring. Toe die kaptein hom by haar aanmeld, kom sy om die koring te sien. Die graan was egter nie so mooi as wat sy verwag

¹⁾ Spr. uit: Staweren.

het nie, en daaroor word sy somar meteens verskriklik kwaad. Die kaptein verseker haar dat hy die beste koring gebring het wat daar was, maar sy wou sy verontskuldiging nie aanneem nie. Sulke koring, verklaar sy, wil sy nie in haar pakhuise ontvang nie; en toe die kaptein daarop vra wat hy dan daarmee moet doen, vra sy:

„Aan watter kant het jy dit ingelaai?”

„Aan stuurboord,” sê hy.

„Nou ja, dan gooi jy dit hier buite die hawe aan bakboord in see,” beveel sy hom.

Die kaptein protesteer dat dit tog sonde is om sulke kostelike graan so nutteloos weg te gooi, maar sy bly by haar bevel. Toe wys die kaptein op die skade wat sy daardeur sal ly, maar sy antwoord dat sy ryk genoeg is en dat die bietjie skade vir haar niks beteken nie. Daarop waag die kaptein dit om haar onder die oog te bring dat rykdom verganklik is en dat sy nog wel eendag arm kan word. Maar die hoogmoedige vrou trek 'n pragtige ring met kosbare diamante van haar vinger en gooi dit in die see, met die woorde:

„Net so min as ek daardie ring sal weersien, net so min sal ek arm word.”

Daarmee gaan sy huis-toe en die kaptein was wel verplig om te doen wat sy gesê het.

Maar God laat Hom nie bespot nie; Hy sou wys dat Hy dié verneder wat in hoogmoed wandel, soos Hy ook eenmaal met Nebukadnesar gedoen het. 'n Tydjie na daardie roekelose daad het sy eendag lus vir vis en stuur haar diensbode na die mark om dit te koop. Toe die meisie die vis skoonmaak kry sy tot haar

verbasing binne in hom 'n diamantring. Sy wys dit vir haar mevrou, en dié herken die ring wat sy in die see gegooi het en wat blykbaar deur die vis ingesluk was; want visse hap mos dikwels na blinkende dinge wat in die water swewe. Die dame word wit van die skrik en ontstel hewig. Dit was asof die ring vir haar 'n profesie bring van die naderende straf. En so was dit ook.

Kort daarna kry sy tyding dat 'n aantal van haar skepe, wat met 'n ryke vrag op die pad huis-toe was, in 'n sware storm vergaan het. 'n Tydjie later verneem sy dat verskeie ander skepe, wat met sout en wyn uit Portugal kom, deur seerowers buitgemaak was. En so het die een ongeluk op die ander gevolg; onder andere verniel 'n brand in 'n sekere nag haar pakhuise, waarin toe nog haar vernaamste besitting gebêre was. Na verloop van minder as 'n jaar moes haar huis en alles wat sy nog had, vir skuld verkoop word, want deur al die harde slae wat op haar neergekom het, had sy geen geld genoeg meer oor om die handelaars van wie sy goedere gekoop had, te betaal nie.

As 'n arm bedelaars moes sy op haar ou dag die medelye van ander mense inroep om nie van honger te vergaan nie, sy wat vroeër self nooit aan iemand barmhartigheid bewys het nie; en mense wat haar in die dae van haar voorspoed geken het, wys dan hul kinders op haar en vermaan hulle om tog nooit so trots en hard van hart te word as die „Vroutjie van Stavoren” nie.

Hulle sê dat later op die vlak plek buiten die hawe van Stavoren altyd 'n soort gras gegroei het wat af-

komstig sou wees van die koring wat die kaptein daar in die see moes gooi. Maar hoe dit ook al mag wees, een ding is seker, dat daardie plek tot vandag toe die naam dra van die „Vrouesand”; en as oor ’n paar jaar die Suidersee drooggemaak is, sal daardie „Vrouesand” ’n bultjie vorm wat bo die gelyk omgewing sal uitsteek en in sy naam nog die herinnering aan die legende van die „Vroutjie van Stavoren” sal bewaar.

W. A. VAN DER WESTHUYZEN: *Verdigting en Geskiedenis*.
J. H. DE BUSSY, Pretoria.

53. Trou.

Ek hou van ’n man, wat sy man kan staan;
ek hou van ’n arm, wat ’n slag kan slaan,
 ’n oog wat nie wyk,
 wat ’n bars kan kyk,
en ’n wil, wat so vas soos ’n klipsteen staan!

Vas soos ’n berg van grou graniet
op vaderlands-grond, sy hartsgebied,
 aan haar getrou
 soos aan kind en vrou,
en wat in haar ere ook syne siet.

Ek hou van ’n man, wat sy moeder eer
in die taal uit haar vrome mond geleer,
 en die bastergeslag
 in sy siel verag
wat, haar verstitend, hulself kleiner.

Die oog wil ek sien, wat 'n traan' nog ween
 vir 'n helde-geslag, in hul rus daarheen,
 maar 'n blits van trou .
 in die traan van rou,
 wat aan liefde weer gee, wat haar bron is ontleen.

Vir my d'Afrikaner van durf en daad,
 wat Mammon's eer en loon versmaad,
 sy hoof en sy hand
 vir sy volk en sy land,
 en 'n trap van sy voet vir laag verraad!

O, ek hou van 'n man, wat sy man kan staan;
 ek hou van 'n daad, wat soos donder slaan,
 'n oog wat nie wyk,
 wat 'n bars kan kyk,
 en 'n wil, wat so vas soos 'n klipsteen staan!

J. F. E. CELLIERS. — *Die Vlake.*
 Die Nasionale Pers, Bep., Kaapstad.

